   ii) Voornemende studente wat nie aan die graad 12-vereiste voldoen om vir WISN111 in te skryf nie, en ook nie die opknappingskursus bygewoon het nie, kan in die tweede studiejaar toelating tot WISN111 verkry deur in die eerste studiejaar die module in Wiskundige Tegnieke (WISN112, WISN113 of WISN123) te slaag, met dien verstande dat persone wat langs hierdie weg toelating wil kry tot programme wat andersins vir hulle ontoeganklik sou wees, in ag moet neem dat hulle moontlik nie hulle studie in die minimum tydperk sal kan afhandel nie.
   iii) ŉ Student wat Wiskundige Tegnieke (WISN112, WISN113 of WISN123) wil neem, moet óf in die graad 12-eksamen in Wiskunde ŉ punt van minstens 40% (vlak 3) of minstens 50% (vlak 4) in ŉ ander eksamen in Wiskunde behaal het wat die Senaat as gelykwaardig aan voorgenoemde ag.

L.5.4. PROGRAM MUSIEK

Die kurrikulum vir hierdie program word **slegs voltyds** aangebied.

L.5.4.1. Programuitkomste

Aan die einde van die studie is die student in staat om binne die veld van musiek, en veral ten opsigte van sy/haar spesialisasie, basiese kennis, tegnieke en beginsels suksesvol toe te pas, en mondeling en skriftelik effektief daaroor te kan kommunikeer.

L.5.4.2. Ander reëls

a) Konsertbywoning is ŉ integrale deel van die musiekopleiding aan die Noordwes-Universiteit. Derhalwe word van alle musiekstudente wat vir praktiese modules ingeskryf is, verwag om die voorgeskrewe aantal studentebyeenkomste en konserte wat in die Skool vir Musiek se amptelike konsertreekse aangebied word, <u>vir die volle duur daarvan</u> by te woon.
b) Studente wat gedurende die jaar nie die voorgeskrewe aantal studentebyeenkomste en konserte bygewoon het nie, sal nie ŉ deelnamebewys vir die betrokke praktiese module ontvang nie.
c) Vir die uitvoerende modules in hierdie program (MUSU174, MUSU274, MUSU374/6, MUSU474/6) word voldoende klasbywoning en deelname aan die praktiese lesse sowel as ‘n toepaslike ensemble vereis. Daar moet aan alle praktiese lesse, repetisies en ensemble-konserte deelgeneem word om ‘n deelnamebewys vir die betrokke module te verwerf. Selfs met geldige verskonings vir afwesigheid, na oordeel van die skooldirekteur, geld ‘n deelnamevereiste van minstes 2/3 vir eksamentoelating.

Reël mbt eerste eksamengeleentheid:

Vir al die uitvoerende modules in hierdie program moet studente vir die eerste eksamengeleentheid aanmeld. 'n Tweede eksamengeleentheid mag slegs gebruik word indien die eerste eksamengeleentheid nie geslaag is nie, of as die eerste eksamengeleentheid weens siekte of enige ander amptelike aanvaarbare verskoning nie gebruik kon word nie.

L.5.4.3. Modulelys

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
KKVU-modules: Akademiese Geletterdheid			
AGLA111	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid		12
AGLA121	Akademiese Geletterdheid	AGLA/AGLE111(40)	12
KKVU-modules: Verstaan die Wêreld			
WVCS221	Verstaan die kulturele wêreld		12
WVLS311	Estetika		12
Musiek			
MUSA221	Afrikamusiek		8
MUSA311	Afrikamusiek	MUSA221	8
MUSA321	Afrikamusiek	MUSA311(40DP)	8
MUSA411	Afrikamusiek	MUSA321	8
MUSA421	Afrikamusiek	MUSA411(40DP)	8
MUSB312	Kunstebestuur		8
MUSB322	Kunstebestuur		8
MUSC311	Musiektegnologie	MUST111,121	16
MUSC321	Musiektegnologie	MUSC311 (40DP)	16
MUSC411	Musiektegnologie	MUSC311,321	16
MUSC421	Musiektegnologie	MUSC411(40DP)	16
MUSE211	Metodiek van hoofinstrument		8
MUSE221	Metodiek van hoofinstrument	MUSE211(40DP)	8
MUSE311	Metodiek van hoofinstrument	MUSE211,221	16
MUSE321	Metodiek van hoofinstrument	MUSE311(40DP)	16
MUSE411	Metodiek van hoofinstrument	MUSE311,321	16
MUSE421	Metodiek van hoofinstrument	MUSE411(40DP)	16
MUSH171	Gehooropleiding		8
MUSH271	Gehooropleiding	MUSH171	8
MUSH371	Gehooropleiding	MUSH271	8
MUSK311	Komposisie		16
MUSK321	Komposisie		16
MUSK411	Komposisie	MUSK311,321	16
MUSK421	Komposisie	MUSK311,321	16
MUSM411	Navorsingsmetodologie	AGLA/AGLE121	8
MUSO111	Musiekopvoeding		8
MUSO211	Musiekopvoeding		8
MUSO221	Musiekopvoeding		8
MUSO311	Musiekopvoeding	MUSO111,211,221	16
MUSO321	Musiekopvoeding	MUSO111,211,221	16
MUSO411	Musiekopvoeding	MUSO311,321	16
MUSO421	Musiekopvoeding	MUSO311,321	16

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
MUSR319	Koorleiding		8
MUSR329	Koorleiding		8
MUST111	Musiekteorie	Plasingstoets L.5.2 c)	16
MUST121	Musiekteorie	MUST111(40DP)	8
MUST211	Musiekteorie	MUST111,121	16
MUST221	Musiekteorie	MUST211(40DP)	8
MUST311	Musiekteorie	MUST211,221	16
MUST321	Musiekteorie	MUST311(40DP)	16
MUST411	Musiekteorie	MUST211,221	16
MUST421	Musiekteorie	MUST411(40DP)	16
MUSU174	Musiekuitvoering	Praktiese oudisie	32
MUSU175	Musiekuitvoering (B)	Praktiese oudisie	32
MUSU274	Musiekuitvoering	MUSU174	32
MUSU374	Musiekuitvoering	MUSU274	32
MUSU375	Musiekuitvoering (B)	MUSU275	32
MUSU376	Musiekuitvoering (S)	MUSU274(75)	32
MUSU474	Musiekuitvoering	MUSU374	32
MUSU475	Musiekuitvoering (B)	MUSU375	32
MUSU476	Musiekuitvoering (S)	MUSU376	32
MUSV311	Musiekterapie		8
MUSV321	Musiekterapie		8
MUSW411	Werkstuk		12
MUSW421	Werkstuk	MUSM411 MUSW411(40DP)	16
MUSX111	Musiekwetenskap		8
MUSX121	Musiekwetenskap		8
MUSX122	Musiekwetenskap		8
MUSX211	Musiekwetenskap		8
MUSX212	Musiekwetenskap		8
MUSX221	Musiekwetenskap		8
MUSX222	Musiekwetenskap		8
MUSX311	Musiekwetenskap	MUSX111,121,122, 211,212,221,222	16
MUSX321	Musiekwetenskap	MUSX111,121,122, 211,212,221,222	8
MUSX322	Musiekwetenskap	MUSX111,121,122, 211,212,221,222	8
MUSX411	Musiekwetenskap	MUSX111,121,122, 211,212,221,222	16
MUSX421	Musiekwetenskap	MUSX111,121,122, 211,212,221,222	16
KEUSEMODULES			
Afrikaans en Nederlands			
AFLL111	Afrikaans: Taal sonder grense	L.5.3.1	12
AFLL121	Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie: die wetenskaplike proses		12
Duits			
GERM111	Duits elementêr 1	L.5.3.2	12

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
GERM121	Duits elementêr 2	GERB111(40) of GERM111(40) of gelykwaardige taal-kwalifikasie en slaag van toelatingstoets	12
English			
ENLL111	Introduction to literary genres (I)	L.5.3.3	12
ENLL121	Introduction to literary genres (II) and grammatical analysis	ENLL111	12
Frans			
FREN111	Frans vir beginners 1	L.5.3.4	12
FREN121	Frans vir beginners 2	FREB111(40) of FREN111(40)	12
Psigologie			
PSYC111	Inleiding tot Psigologie		12
PSYC121	Sosiale en gemeenskappsigologie		12
Wiskunde			
WISN111	Inleidende Algebra en Analise I	L.5.3.5	12
WISN112	Gevorderde Wiskundige Tegnieke		12
WISN113	Basiese Wiskundige Tegnieke		12
WISN121	Inleidende Algebra en Analise II	WISN111	12
WISN123	Wiskundige Tegnieke		12

L.5.4.4. Kurrikulum L416P: Musiek

L.5.4.4.1. Samestelling van kurrikulum L416P : Musiek

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
Eerste semester		**Eerste semester**		**Eerste semester**		**Eerste semester**	
Modulekode	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**
MUSH171	8	MUSE211	8	MUSH371	8	MUSM411	8
MUSO111	8	MUSH271	8	MUSU374/6	32	MUSW411	12
MUST111	16	MUSO211	8	WVLS311	12	CCCC	32
MUSU174	32	MUST211	16	BBBB	32	DDDD	16
MUSX111	8	MUSU274	32				
AAAA	12	MUSX211	8				
		MUSX212	8				
Totaal 1ste semester	**84**	**Totaal 1ste semester**	**88**	**Totaal 1ste semester**	**84**	**Totaal 1ste semester**	**68**

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
Tweede semester		**Tweede semester**		**Tweede semester**		**Tweede semester**	
Modulekode	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**
MUST121	8	MUSE221	8	MUSA221	8	MUSW421	16
MUSX121	8	MUSO221	8			CCCC	32
MUSX122	8	MUST221	8	BBBB	32	DDDD	16
AGLA121	12	MUSX221	8				
AAAA	12	MUSX222	8				
		WVCS221	12				
Totaal 2de semester	**48**	**Totaal 2de semester**	**52**	**Totaal 2de semester**	**40**	**Totaal 2de semester**	**64**
Totaal jaarvlak 1	**132**	**Totaal jaarvlak 2**	**140**	**Totaal jaarvlak 3**	**124**	**Totaal jaarvlak 4**	**132**
Krediettotaal van die kurrikulum							**528**

Reëls vir die samestelling van die kurrikulum:

AAAA: Modules uit die lys van keusemodules op vlak 1.
BBBB: Modules op vlak 3 uit die lys van musiekmodules
CCCC: Modules op vlak 4 uit die lys van musiekmodules.
DDDD: Modules op vlak 3 of 4 uit die lys van musiekmodules.

Verpligte vakkombinasies:
Indien MUSX-modules as hoofvak geneem word, moet **MUSX321,322** saam geneem word.
Saam met **MUSU376** moet **MUSE311,321** geneem word.
Saam met **MUSU476** moet **MUSE411,421** geneem word.
Saam met **MUSK411,421** moet **MUST411,421 en MUSC311**,**321** geneem word

L.5.5. EKSAMINERING

Eksaminering geskied volgens die spesifikasies soos opgeneem in Algemene Reël A.5.4 van die Universiteit.

L.6 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM (TAALTEGNOLOGIE)

Die kurrikulums vir hierdie kwalifikasie word **slegs voltyds** aangebied.

Die program BA Taaltegnologie (tans ’n vierjaargraadprogram) is met die gereedmaak van hierdie jaarboek in ’n herstruktureringsproses met die oog daarop om dit in ’n driejaargraadprogram plus ’n honneursprogram te omskep. Hierdie herstrukturering is afhanklik van goedkeuring deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. Volgens beplanning sal die huidige kurrikulums omskep word in ‘n BSc met Taaltegnologie en Rekenaarwetenskap as hoofvakke (L425P) en ‘n BA met Taaltegnologie en ‘n taalhoofvak (L426P). Studente word aangeraai om vir hierdie program te registreer nadat die herstrukturering afgehandel is.

L.6.1. DUUR

Die minimum duur van studie vir hierdie kwalifikasie is vier jaar en die maksimum duur is vyf jaar.

L.6.2. SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES VAN DIE KWALIFIKASIE EN PROGRAM

Benewens die vereistes in Algemene Reël A.2.2 van die Universiteit gestel, geld die volgende toelatingsvereistes:

a) ’n APS van minstens 24;
b) Wiskunde in graad 12 geslaag met minstens 50%
   of
c) Wiskunde met 60% geslaag in ’n ander eksamen wat die Senaat as gelykwaardig aan bogenoemde ag en minstens een van die volgende vakke met minstens 50% in graad 12 geslaag: Inligtingstegnologie; Rekeningkunde; Fisiese Wetenskappe.

L.6.3. SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES MET BETREKKING TOT VAKKE EN MODULES

L.6.3.1. Afrikaans en Nederlands

a) Vir toelating tot Afrikaans: Taal sonder grense (AFLL111) en Afrikaanse en Nederlandse Taal- en Literatuurstudie (AFLL121) word minstens ’n vlak 4 in Afrikaans as huistaal of ’n vlak 5 in Afrikaans as eerste addisionele taal vir graad 12 vereis.
b) Die aanbied van die elektiewe modules AFNE211, AFNE212 en AFNE213 in ’n gegewe jaar kan beïnvloed word deur die aantal studente wat vir die module registreer asook navorsingsverpligtinge en verlofreëlings van dosente. Ekstra werk in Nederlands tot die bevrediging van die vakgroep kan van hierdie studente geverg word.
c) Studente wat aan die toelatingsvereistes vir AFLL111 en AFLL121 voldoen, maar tog kommunikasieprobleme ondervind, word verwys na die Voorsitter van die Vakgroep Afrikaans en Nederlands

L.6.3.2. Duits

a) GERM111 en GERB111 is beginnerskursusse. Geen voorafkennis van Duits word vereis om vir die modules te registreer nie, maar studente moet wel oor ŉ matrikulasie-vrystellingsertifikaat beskik.
b) Studente wat Duits op matriek-vlak geslaag het met ŉ finale punt van 65% of hoër of wat ŉ sertifikaat gelykstaande aan vlak A2 van die Gemeenskaplike Europese Verwysingsraamwerk vir Tale by ŉ geakkrediteerde instelling verwerf het, mag nie vir GERM111/121 of GERB11/121 registreer nie. Hulle mag vir GERM211/221 registreer. Indien hierdie kwalifikasie meer as twee jaar voor registrasie vir Duits verwerf is, word dit vereis dat ŉ student ŉ toelatingstoets aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of ŉ student toegelaat sal word tot GERM111/121 of GERM211/221. Uitsonderings kan onder buitengewone omstandighede gemaak word nadat daar met die vakvoorsitter gekonsulteer is.
c) Studente wat voorafkennis van Duits het, maar wat geen amptelike bewys van vaardighede het nie, sal ŉ toelatingstoets moet aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of ŉ student toegelaat sal word tot GERM111/121, GERB111/121 of GERM211/221.
d) Die krediete van modules waarvoor ŉ student vrystelling gekry het, sal nie toegeken word nie.
e) Studente wat GERM111/121 suksesvol voltooi het, sal toegelaat word om vir GERM211/221 te registreer.
f) Krediete kan nie vir beide GERM111,121 enGERB111,121 verwerf word nie.

L.6.3.3. English

a) ENLS111 (practical module): It is strongly recommended that students with a matriculation result below 60% in English as a second language (L2), or a result below 50% in English as a first language (L1) should register for this module.
b) ENLL111 (academic module): It is strongly recommended that students with a matriculation result of 60% or more in English as a second language (L2), or a result of 50% or more in English as first language (L1) should register for this module.
c) Students who are registered for the academic modules are required to report for supplementary reading evaluations in the reading laboratory. Students who have not achieved the required skills level will have to follow supplementary reading programmes.

L.6.3.4. Frans

a) FREN111 en FREB111 is beginnerskursusse. Geen voorafkennis van Frans word vereis om vir die modules te registreer nie, maar studente moet wel oor ŉ matrikulasie-vrystellingsertifikaat beskik.
b) Studente wat Frans op matriek-vlak geslaag het met ŉ finale punt van 65% of hoër of wat ŉ sertifikaat gelykstaande aan vlak A2 van die Gemeenskaplike Europese Verwysingsraamwerk vir Tale by ŉ geakkrediteerde instelling verwerf het, mag nie vir FREN111/121 of FREB111/121 registreer nie. Hulle mag vir FREN211/221 registreer. Indien hierdie kwalifikasie meer as twee jaar voor registrasie vir Frans verwerf is, word dit vereis dat ŉ student ŉ toelatingstoets aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of ŉ student toegelaat sal word tot FREN111/121 of FREN211/221. Uitsonderings kan onder buitengewone omstandighede gemaak word nadat daar met die vakvoorsitter gekonsulteer is.

c) Studente wat voorafkennis van Frans het, maar wat geen amptelike bewys van vaardighede het nie, sal 'n toelatingstoets moet aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot FREN111/121, FREB111,121 of FREN211/221.
d) Die krediete van modules waarvoor 'n student vrystelling gekry het, sal nie toegeken word nie.
e) Studente wat FREB111/121 suksesvol voltooi het, sal toegelaat word om vir FREN211/221 te registreer.
f) Krediete kan nie vir beide FREN111,121 en FREB111,121 verwerf word nie.

L.6.3.5. Setswana

Studente wat 'n Sothotaal soos Setswana, Suid-Sotho (Sesotho) of Noord-Sotho (Sepedi) as huistaal in die graad 12-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalkursusse van Setswana (ATSN111, ATSN121) inskryf nie.

L.6.3.6. Taaltegnologie

Die volgende reëls geld ten opsigte van TTEG411:
i) Vir toelating tot TTEG411 moet alle voorgeskrewe, keuse- en addisionele keusemodules van die eerste, tweede en derde vlakke suksesvol afgehandel wees.
ii) Die internskap moet gedoen word aan 'n instelling wat goedgekeur is deur die Skool vir Tale en CTexT, onder leiding van 'n internskapbegeleier wat deur die Skool vir Tale en CTexT goedgekeur is.
iii) Die internskap duur 'n minimum van 640 werksure (ongeveer vier (4) maande). Die volle werksure hoef nie noodwendig by een instelling afgehandel te word nie, maar kan by meerdere goedgekeurde instellings voltooi word. Die internskap kan in die binneland of buiteland gevolg word.
iv) Hoewel die Skool vir Tale en CTexT behulpsaam sal wees in die vind van geskikte internskappe, berus die finale verantwoordelikheid by die student.
v) In beginsel is daar geen finansiële vergoeding vir die internskap nie en studente verrig die werk op eie onkoste. Daar is egter geen beswaar indien die student wel vergoed word vir dienste gelewer nie.

L.6.3.7. Wiskunde

a) 'n Student wat enige module in Wiskunde wil volg, uitgesonderd Wiskundige Tegnieke (WISN112, WISN113 of WISN123), moet in die graad 12-eksamen in Wiskunde 'n punt van minstens 50% (vlak 4) of minstens 60% (vlak 5) in 'n ander eksamen in Wiskunde wat die Senaat as gelykwaardig aan bogenoemde ag, behaal het.
b) Opmerkings:
   i) Studente wat nie hieraan voldoen nie, maar in Wiskunde wel 'n punt van minstens 40% (vlak 3) of minstens 50% (vlak 4) in 'n ander eksamen in Wiskunde wat die Senaat as gelykwaardig aan bogenoemde ag, behaal het, word toegelaat tot 'n opknappingskursus in Wiskunde wat in Januarie deur die Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe aangebied word. Indien sodanige studente voldoende presteer in die toetse wat tydens hierdie kursus afgeneem word, kan hulle in aanmerking kom vir toelating tot studie in Wiskundemodules.

ii) Voornemende studente wat nie aan die graad 12-vereiste voldoen om vir WISN111 in te skryf nie, en ook nie die opknappingskursus bygewoon het nie, kan in die tweede studiejaar toelating tot WISN111 verkry deur in die eerste studiejaar die module in Wiskundige Tegnieke (WISN112, WISN113 of WISN123) te slaag, met dien verstande dat persone wat langs hierdie weg toelating wil kry tot programme wat andersins vir hulle ontoeganklik sou wees, in ag moet neem dat hulle moontlik nie hulle studie in die minimum tydperk sal kan afhandel nie.

iii) 'n Student wat Wiskundige Tegnieke (WISN112, WISN113 of WISN123) wil neem, moet óf in die graad 12-eksamen in Wiskunde 'n punt van minstens 40% (vlak 3) of minstens 50% (vlak 4) in 'n ander eksamen in Wiskunde behaal het wat die Senaat as gelykwaardig aan voorgenoemde ag.

L.6.4. PROGRAM TAALTEGNOLOGIE

Die kurrikulums vir hierdie program word **slegs voltyds** aangebied.

L.6.4.1. Programuitkomste

a) Studente sal oor vaardighede, kennis en waardes beskik waardeur hulle taalbronne kan skep, ontwikkel, bestuur en ontgin, taaltoepassings kan maak en in die taaltegnologie 'n beroep kan volg.
b) Studente sal die multitalige kompleksiteit van Suid-Afrika verstaan, en sal deur taaltegnologie bydra tot die bemagtiging van die volle gemeenskap.
c) Studente sal deur hulle kennis en begrip van toepaslike multidissiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes sinvol kan bydra tot die bestuur van inligting en inligtingsbronne.
d) Studente sal deur 'n diepgaande, praktykgerigte kennis en insig in die veld van Inligtingstegnologie (IT) in staat wees om IT-verwante probleme in samehang met benaderings en tegnieke van ander toepaslike dissiplines te kan oplos.
e) Studente sal die noodsaaklikheid besef om voortgesette bekwaamheid te verseker en om aan die voorpunt van die jongste tegnologie en tegnieke te bly, en in staat wees om deur die gevestigde en goed-ontwikkelde leervaardighede as lewenslange student hierby betrokke te bly.

L.6.4.2. Artikulasie

Studente wat hierdie program volg, kan ná die suksesvolle voltooiing daarvan óf vir die M.A.-program in Toegepaste Taalstudie óf Algemene Taalwetenskap registreer.

L.6.4.3. Modulelys

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
KKVU-modules: Akademiese geletterdheid			
AGLA111	Inleiding tot Akademiese geletterdheid		
AGLA121	Akademiese Geletterdheid	AGLA/AGLE111(40)	12
KKVU-modules: Verstaan die Wêreld			
WVCS221	Verstaan die kulturele wêreld		12
WVLS311	Filosofie van die taal- en letterkunde		12

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
WVNS211	Verstaan van die natuurlike wêreld (slegs kurrikulum L425P)		12
WVNS221	Wetenskap, tegnologie en die gemeenskap (slegs kurrikulum L425P)		12
Rekenaarwetenskap			
ITRW112	Inleiding tot rekenaars en programmering		12
ITRW124	Programmering I	ITRW112	12
ITRW212	Programmering II	ITRW124	16
ITRW213	Stelselontleding I	ITRW124	16
ITRW222	Datastrukture en algoritmes	ITRW212	16
ITRW225	Stelselontleding en -ontwerp II	ITRW213	16
ITRW311	Databasisse I	ITRW225	16
ITRW316	Bedryfstelsels	ITRW222	16
ITRW317	Kunsmatige intelligensie		16
ITRW321	Databasisse II	ITRW311	16
ITRW322	Rekenaarnetwerke	ITRW316	16
Statistiek			
STTN111	Beskrywende Statistiek		12
STTN121	Inleidende Statistiese Inferensie	STTN111	12
Taaltegnologie			
TTEG121	Taaltegnologie: Inleidend	L.6.3.6	12
TTEG211	Taaltegnologie: Gevorderd	TTEG121(40DP)	16
TTEG221	Sagtewareontwikkeling vir Taaltegnologietoepassings		16
TTEG311	Natuurliketaalprosessering: Inleidend	TTEG211; STTN111,121; ITRW122; WISN 111 of 113	32
TTEG321	Taaltegnologie: Toepassings	TTEG311	32
TTEG411	Taaltegnologie: Internskap	TTEG321; kyk ook L.6.3.6 (i)	64
TTEG421	Natuurliketaalprosessering: Gevorderd	TTEG311	32
TTEG422	Taaltegnologie: Projek	TTEG321	32
Toegepaste wiskunde			
TGWN122	Wiskundige modellering en vektoralgebra	WISN111	12
Wiskunde			
WISN111	Inleidende Algebra en Analise I	L.6.3.7	12
WISN113	Basiese Wiskundige Tegnieke	WISN111	12
KEUSEMODULES			
Afrikaans en Nederlands			
AFLL111	Afrikaans: Taal sonder grense	L.6.3.1	12
AFLL121	Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie: teks en konteks – die taal van tekste		12
AFLL211	Afrikaans en Nederlandse taal- en literatuurstudie	AFLL121	16

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
AFLL222	Afrikaans en Nederlands: raamwerke vir taal- en literatuurstudie	AFLL211(40)	16
AFLL311	Afrikaans en Nederlands: perspektiewe op taal- en letterkunde (1)	AFLL222	32
AFLL321	Afrikaans en Nederlands: perspektiewe op taal- en letterkunde (2)	AFLL311(40)	32
Duits			
GERB111	Sakeduits elementêr 1	L.6.3.2	12
GERB121	Sakeduits elementêr 2	GERB111(40) of GERM111(40) of gelykwaardige taal-kwalifikasie en slaag van toelatingstoets	12
GERM111	Duits elementêr 1	L.6.3.2	12
GERM121	Duits elementêr 2	GERB111(40) of GERM111(40) of gelykwaardige taal-kwalifikasie en slaag van toelatingstoets	12
GERM211	Duits intermediêr 1	GERM111,121 of GERB121,121 of gelykwaardige taal-kwalifikasie en slaag van toelatingstoets	16
GERM221	Duits intermediêr 2	GERM211(40)	16
GERM311	Duits gevorderd 1	GERM221	32
GERM321	Duits gevorderd 2	GERM311(40)	32
English			
ENLL111	Introduction to literary genres (I)	L.6.3.3	12
ENLS111	English for specific purposes	L.6.3.3	12
ENLL121	Introduction to literary genres (II) and grammatical analysis	ENLL111	12
ENLS121	Practical English for professional purposes		12
ENLL211	Development of literary genres (I) and development of grammatical complexity	ENLL121	16
ENLL221	Development of literary genres (II) and applied linguistics	ENLL211(40)	16
ENLL311	Key periods in literature, historical linguistics and stylistics	ENLL221	32
ENLL321	South Africa and the World: Postmodern and contemporary literature, sociolinguistics and advanced linguistics analysis	ENLL311(40)	32
Frans			
FREB111	Sakefrans vir beginners 1	L.6.3.4	12
FREB121	Sakefrans vir beginners 2	FREB111(40) of FREN111(40)	12
FREN111	Frans vir beginners 1	L.6.3.4	12

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
FREN121	Frans vir beginners 2	FREB111(40) of FREN111(40)	12
FREN211	Frans intermediêr 1	FREN121 of FREB121	16
FREN221	Frans intermediêr 2	FREN211(40)	16
FREN311	Frans gevorderd 1	FREN221	32
FREN321	Frans gevorderd 2	FREN311(40)	32
Setswana (eerste taal)			
SETM111	Geskiedenis van die Tswana-ortografie; kommunikasievaardighede		12
SETM121	Inleiding tot die Tswana-grammatika, morfologie en tradisionele letterkunde	SETM111(40)	12
SETM211	Tswana: Fonetiek en moderne letterkunde	SETM121	16
SETM221	Tswana: Fonologie en prosa	SETM211(40)	16
SETM311	Tswana: Sintaksis en poësie	SETM221	32
SETM322	Tswana: Morfologie en drama	SETM311(40)	32
Setswana (derde taal)			
ATSN111	Tswana: Inleidende grammatika en taalvaardigheid	L.6.3.5	12
ATSN121	Tswana: Grammatika en taalvaardigheid	ATSN111(40)	12
ATSN211	Tswana: Grammatika, fonetiek en taalvaardigheid	ATSN121	16
ATSN221	Tswana: Grammatika, tradisionele letterkunde en taalvaardigheid	ATSN211(40)	16
ATSN311	Tswana: Morfologie, sintaksis, poësie en taalvaardigheid	ATSN221	32
ATSN321	Tswana: Fonologie, prosa, drama en taalvaardigheid	ATSN311(40)	32

L.6.4.4. Kurrikulum L425P: Taaltegnologie met Rekenaarwetenskap

L.6.4.4.1. Samestelling van kurrikulum: L425P: Taaltegnologie met Rekenaarwetenskap

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester		Eerste semester	
Module-kode	Kr	Module-kode	Kr	Module-kode	Kr	Modulekode	Kr
ITRW112	12	ITRW212	16	ITRW311	16	TTEG411	64
STTN111	12	ITRW213	16	ITRW316	16		
ABCD1	24	TTEG211	16	TTEG311	32		
WISN111	12	ABCD3	16	ITRW317	16		
		WVNS211	12				
Totaal 1ste semester	**60**	**Totaal 1ste semester**	**76**	**Totaal 1ste semester**	**80**	**Totaal 1ste semester**	**64**

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
Tweede semester		**Tweede semester**		**Tweede semester**		**Tweede semester**	
Module-kode	**Kr**	**Module-kode**	**Kr**	**Module-kode**	**Kr**	**Module-kode**	**Kr**
AGLA121	12	ITRW222	16	TTEG321	32	TTEG421	32
ITRW124	12	TTEG221	16	ITRW321	16	TTEG422	32
TTEG121	12	ITRW225	16	ITRW322	16		
STTN121	12	ABCD4	16				
TGWN122	12	WVNS221	12				
ABCD2	12						
Totaal 2de semester	**72**	**Totaal 2de semester**	**76**	**Totaal 2de semester**	**64**	**Totaal 2de semester**	**64**
Totaal Jaarvlak 1	**132**	**Totaal Jaarvlak 2**	**152**	**Totaal Jaarvlak 3**	**144**	**Totaal Jaarvlak 4**	**128**
Krediettotaal vir die kurrikulum							**556**

Reëls vir samestelling van die kurrikulum:

Jaarvlak 1, eerste semester:
ABCD1: Twee van die volgende: AFLL111, GERM111, ENLL111, FREN111, ATSN111 / SETM111.

Jaarvlak 1, tweede semester:
ABCD2: Een van die volgende wat volg op die modules wat in die eerste semester as ABCD1 geneem is: AFLL121, GERM121, ENLL121, FREN121, ATSN121 / SETM121.

Jaarvlak 2, eerste semester:
ABCD3: Een van die volgende wat volg op modules wat in albei semesters van jaarvlak 1 geneem is: AFLL211, GERM211, ENLL211, FREN211, ATSN211 / SETM211.

Jaarvlak 2, tweede semester:
ABCD4: Een van die volgende wat volg op die modules wat in die eerste semester as ABCD3 geneem is: AFLL222, GERM221, ENLL221, FREN221, ATSN221 / SETM221.

L.6.4.5. Kurrikulum L426P: Taaltegnologie met 'n taalhoofvak

L.6.4.5.1. Samestelling van kurrikulum: L426P: Taaltegnologie met 'n taalhoofvak

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
Eerste semester		**Eerste semester**		**Eerste semester**		**Eerste semester**	
Module-kode	**Kr**	**Module-kode**	**Kr**	**Module-kode**	**Kr**	**Module-kode**	**Kr**
ITRW112	12	ITRW212	16	TTEG311	32	TTEG411	64
STTN111	12	TTEG211	16	ABCD6	32		
ABCD1	24	ABCD4	32	WVLS311	12		
ABCD2	12			ITRW316	16		
Totaal 1ste semester	**60**	**Totaal 1ste semester**	**64**	**Totaal 1ste semester**	**92**	**Totaal 1ste semester**	**64**

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		Jaarvlak 4	
Tweede semester		**Tweede semester**		**Tweede semester**		**Tweede semester**	
Module-kode	**Kr**	**Module-kode**	**Kr**	**Module-kode**	**Kr**	**Module-kode**	**Kr**
AGLA121	12	ITRW222	16	TTEG321	32	TTEG421	32
ITRW124	12	TTEG221	16	ABCD7	32	TTEG422	32
TTEG121	12	ABCD5	32				
STTN121	12	WVCS221	12				
ABCD3	24						
Totaal 2de semester	**72**	**Totaal 2de semester**	**76**	**Totaal 2de semester**	**64**	**Totaal 2de semester**	**64**
Totaal Jaarvlak 1	**132**	**Totaal Jaarvlak 2**	**140**	**Totaal Jaarvlak 3**	**156**	**Totaal Jaarvlak 4**	**128**
Krediettotaal vir die kurrikulum							**556**

Reëls vir die samestelling van die kurrikulum:

Jaarvlak 1, eerste semester:
ABCD1: Twee van die volgende: AFLL111, GERM111, ENLL111, FREN111.
ABCD2: Een van die volgende: WISN111, WISN113, ATSN111 / SETM111

Jaarvlak 1, tweede semester:
ABCD3: Twee van die volgende wat volg op die modules wat in die eerste semester as ABCD1 of ABCD2 geneem is: AFLL121, GERM121, ENLL121, FREN121, ATSN121 / SETM121.

Jaarvlak 2, eerste semester:
ABCD4: Twee van die volgende wat volg op modules wat in albei semesters van jaarvlak 1 geneem is: AFLL211, GERM211, ENLL211, FREN211, ATSN211 / SETM211.

Jaarvlak 2, tweede semester:
ABCD4: Twee van die volgende wat volg op die modules wat in die eerste semester as ABCD4 geneem is: AFLL222, GERM221, ENLL221, FREN221, ATSN221 / SETM221.

Jaarvlak 3, eerste semester:
ABCD6: Twee van die volgende wat volg op modules wat in albei semesters van jaarvlak 2 geneem is AFLL311, GERM311, ENLL311, FREN311, ATSN311 / SETM311.

Jaarvlak 3, tweede semester:
ABCD7: Twee van die volgende wat volg op die modules wat in die eerste semester as ABCD6 geneem is: AFLL321, GERM321, ENLL321, FREN321, ATSN321 / SETM322

L.6.5. EKSAMINERING

Eksaminering geskied volgens die spesifikasies soos opgeneem in Algemene Reël A.5.4 van die Universiteit.

L.7 REËLS VIR DIE DIPLOMA IN MUSIEK

Hierdie kwalifikasie word **slegs voltyds** aangebied en **slegs in Engels**

L.7.1. DUUR

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is **drie jaar** en die maksimum duur is **vier jaar** bereken vanaf datum van eerste registrasie vir die betrokke program.

L.7.2. SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE

Benewens die toelatingsvereistes wat gespesifiseer word in Algemene Reël A.2.2 van die Universiteit, geld die volgende vereistes ook:

a) ten minste ŉ Senior Sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie;
b) ŉ APS-telling van ten minste 15;
c) ŉ Student moet ŉ aanlegtoets en ŉ onderhoud met die keuringspaneel slaag.

L.7.3. PROGRAM: DIPLOMA IN MUSIEK

L.7.3.1. Programuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum sal die student oor ŉ afgeronde kennis en vaardighede in musiek beskik en in staat wees om met welslae op te tree as ŉ opvoeder en musikant in die samelewing.

L.7.3.2. Ander reëls

a) Konsertbywoning is ŉ integrale deel van musiekopleiding aan die Noordwes-Universiteit. Daar word daarom verwag van voltydse musiek-studente wat geregistreer is vir praktiese modules om die voorgeskrewe aantal studente byeenkomste en konserte by te woon wat aangebied word as deel van die Skool vir Musiek se amptelike konsertreeks, en wel vir die volle duur van sodanige byeenkomste of konserte.
b) Studente wat versuim om die voorgeskrewe aantal studentebyeenkomste en konserte by te woon gedurende die jaar, sal nie ŉ deelnamebewys ontvang vir die betrokke praktiese module nie.

c) Vir die uitvoerende modules in hierdie program (MZSU177, MZSU277, MZSU377) word voldoende klasbywoning en deelname aan die praktiese lesse sowel as ŉ toepaslike ensemble vereis. Daar moet aan alle praktiese lesse, repetisies en ensemblekonserte deelgeneem word om ŉ deelnamebewys vir die betrokke module te verwerf. Selfs met geldige verskonings vir afwesigheid, na oordeel van die skooldirekteur, geld ŉ deelnamevereiste van minstens ⅔ vir eksamentoelating.

Reël mbt eerste eksamengeleentheid:

Vir al die uitvoerende modules in hierdie program moet studente vir die eerste eksamengeleentheid aanmeld. 'n Tweede eksamengeleentheid mag slegs gebruik word indien die eerste eksamengeleentheid nie geslaag is nie, of as die eerste eksamengeleentheid weens siekte of enige ander amptelike aanvaarbare verskoning nie gebruik kon word nie.

L.7.3.3. Modulelys

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
CCFO-modules: Akademiese Geletterdheid			
AGLE111	Inleiding tot akademiese geletterdheid		12
AGLE121	Akademiese geletterdheid	AGLA/AGLE111(40)	12
Engels			
ENLS111	Engels vir spesifieke doeleindes		12
ENLS121	Praktiese Engels vir professionele doeleindes		12
Musiek			
MZSN119	Musieknotasie		16
MZSN129	Musieknotasie	MZSN119(40DP)	16
MZSO119	Musiekopvoeding		8
MZSO129	Musiekopvoeding	MZSO119(40DP)	12
MZSO219	Musiekopvoeding	MZSO119,129	16
MZSO229	Musiekopvoeding	MZSO219(40DP)	16
MZSO319	Musiekopvoeding	MZSO219,229	16
MZSO329	Musiekopvoeding	MZSO319	16
MZSS219	Musiek in die samelewing		8
MZSS229	Musiek in die samelewing		8
MZSS319	Musiek in die samelewing		8
MZSS329	Musiek in die samelewing		8
MZST219	Musiekteorie	MZSN119,129	16
MZST229	Musiekteorie	MZST219(40DP)	16
MZST319	Musiekteorie	MZST219,229	16
MZST329	Musiekteorie	MZST319	16
MZSU177	Musiekuitvoering		16
MZSU179	Klawerbordvaardighede		16
MZSU277	Musiekuitvoering	MZSU177	16
MZSU279	Klawerbordvaardighede	MZSU179	16
MZSU377	Praktiese Musiek	MZSU277	16
MZSU379	Klawerbordvaardighede	MZSU279	16
MZSY219	Afrikamusiek		8
MZSY229	Afrikamusiek	MZSY119(40DP)	8
MZSY319	Afrikamusiek	MZSY219,229	8
MZSY329	Afrikamusiek	MZSY319	8

L.7.3.4. Kurrikulum L206P: Diploma in musiek

L.7.3.4.1. Samestelling van kurrikulum L206P: Diploma in musiek

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3	
Eerste semester		**Eerste semester**		**Eerste semester**	
Modulekode	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**
MZSN119	16	MZSO219	16	MZSO319	16
MZSO119	8	MZSS219	8	MZSS319	8
MZSU177	16	MZST219	16	MZST319	16
MZSU179	16	MZSU277	16	MZSU377	16
ENLS111	12	MZSU279	16	MZSU379	16
		MZSY219	8	MZSY319	8
Totaal 1ste semester	**68**	**Totaal 1ste semester**	**80**	**Totaal 1ste semester**	**80**
JAARVLAK 1		**JAARVLAK 1**		**JAARVLAK 3**	
Tweede semester		**Tweede semester**		**Eerste semester**	
Modulekode	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	
MZSN129	16	MZSO229	16	MZSO329	16
MZSO129	12	MZSS229	8	MZSS329	8
AGLE121	12	MZST229	16	MZST329	16
ENLS121	12	MZSY229	8	MZSY329	8
Totaal 2de semester	**52**	**Totaal 2de semester**	**48**	**Totaal 2de semester**	**48**
Totaal jaarvlak 1	**120**	**Totaal jaarvlak 2**	**128**	**Totaal jaarvlak 3**	**128**
Totale krediete vir die kurrikulum					**376**

L.7.4. EKSAMINERING

Eksaminering geskied volgens die spesifikasies soos opgeneem in Algemene Reël A.5.4 van die Universiteit.

L.8 MODULE-UITKOMSTE

L.8.1. KKVU-MODULES

L.8.1.1. AKADEMIESE GELETTERDHEID

Modulekode: AGLA111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot Akademiese Geletterdheid		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • basiese kennis van leerstrategieë, akademiese woordeskat en register asook die lees en skryf van akademiese tekste te demonstreer ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te funksioneer; • op gepaste wyse binne ʼn akademiese omgewing effektief mondelings en skriftelik as individu en as lid van ʼn groep te kan kommunikeer; • basiese akademiese tekste te verstaan, interpreteer, evalueer en op koherente wyse toepaslike akademiese genres te kan skryf deur gebruik te maak van akkurate en toepaslike akademiese konvensies. • binne ʼn etiese raamwerk akkuraat, vlot en toepaslik te kan luister, praat, lees, skryf en leer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 40%		

Modulekode: AGLA121	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Akademiese Geletterdheid		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student • oor fundamentele kennis beskik van toepaslike rekenaarprogramme, toepaslike leer-, luister-, en lees- en skryfstrategieë kan toepas, akademiese taalregister kan gebruik en akademiese tekste kan lees en kan skryf, ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te kan funksioneer; • as ʼn individu en as lid van ʼn groep effektief te kan leer en mondelings en skriftelik op ʼn etiese verantwoordelike en toepaslike wyse kan kommunikeer in ʼn akademiese omgewing; • ʼn verskeidenheid relevante wetenskaplike inligting binne ʼn verskeidenheid studieterreine as individu en in groepsverband kan soek en versamel, tekste kan ontleed, interpreteer, evalueer en op koherente wyse sintetiseer en oplossings voorstel in toepaslike akademiese genres deur gebruikmaking van linguistiese konvensies soos gebruik in formele taalregisters.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 40%		

Modulekode: AGLA122	Semester 1/2	NKR-vlak: 5
Titel: Akademiese Geletterdheid		

Module-uitkomste: Na die suksesvolle afhandeling van hierdie module moet studente die volgende kan doen: • demonstreer fundamentele kennis van toepaslike rekenaarprogramme, asook die toepassing van leer-, luister-, lees-en skryfstrategieë, die gebruik van ŉ akademiese taalregister en die lees en skryf van akademiese tekste, ten einde doeltreffend binne die akademiese omgewing te funksioneer; • individueel en as lid van ŉ groep effektief mondelings en skriftelik kommunikeer op ŉ eties verantwoordelike en toepaslike wyse binne ŉ akademiese omgewing; • individueel en as lid van ŉ groep wetenskaplike kennis op ŉ verskeidenheid studieterreine opspoor, insamel, ontleed, interpreteer; en tekste evalueer en op koherente wyse sintetiseer en oplossings voorstel in toepaslike akademiese genres deur gebruikmaking van linguistiese konvensies soos gebruik word in formele taalregisters.
Metode van aflewering: Beperkte-kontakonderrig. ŉ Geïntegreerde leermodel word gebruik.
Metodes van assessering: Benadering van geïntegreerde assessering – Die formaat van assessering maak voorsiening vir geïntegreerde assessering (d.w.s. geïntegreerde leer waar die spesifieke uittreevlakuitkomste van die module bereik word deur middel van deurlopende assessering van individuele opdragte vir alle Jaarvlak 1-modules) en buigsaamheid ten opsigte van die wyse van aflewering (formaat); en dit weerspieël die profiel en geografiese ligging van voornemende leerders. Die uitkomste van hierdie module sal geassesseer word deur middel van elektroniese voorleggings van individuele en groepsopdragte op die e-Leerplatform en sal uitgevoer word deur die loop van die volle eerstejaarvlak- akademiese jaar. • Formatiewe assessering – gewig: 60% • Summatiewe assessering – gewig: 40%

L.8.8.2. VERSTAAN DIE WÊRELD

Modulekode: WVSS 221	Semester 2	NKR-vlak: 6
Titel: Verstaan die sosiale en politieke wêreld		
Module-uitkomste: By die voltooiing van hierdie module behoort studente • ŉ fundamentele kennisbasis te toon van ŉ seleksie van wêreldbeskouings en ideologieë, en hul vermoë tot kritiek en verstaan te demonstreer deur die aard en funksie, asook verskillende manifesteringe van hierdie wêreldbeskouings en ideologieë te vergelyk; • die vermoë te toon om die interverwantskap van verskynsels in natuurlike en sosiale sisteme te verstaan, en vanuit hierdie basispunt werklike lewensprobleme of gevallestudies te analiseer en evalueer wat verband hou met die kernvraagstukke van ons tyd, soos armoede, konstante verandering, menseregte, MIV-VIGS, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, vreemdelingehaat, ens.; • die vermoë te toon om hul persoonlike wêreldbeskouing te artikuleer en te gebruik as ŉ raamwerk van waaruit haalbare oplossings vir die kernvraagstukke van ons tyd op ŉ tipies akademiese wyse beargumenteer en gekommunikeer kan word		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%		
Modulekode: WVCS 221	**Semester 2**	**NKR-vlak: 6**
Titel: Verstaan die kulturele wêreld		

Module-uitkomste: By die voltooiing van hierdie module behoort studente

- 'n fundamentele kennisbasis te toon van 'n seleksie van wêreldbeskouings en ideologieë, en hul vermoë tot kritiek en verstaan te demonstreer deur die aard en funksie, asook verskillende manifesteringe van hierdie wêreldbeskouings en ideologieë te vergelyk;
- die vermoë te toon om die interverwantskap van verskynsels in natuurlike en sosiale sisteme te verstaan, en vanuit hierdie basispunt werklike lewensprobleme of gevallestudies te analiseer en evalueer wat verband hou met die kernvraagstukke van ons tyd, soos armoede, konstante verandering, menseregte, MIV-VIGS, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, vreemdelingehaat, ens.;
- die vermoë te toon om hul persoonlike wêreldbeskouing te artikuleer en te gebruik as 'n raamwerk van waaruit haalbare oplossings vir die kernvraagstukke van ons tyd op 'n tipies akademiese wyse argumenteer en gekommunikeer kan word

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%

Modulekode: WVLS 311	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Estetika

Module-uitkomste: By die voltooiing van hierdie module behoort studente

- 'n stewige en sistematiese kennis te toon van die belangrikste grondslae-vraagstukke in die estetika en 'n kritiese verstaan te toon van die meta-teoretiese veronderstellings wat hierdie grondslae-vraagstukke onderlê;
- die vermoë te toon om die aannames waarop 'n gekose tema of vraagstuk gebaseer is, te analiseer, te kritiseer en te sintetiseer, om 'n persoonlike standpunt oor die tema of vraagstuk te formuleer wat blyke gee van 'n samehangende persoonlike wêreldbeskouing, en om die resultate in 'n tipies akademiese formaat in 'n bewysgebaseerde verslag te kommunikeer deur gebruik te maak van 'n voorlegging waarin van toepaslike tegnologie gebruik gemaak word.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%

Modulekode: WVLS 312	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Taal- en letterkundefilosofie

Module-uitkomste: By die voltooiing van hierdie module behoort studente

- 'n stewige en sistematiese kennis te hê van die belangrikste grondslae-vraagstukke in taal en letterkunde en 'n kritiese verstaan te toon van die meta-teoretiese veronderstellings wat hierdie grondslae-vraagstukke onderlê;
- die vermoë te toon om die aannames waarop 'n gekose tema of vraagstuk gebaseer is, te analiseer, te kritiseer en te sintetiseer, om 'n persoonlike standpunt oor die tema of vraagstuk te formuleer wat blyke gee van 'n samehangende persoonlike wêreldbeskouing, en om die resultate in 'n tipies akademiese formaat in 'n bewysgebaseerde verslag te kommunikeer deur gebruik te maak van 'n voorlegging waarin van toepaslike tegnologie gebruik gemaak word.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%

Modulekode: WVLS 313	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Kultuurfilosofie: Kritiese perspektiewe op "mega-trends" in die hedendaagse kultuur

Module-uitkomste: By die voltooiing van hierdie module behoort studente

- 'n stewige en sistematiese kennis te hê van die belangrikste grondslae-vraagstukke in die

hedendaagse kultuur en 'n kritiese verstaan te toon van die meta-teoretiese veronderstellings wat hierdie grondslae-vraagstukke onderlê;

- die vermoë te toon om die aannames waarop 'n gekose tema of vraagstuk gebaseer is, te analiseer, te kritiseer en te sintetiseer, om 'n persoonlike standpunt oor die tema of vraagstuk te formuleer wat blyke gee van 'n samehangende persoonlike wêreldbeskouing, en om die resultate in 'n tipies akademiese formaat in 'n bewysgebaseerde verslag te kommunikeer deur gebruik te maak van 'n voorlegging waarin van toepaslike tegnologie gebruik gemaak word.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%

Modulekode: WVLS 314	**Semester 1**	**NKR-vlak: 7**

Titel: Mens en samelewing: Kritiese perspektiewe op kontinuïteit en verandering/transformasie

Module-uitkomste: By die voltooiing van hierdie module behoort studente

- 'n stewige en sistematiese kennis te hê van die belangrikste grondslae-vraagstukke in die mens en sosiale wetenskappe en 'n kritiese verstaan te toon van die meta-teoretiese veronderstellings wat hierdie grondslae-vraagstukke onderlê;
- die vermoë te toon om die aannames waarop 'n gekose tema of vraagstuk gebaseer is, te analiseer, te kritiseer en te sintetiseer, om 'n persoonlike standpunt oor die tema of vraagstuk te formuleer wat blyke gee van 'n samehangende persoonlike wêreldbeskouing, en om die resultate in 'n tipies akademiese formaat in 'n bewysgebaseerde verslag te kommunikeer deur gebruik te maak van 'n voorlegging waarin van toepaslike tegnologie gebruik gemaak word.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig 50%

Modulekode: WVCS222	**Semester 1/2**	**NKR-vlak: 6**

Titel: Begrip van die Kulturele Wêreld

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet studente die volgende kan doen:

- beskik oor 'n fundamentele kennis van 'n seleksie van wêreldbeskouings en ideologieë, en demonstreer kritiese begrip deur die aard en funksie sowel as verskillende kontemporêre manifestasies van hierdie wêreldbeskouings en ideologieë te vergelyk;
- oor die vermoë beskik om die onderlinge verbande te verstaan tussen verskynsels in natuurlike en sosiale stelsels, en om vanuit hierdie vertrekpunt probleme te ontleed in die werklike lewe of in gevallestudies oor kernvraagstukke van ons tyd, soos armoede, konstante verandering, menseregte, MIV-Vigs, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, vreemdelingehaat, ens;
- in staat wees om hulle persoonlike wêreldbeskouing te artikuleer en te gebruik as 'n vertrekpunt vir die beredenering en kommunikasie van haalbare oplossings vir die kernvraagstukke van ons tyd, op 'n tipies akademiese wyse.

Metode van aflewering:
Loopbaanskool (beperkte kontak), deeltyds

Metodes van assessering – Assessering sal soos volg plaasvind:

- Formatiewe assessering – gewig: 50%
  Omvattende individuele opdrag & groepwerk
- Summatiewe assessering – gewig: 50%
  Omvattende individuele eksaminering (Eksaminerings vind plaas in ooreenstemming

met die Universiteit se Algemene Reëls)

L.8.2. AFRIKAANS EN NEDERLANDS

Modulekode: AFNE211	Semester 1	NKR-vlak: 6
Titel: "Van Amsterdam tot Potchdam": Fasette van die Nederlandse taal- en letterkunde		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees • om ŉ basiese kennis van Nederlands en die Nederlandse grammatika te kan demonstreer; • om kennis van belangrike tendense, skrywers en tekste uit die moderne Nederlands te kan demonstreer; • om uitgesoekte Nederlandse tekste binne hulle literêre en kulturele konteks te kan lees; • om die beginsels van vergelykende tekste binne hulle literêre en kulturele konteks te kan lees • om die beginsels van vergelykende literatuurstudie krities te kan toepas; • om Nederlandse tekste, met Suid-Afrikaanse tekste te kan vergelyk; en • om kennis selfstandig te kan verwerf, ontleed, toepas, integreer, evalueer en effektief te kan kommunikeer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig 40%		
Modulekode: AFNE212	**Semester 1**	**NKR-vlak: 6**
Titel: Teks, interteks en hiperteks: Literêr-teoretiese perspektiewe		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees • om kennis van die literatuurwetenskap en insig in geselekteerde begrippe, paradigmas, modelle en teorieë daarbinne te kan demonstreer; • om tekste (ook kulturele tekste) aan die hand van bepaalde kriteria as individu en ook in groepsverband vanuit verskillende literêr-teoretiese perspektiewe krities te kan lees en evalueer en ŉ eie mening verantwoordelik en effektief te kan kommunikeer met die hulp van toepaslike tegnologie.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig 40%		
Modulekode: AFNE213	**Semester 1**	**NKR-vlak: 6**
Titel: Interdissiplinêre perspektiewe op kinder- en jeugliteratuur		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees • om met kennis en insig te kommunikeer oor die werking van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur vanuit verskeie dissiplines (letterkunde, taalkunde, psigologie, sosiologie, kommunikasiekunde, tegnologie, inligtingkunde, opvoedkunde, kuns en kultuur); • om tekste te skep met die oog op ŉ bydrae ter bevordering van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur (resensies, artikels, vertalings, verhale, gedigte, liedere, dramas, draaiboeke vir radio, televisie en film, kinderboekillustrasies, manipuleerbare boeke, die skep van rekenaarspeletjies, bydraes tot ŉ webblad); • om probleemoplossend te dink t.o.v. die bevordering van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur vir alle tale in Suid-Afrika en te fokus op ŉ spesifieke taal • om vakspesifieke waardes te begryp en daaroor te kan redeneer – mondeling en skriftelik.		

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig 40%

Modulekode: AFLL111	Semester 1	NKR-vlak: 5

Titel: Afrikaans: Taal sonder grense

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- die basiese beginsels en reëls onderliggend aan die Afrikaanse taalgebruikskunde te verstaan en in te oefen;
- verskillende tekstipes in Afrikaans te onderskei en krities-evaluerend daarmee om te gaan;
- sowel funksionele as estetiese Afrikaanse tekste te ontleed, te interpreteer en te evalueer;
- geselekteerde Afrikaanse en Nederlandse kortverhale te kan beskryf en analiseer aan die hand van kernbegrippe uit die narratologie.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: AFLL121	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie: teks en konteks - die taal van tekste

Module-uitkomste:
Taalkunde
Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

Basiese navorsingsvaardighede soos die versameling en verifiëring van informasie vanaf verskeie historiese bronne, analise en opsomming van kernaspekte van wêreldgeskiedenis, om sodoende te verstaan hoe en hoekom die geskiedenis ontvou het soos dit het;

Die vaardigheid om basiese kennis van Suid-Afrikaanse geskiedenis te kommunikeer, verbaal of geskrewe via verskeie tegnologieë en media, in 'n akkurate en koherente wyse, met 'n begrip van kopiereg en plagiaatreëls;

Die vaardigheid om 'n geskrewe projek in verband met wêreldgeskiedenis suksesvol te voltooi;

Die vaardigheid om as 'n groep te kan werk deur die effektiewe implementering van historiese bronne, om sodoende die verloop en ontvou van wêreldgeskiedenis te verstaan

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Formatiewe assessering:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Summatiewe assessering:
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: HIST122	**Semester 2**	**NKR-vlak: 5**

Titel: Inleiding tot Erfenis- en kultuurtoerisme

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- 'n basiese kennis te demonstreer van erfenis- en kultuurtoerisme op grond van die volgende: toepaslike sleutelbegrippe (insluitend argeologiese begrippe relevant vir erfenistoerisme), reëls (veral dié rakende die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne en SAHRA), beginsels (veral dié wat verband hou met 'n gebalanseerde weergawe van die verlede) en etiek;
- 'n ingeligte begrip te toon in die organisasie en operasionele omgewing van erfenis- en kultuurtoerisme as sisteem binne die breër verband van 'n transformerende Suid-Afrikaanse samelewing, met spesiale verwysing na omstandighede in Noordwes-provinsie;
- vaardighede te demonstreer om die rolspelers en hulle onderlinge verhoudings binne hierdie organisasie en operasionele omgewing te kan uitwys en ontleed;
- individueel of in groepverband deur hierdie ontledings deeglik omskryfde roetine- en nie-roetineprobleme in die Suid-Afrikaanse toerismebedryf (veral Noordwesprovinsie) te identifiseer, ontleed en oplossings voor te stel;
- die uitkomste mondeling en skriftelik oor te dra ná die gegewens/inligting ingesamel, ontleed, beoordeel en 'n nuwe sintese geskep is, asook deur IT-hulpbronne in te span.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Formatiewe assessering:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Summatiewe assessering:

Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: HIST213	Semester 1	NKR-vlak: 6

Titel: Refleksies op Suid-Afrika in Afrika

MODULE UITKOMSTES

Na die voltooiing van die HIST 213 module sal die student die volgende kan demonstreer:
'n Gedetailleerde kennis en 'n ingeligte verstaan van:
Die inhoud, oorsprong en ontwikkeling van kennis binne die veld van Afrika en Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis, asook 'n kritiese verstaan van relevante denkrigtings.
Die historiese wortels van demokrasie vanaf antieke tye tot vandag, met 'n spesiale klem op demokrasie in Afrika en Suid-Afrika;
Die geskiedenis van pre-koloniale, koloniale en post-koloniale Afrika en Suid-Afrika binne die raamwerk van politieke, sosio-kulturele en ekonomiese patrone van bestaan en prosesse;

Die vermoë met insig die relevante benaderings tot geskiedenis 'te selekteer, evalueer en effektief toe te pas, om sodoende die sosio-ekonomiese en politiese ontwikkelings in die geskiedenis van Afrika en suid-Afrika te verstaan;

Spesifieke metodes en tegnieke van historiese ondersoek en informasie versameling met die doel om die kennis te interpreteer, analiseer, evalueer en integreer, asook om die navorsing toe te gebruik binne 'n gegewe konteks deur die relevante benaderings tot geskiedenis toe te pas;

Akkurate en koherente geskrewe en verbale kommunikasie van historiese informasie met 'n begrip van die etiese implikasies van besluite (byvoorbeeld plagiaatreëls, kopiereg ens.), aksies en praktyke spesifiek relevant tot die historiese professie;

Die vaardigheid om basiese kennis van Suid-Afrikaanse geskiedenis te kommunikeer, verbaal of geskrewe via verskeie tegnologieë en media, in 'n akkurate en koherente wyse, met 'n begrip van kopiereg en plagiaat reëls;

Die vaardigheid om 'n geskrewe historiese projek te voltooi, waarvan die sukses van die voltooide taak meetbaar is aan die gegewe historiografiese kriteria;

Die vaardigheid om as 'n groep te kan werk deur die effektiewe implementering van historiese bronne, om sodoende suksesvol te kan reflekteer op die plek van Suid-Afrikaanse geskiedenis binne Afrika geskiedenis.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Formatiewe assessering:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Summatiewe assessering:
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: HIST212	Semester 1	NKR-vlak: 6

Titel: Erfenis- en kultuurtoerisme en weergawes van die Suid-Afrikaanse verlede

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- die kennis van die historiese ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse toerismebedryf (veral erfenis- en kultuurtoerisme as nisarea) aan te wend om tendense in die bedryf vas te stel, te ontleed en beoordeel;
- hierdie tendense se geldigheid vas te stel deur argumente wat op toepaslike getuienis gebaseer is;

- deur toepaslike getuienis en voorbeelde uit die literatuur aan te wend, prosedures, metodes en tegnieke uit te soek en toe te pas wat geskik is om die Suid-Afrikaanse verlede krities te kan ontleed;
- uit hierdie ontleding, individueel en in groepe, strategieë te ontwikkel wat die onderskeie perspektiewe op die geskiedenis kan saamvoeg;
- die weergawe van die verlede deur verskillende groepe te ontleed, vergelyk en krities te beoordeel om idees te ontwikkel oor hoe erfenis- en toerismepraktisyns die omstrede verlede eties-aanneemlik aan hulle kliënte kan oordra;
- professionele akademiese argumente, konvensies en formate te kan inspan om deur die ontleding van gevallestudies aan te toon hoe erfenis as toegepaste geskiedenis in die toerismebedryf ingevoer kan word.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Formatiewe assessering:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Summatiewe assessering:
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: HIST223	Semester 2	NKR-vlak: 6

Titel: Analise van kontemporêre historiese temas

MODULE UITKOMSTES

Na die voltooiing van die HIST 223 module sal die student die volgende kan demonstreer:
'n Gedetailleerde kennis en 'n ingeligte verstaan van:
Die inhoud, oorsprong en ontwikkeling van kennis binne 'n kontemporêre kwessie in verband met geskiedenis, asook 'n kritiese verstaan van relevante denkrigtings en vorme van verduideliking binne die analitiese, strukturele en post-strukturele benaderings tot geskiedenis;
Ontdekking van die wortels van 'n geselekteerde kontemporêre historiese onderwerp wat handel oor die geskiedenis van Suid-Afrika, Afrika en/of die wêreld;
Die natuur en aard van geskiedenis as sosiale ;

Die vermoë met insig die relevante analitiese, strukturele en post-strukturele benaderings tot geskiedenis te selekteer, evalueer en effektief toe te pas, om sodoende die natuur, aard en inhoud van 'n spesifieke kontemporêre historiese onderwerp te verstaan;

'n Begrip van die etiese implikasies van, aksies en praktyke spesifiek relevant tot die historiese professie;

Spesifieke navorsingsmetodes en -tegnieke van historiese ondersoek deur die toepassing van analitiese, strukturele en post-strukturele benaderings tot geskiedenis in 'n geskrewe historiese projek;

Die vaardigheid om as 'n groep te kan werk om die strukturele en post-strukturele benaderings tot geskiedenis te verstaan en sodoende al die uitkomstes van die module suksesvol se bereik.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Formatiewe assessering:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Summatiewe assessering:
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: HIST312	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Historiese perspektiewe

Module-uitkomste: Na die voltooiing van die HIST 312 module sal die student die volgende

kan demonstreer:

Geïntegreerde kennis en begrip van die praktyk van geskiedenis, met ŉ fokus op die perspektiewe wat deur historici gebruik is om die aard van historiese verskynsels te verduidelik, asook die perspektiewe wat deur historici gebruik is om die ontwikkeling van geskiedenis in verband met ras, klas, gender, plaaslike en omgewing te verduidelik.

Geïntegreerde kennis en begrip van, asook die vermoë om korrek te evalueer en ‘n spesifieke historiese perspektief toe te pas op verskeie areas van spesialisasie binne die veld van geskiedenis. Verder ook ŉ begrip van hoe kennis verwant is aan kontemporêre historiese verskynsels om sodoende die faktore wat geskiedenis vorm te verstaan, asook die kategorieë waardeur om geskiedenis probeer verstaan.

Die vermoë om met etiese optrede en regverdige besluitneming, die faktore en kategorieë waardeur ons ons begrip van geskiedenis definieer te selekteer, evalueer en toe te pas, asook die gebruik van historiese metodes van ondersoek, om sodoende gefokusde navorsing te doen.

Die vaardigheid om die aard van historiese verskynsels te identifiseer, analiseer, krities op te reflekteer en aanspreek, met die doel om ‘n spesifieke historiese perspektief toe te pas deur die gebruik van teorie-gedrewe argumente om te motiveer hoe die vorming van historiese prosesse plaasvind teen die agtergrond van relevante historiografie;

Akkurate en koherente geskrewe en verbale kommunikasie van historiese navorsingsprojekte, deur die toepassing van die historiese seminaarmetode.

Die vermoë om te kan werk as deel van ŉ groep in ŉ spesifieke konteks, deur te reflekteer op die verskillende perspektiewe van geskiedenis en die toepassing van gepaste historiese bronne waar dit van toepassing is.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Formatiewe assessering:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Summatiewe assessering:
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: HIST323	Semester 2	NKR-vlak: 7

Die aard teorie en beoefening van geskiedenis

MODULE UITKOMSTES

Na die voltooiing van die HIST 323 module sal die student die volgende kan demonstreer:

Geïntegreerde kennis en begrip van, sowel as die vermoë om intellektuele geskiedenis korrek te evalueer, vanaf antieke tye tot die huidige tyd, om sodoende te demonstreer hoe daardie kennis verwant is aan die skryf van geskiedenis.

Geïntegreerde kennis en begrip van aard van geskiedenis, deur te fokus op historiografie, teorie en metodologie met die doel om die belangrikste stappe in die proses van historiese navorsing te bemeester.

Die vermoë om met etiese optrede en regverdige besluitneming ŉ reeks van verskillende maar toepaslike historiese metodologieë te selekteer, evalueer en toe te pas, om sodoende gefokusde navorsing te doen binne die konteks van ŉ begrip van die sentrale historiografiese tendense in die geskiedenispraktyk;

Die vaardigheid om spesifieke historiografiese probleme te identifiseer, analiseer, krities te reflekteer en aan te spreek deur verskillende benaderings, soos ‘n gevallestudie benadering, en hierdie historiografiese probleme aan te spreek met die relevante metodologie en teorie-gedrewe argumente;

Akkurate en koherente geskrewe en verbale kommunikasie in die vorm van ‘n historiese navorsingsprojek;

Die vermoë om te kan werk as deel van ’n groep in ’n spesifieke konteks, deur te reflekteer op die teorie en metodes van geskiedenis en die toepassing van gepaste historiese bronne waar dit van toepassing is.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Formatiewe assessering:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Summatiewe assessering:
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: HIST322	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: Erfenis- en kultuurtoerisme in postkoloniale Suid-Afrika

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

’n afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die gemeenskappe en erfenishulpbronne wat met die 20ste- en 21ste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis vereenselwig word;

deur teoriegedrewe argumente hierdie kennis aan te wend vir die kritiese ontleding en die aanpak van bestaande en nuwe vraagstukke gebaseer op getuienis daaroor;

die basiese prosedures, metodes en tegnieke van historiese navorsing toe te pas om wetenskaplike inligting in die vorm van kwalitatiewe en kwantitatiewe gegewens in te samel oor een van die drie erfenis- en kultuurtoerisme-temas wat hier onder genoem word,

die ingesamelde gegewens krities te ontleed en aan te bied as ’n sistematies geskrewe verslag (met die gebruik van relevante IT-hulpbronne) sowel as ’n mondelinge aanbieding aan ’n gehoor.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Formatiewe assessering:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Summatiewe assessering:
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

L.8.3 GRAFIESE ONTWERP

Modulekode: GRFO111	Semester 1	NKR-vlak: 5

Titel: Inleiding tot Ontwerp 1

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- basiese ontwerpbeginsels en visuele vormtaalelemente te kan verbaliseer en dit te kan toepas in die vorm van geslaagde ontwerpprojekte;
- estetiese beginsels en simboliese vertolking te kan verduidelik en effektief te kan

integreer in die uitvoer van suksesvolle ontwerpprojekte;

- binne die konteks van ŉ klein groep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- inleiding tot basiese konseptuele vaardigheidstegnieke met betrekking tot ontwerp te kan toepas;
- basiese teorieë rondom ontwerpbeginsels op visuele asook verbale wyse te kan kommunikeer;
- basiese tipografiese vaardighede met komposisie van ontwerpprojekte te kan integreer.
- basiese ontwerp-rekenaarsagtewarebeginsels te kan toepas.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFO121	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Toegepaste Ontwerp 1

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die toepassing van ontwerpbeginsels in die vorm van gepaste kommunikasie-uitsette te lewer;
- ontwikkeling van basiese konseptuele vaardigheidstegnieke met betrekking tot ontwerp te kan toon;
- binne die konteks van ŉ klein groep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- basiese teorieë rondom toegepaste ontwerp op visuele en verbale wyse te kan kommunikeer;
- basiese tipografiese beginsels geïntegreerd binne die ontwerpomgewing te kan toepas;
- ontwerp eginsels op kreatiewe wyse te kan konseptualiseer met betrekking tot korporatiewe identiteit; en
- basiese ontwerpbeginsels toe te pas deur gebruik te maak van toepaslike ontwerpsagteware

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFO212	Semester 1	NKR-vlak: 6

Titel: Toegepaste Ontwerp 2

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- inleidende beginsels van visuele dinamika te kan toepas in ŉ ontwerpomgewing
- om illustrasie kuns en grafiese ontwerp suksesvol te integreer en toe te pas in die skep van suksevolle ontwerp projekte
- ontwikkeling van konseptuele vaardighede/tegnieke met betrekking tot ontwerp
- verskeidenheid ontwerpbeginsels te verstaan en toe te pas in die skep van suksesvolle ontwerpe
- konseptuele vaardighede rondom advertensiewese te verstaan en die toepassing daarvan in geskikte media
- basiese inligtings en verpakkings ontwerpprodukte te kan skep
- intermediere tipografiese beginsels ïntegreer en binne die ontwerpomgewing te kan toepas
- binne die konteks van ŉ kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- die basiese teorieë aangaande rekenaarontwerp op n verbale wyse te kan kommunikeer;

- die kreatiewe proses te bestuur van die aanvang tot afhandeling van die projek deur middel van ŉ proses dokument/leer/boek

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFO213	Semester 1	NKR-vlak: 6

Titel: Kreatiwiteitteorie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die breinmeganismes wat kreatiewe denke tot gevolg het te begryp en doelmatig te aktiveer met behulp van toepaslike denkstrategieë;
- ŉ groot aantal oorspronklike idees te kan genereer met behulp van gestruktureerde denkprosesses wat ontwerp is om innovasie doelmatig te stimuleer;
- begrip te toon vir die faktore wat kreatiwiteit beïnvloed en hierdie faktore volgens voorgeskrewe riglyne effektief te kan bestuur;
- die verskillende fases van die kreatiewe proses te kan begryp en elke fase se toepaslike aktiwiteite effektief te kan implementer ten einde hoë vlakke van kreatiwiteit te verseker;
- gestruktureerde denkprosesse te gebruik vir die effektiewe seleksie van die mees funksionele idee vir ŉ voorgeskrewe grafiese ontwerp probleemstelling.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Werkstukke — gewig: 50%
Toetse — gewig: 50%

Modulekode: GRFO222	Semester 2	NKR-vlak: 6

Titel: Toegepaste Ontwerp 3

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- gevorderde kennis ten opsigte van rekenaarsagteware te kan toepas en integreer met die skep van geslaagde ontwerpprojekte
- om illustrasiekuns en grafiese ontwerp suksesvol te integreer en toe te pas in die skep van suksevolle ontwerp- projekte
- verskeidenheid ontwerpbeginsels te verstaan en toe te pas in die skep van suksesvolle ontwerpe
- gevorderde ontwikkeling van konseptuele vaardighede/tegnieke met betrekking tot ontwerp
- binne die konteks van ŉ kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê
- basiese teorieë rondom die toepassing van rekenaarontwerp op visuele, mondelinge en skriftelike wyse te kan kommunikeer;
- op kreatiewe wyse kleur te kan manipuleer op die rekenaar
- gevorderde inligtings- en verpakkingsontwerpprodukte te kan skep
- basiese ontwerpe te kan skep met die klem op integrasie van klank, beeld en animasie
- probleme op die rekenaar te kan opspoor en oplos.
- gevorderde tipografiese beginsels ïntegreer en binne die ontwerpomgewing te kan toepas
- die kreatiewe proses te bestuur van die begin tot afhandeling van die projek deur middel van ŉ proses dokument/leer/boek

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig: 50%

Modulekode: GRFO313	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Inleiding tot interaktiewe en drukgebaseerde Ontwerp

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- om illustrasiekuns en Grafiese ontwerp suksesvol te integreer en toe te pas in die skep van suksesvolle ontwerpprojekte
- gevorderde kennis van die ontwerpproses in beide handvaardige sowel as rekenaarmatige mediums te kan toepas binne ŉ kreatiewe ontwerpomgewing;
- die ontwerpproses te kan uitvoer en ontwikkel vanaf konsepsualiseringsfase tot finale fase van reproduksie;
- gevorderde kreatiewe en konsepsuele denke en vaardighede te kan toepas in interaktiewe en drukgebaseerde ontwerp;
- op ŉ meer gevorderde wyse teorieë aangaande interaktiewe en drukgebaseerde rekenaarontwerp visueel asook verbaal te kan kommunikeer;
- gevorderde konseptuele vaardighede rondom gemengde media, alternatiewe media en multimedia advertering te verstaan en die toepassing daarvan in geskikte media
- die geslaagdheid van ontwerpprodukte krities te kan evalueer om en ŉ individuele werksmetodiek en styl te kan ontwikkel
- kreatiewe, oorspronkilke en professionele oorhoofse aanbiedings te skep en verbaal voor te lê
- die kreatiewe proses te bestuur van die aanvang tot afhandeling van die projek deur middel van ŉ proses dokument/leer/boek

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFO323	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: Interaktiewe en drukgebaseerde Ontwerp 1

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- Illustrasiekuns en Grafiese ontwerp suksesvol te integreer en toe te pas in die skep van suksevolle ontwerpprojekte
- gevorderde kennis in relevante rekenaarsagteware te kan toepas asook die manipulasie daarvan te kan integreer met die daarstelling van suksesvolle ontwerpprodukte;
- gevorderde kreatiewe konsepte te kan ontwikkel en binne die konteks van ŉ kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê
- omvattende korporatiewe/promosionele veldtogte te kan ontwikkel en toepaslike ontwerpprodukte te kan skep
- omvattende tipografiese projekte te kan uitvoer en toepaslike kommunikasiedoelwitte te bereik
- verskeie sagtewareprogramme effektief te kan integreer vir ŉ enkele ontwerp-produk.
- die kreatiewe proses te bestuur van die begin tot afhandeling van die projek
- ŉ finale professionele interaktiewe en drukgebaseerde portefeulje saam te stel wat ŉ verskeidenheid ontwerpprodukte tentoonstel.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFO414:	Semester 1	NKR-vlak: 8

Titel: Toegepaste professionele praktyk 1

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- kennis van ontwerppraktykvaardighede te analiseer en korrek toe te pas ten opsigte van spesifieke ontwerpprobleme, byvoorbeeld reproduksietegnieke;
- professionele praktykbeginsels sintetiseer en die gepaste dimensies daarvan deur middel van ontwerp laat geskied;
- doeltreffend met kliënte te kan skakel;
- die verloop van die ontwerpproses en ontwerpprobleemoplossing vanaf die fase van

konseptualisering tot die reproduksie daarvan suksesvol te kan afhandel. Dit impliseer die analise, sintese en evaluasie van die kreatiewe proses;
- binne die konteks van ŉ kleingroep idees te kan genereer, dit visueel en verbaal voor te lê en ŉ ontwerpproduk suksesvol te kan aflewer;
- die teoretiese aspekte rondom ontwerppraktykvaardighede te kan toepas en verbaal te kan kommunikeer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFO424:	Semester 2	NKR-vlak: 8

Titel: Toegepaste professionele praktyk 2

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- kennis van ontwerppraktykvaardighede te analiseer en korrek toe te pas ten opsigte van spesifieke ontwerpprobleme, byvoorbeeld reproduksietegnieke;
- professionele praktykbeginsels sintetiseer en die gepaste dimensies daarvan deur middel van ontwerp laat geskied;
- doeltreffend met kliënte te kan skakel;
- die verloop van die ontwerpproses en ontwerpprobleemoplossing vanaf die fase van konseptualisering tot die reproduksie daarvan suksesvol te kan afhandel. Dit impliseer die analise, sintese en evaluasie van die kreatiewe proses;
- binne die konteks van ŉ kleingroep idees te kan genereer, dit visueel en verbaal voor te lê en ŉ ontwerpproduk suksesvol te kan aflewer;
- die teoretiese aspekte rondom ontwerppraktykvaardighede te kan toepas en verbaal te kan kommunikeer;
- ŉ finale portefeulje saam te stel wat ŉ verskeidenheid ontwerpprodukte tentoonstel

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

L.8.4 GRAFIESE ONTWERP — MULTIMEDIA-ONTWERP

Modulekode: GRFM311	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Inleiding tot Multimedia-ontwerp

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- beginsels onderliggend aan ontwerp en die ontwerpproses toe te pas tydens die ontwerp van beeldmateriaal, tipografie en klank, interaksie, beweging en sekwense;
- verskeie multimedia-sagtewarebeginsels en –tegnieke te bestudeer en toe te pas tydens die afhandeling van multimediaprojekte (Basies: web, illustrasie, fotomanipulasie, 2D-animasie en video);
- die tegniese implikasies/beperkinge wat die multimedia-omgewing reguleer, te verstaan;
- objek-georiënteerde programmering te gebruik vir die ontwikkeling van geslaagde multimediatoepassings (Basies);
- ŉ verskeidenheid beskikbare digitale oplossings te gebruik vir die produksie van multimediaprojekte (Basies);
- navorsing te gebruik om strategiese kreatiewe en tegniese besluite te rig;
- as ŉ effektiewe lid van ŉ visuele kommunikasiespan te werk;
- beginsels van webgebaseerde teorieë en tegniese terminologie toe te pas in die uitvoer van geslaagde aanlyn/aflynmultimediaprojekte;
- kreatiewe konseptuele denkwyses en tegnieke te gebruik in die oplos van ŉ gegewe probleem.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFM321	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: Multimedia-ontwerp

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- beginsels van ontwerp en die ontwerpproses toe te pas in die ontwerp van beeldmateriaal, tipografie en klank, interaksie, beweging en sekwense;
- kreatiewe konseptuele denke en -tegnieke te gebruik in die oplos van ŉ gegewe probleem;
- verskeie multimedia-sagtewarebeginsels en –tegnieke te bestudeer en toe te pas tydens die produksie van multimediaprojekte (Basies/Intermediêr: web, illustrasie, fotomanipulasie, 2D en 3D-animasie en video);
- professionele multimedia-aanbiedings te skep wat die visuele kommunikasieboodskap effektief oordra;
- ŉ goedgestruktureerde argument te ontwikkel rondom ŉ gegewe teoretiese tema in die vorm van ŉ opstel;
- objek-georiënteerde programmering te gebruik in die ontwikkeling van geslaagde multimediatoepassings (Intermediêr);
- ŉ verskeidenheid beskikbare digitale oplossings te gebuik in die produksie van multimediaprojekte (Gevorderd);
- as ŉ effektiewe lid van ŉ handelsmerk-kommunikasiespan te funksioneer;
- ŉ volledig-funksionele aanlyn- en aflynidentiteit en portefieulje te ontwikkel as blyke van die vaardighede van die multimedialeerder (Basies).

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFM411	Semester 1	NKR-vlak: 8

Titel: Toegepaste Multimedia-ontwerp

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- ŉ breë historiese insig te toon ten opsigte van die ontwikkeling van multimedia – vanaf die vroeë 1950s tot die hede;
- ŉ verskeidenheid bewegende beelde en film binne die kontemporêre omgewing te evalueer, analiseer en kritiseer;
- verskeie multimedia-sagtewarebeginsels en –tegnieke te bestudeer en toe te pas tydens die produksie van multimediaprojekte (Intermediêr/Gevorderd: web, illustrasie, fotomanipulasie, 2D en 3D-animasie en video);
- sekondêre- en waarnemingsnavorsing te doen;
- navorsing te gebruik om komplekse strategiese kreatiewe en tegniese besluite te rig;
- objek-georiënteerde programmering te gebruik in die ontwikkeling van geslaagde multimediatoepassings (Gevorderd);
- sosiaal-verantwoordelike multimedia-ontwerp te skep;
- die vier dimensies van mensgesentreerde ontwerp (etnografie, ergnonomie, kultuur en samelewing) kan toepas;
- as ŉ effektiewe lid van die visuele kommunikasiespan kan funksioneer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFM421	Semester 2	NKR-vlak: 8

Titel: Gevorderde toegepaste Multimedia-ontwerp

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- beginsels van kontemporêre multimedia-ontwerpteorieë toe te pas tydens die daarstelling van ontwerpe;
- ontwerp binne die konteks van, en vir die internasionale-, Afrika- en Suid-Afrikaanse arenas;
- verskeie multimedia-sagtewarebeginsels en –tegnieke te bestudeer en toe te pas tydens die skep van multimediaprojekte (Gevorderd: web, illustrasie, fotomanipulasie, 2D en 3D-animasie en video);
- konsepte en ontwerpe krities te evalueer in die lig van die resepsie daarvan deur gehore;
- objek-georiënteerde programmering te gebruik in die ontwikkeling van geslaagde multimediatoepassings (Gevorderd);
- ŉ diepgaande begrip te toon van die verskillende elemente van multimedia-ontwerp asook hoe hierdie elemente deur digitalisering en beweging geraak word;
- beginsels van interaktiewe ontwerp, kinestetiese ontwerp, karakterontwikkeling, klank en navigasie-ontwerp toe te pas tydens die skep van multimediaprojekte;
- Navorsing te kan gebruik om strategiese kreatiewe en tegniese besluite te rig;
- te funksioneer as ŉ effektiewe lid van ŉ visuele kommunikasiespan;
- ŉ volledig-funksionele aanlyn- en aflyn identiteit en portefieulje te kan ontwikkel wat die multimedialeerder se vaardighede tentoonstel (Gevorderd).

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

L.8.5 ILLUSTRASIEKUNS

Modulekode: GRFI111	Semester 1	NKR-vlak: 5

Titel: Illustrasiekuns:Basiese tekenkunstegniek 1

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- ŉ verskeidenheid tekentegnieke te kan bemeester en kreatief in ‘ n illustrasie te kan toepas;
- ŉ perseptueel akkurate waarnemingstudie te doen en natuurgetroue uitbeelding van ŉ driedimensionele objek op ŉ twee-dimensionele vlak uit te voer;
- die vormtaalelemente van lyn, komposisie, vorm, tekstuur, ruimte en perspektief suksesvol in ŉ illustrasie te kan implementeer;
- verbeeldingryke en innoverende denke te genereer om ŉ kreatiewe inslag aan ŉ illustrasie te verleen;
- die verskillende fases van die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase van ŉ projek tot die afhandelingsfase daarvan;
- ŉ werksetiek met betrekking tot die leeromgewing te demonstreer wat stiptelikheid, toewyding, eerlikheid en professionaliteit reflekteer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFI121	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Illustrasiekuns: Basiese skilderkunstegnieke

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- basiese kennis van die beginsels van visuele vormtaalelemente soos kleur, komposisie, styltegniek en vormuitbeelding in skilderkunstige media te kan toepas;
- ŉ basiese vermoë tot illusionêre ruimte-uitbeelding te kan toon deur perspektiefbeginsels prakties te kan illustreer;
- basiese kennis van drie-dimensionele vormgewing en kleurteorie te kan illustreer;

- simboliese vertolking deur middel van kreatiewe toepassing van skilder media te kan uitvoer;
- ŉ verskeidenheid kreatiewe styltegnieke te kan toepas;
- binne die konteks van ŉ kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- vakwetenskaplike teorie op visuele, verbale en skriftelike wyse te kan kommunikeer;
- ŉ vermoë toon om die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase tot die afhandelingsfase.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFI211	Semester 1	NKR-vlak: 6

Titel: Illustrasiekuns: Kreatiewe tegnieke: Teken- en skilderkuns 1

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- kennis te toon aangaande verskeie korporatiewe toepassings van illustrasiekuns soos tegniese, promosionele en redaksionele illustrasie en dit in verskeie media te kan uitvoer;
- ŉ illustrasie vir ŉ gespesifiseerde markgerigte doel te skep;
- vaardighede te toon om ŉ verskeidenheid illustratiewe media met selfvertroue te beheers;
- binne die konteks van ŉ kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- vakwetenskaplike teorie op visuele, verbale en skriftelike wyse te kan kommunikeer;
- ŉ vermoë toon om die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase tot die afhandelingsfase.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFI221	Semester 2	NKR-vlak: 6

Titel: Illustrasiekuns: Kreatiewe tegnieke:Teken- en skilderkuns 2

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- vaardighede te toon in die uitvoer van gevorderde anatomiestudie in verskeie illustratiewe media;
- kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van argitektoniese/ interieur- en verhalende illustrasie;
- vaardighede te toon in die suksesvolle kombinasie van tipografie en illustratiewe beeld in ŉ ontwerptoepassing;
- kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van botaniese/wetenskaplike illustrasies in ŉ verskeidenheid van media;
- kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van oortuigende gevorderde tegniese illustrasie;
- kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van rekenaarmatige illustrasietoepassings;
- binne die konteks van ŉ kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- vakwetenskaplike teorie op visuele, mondelinge en skriftelike wyse te kan kommunikeer;
- ŉ vermoë toon om die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase tot die afhandelingsfase.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFI311	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Illustrasiekuns:Toegepaste illustrasie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- gevorderde kennis en vaardighede te toon in die uitvoer van illustrasies van ŉ gevorderde tegniese standaard vir ŉ gespesifiseerde markgerigte doel;
- binne die konteks van ŉ kleingroep idees t.o.v. praktykgerigte illustrasie te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- vakteoretiese uitgangspunte rondom toegepaste illustrasie op visuele en verbale wyse te kan kommunikeer;
- gevorderde kennis en vaardighede te toon in die hantering van alle illustrasiemediums en -materiale en die beheersing daarvan met behendigheid en estetiese sensitiwiteit;
- ŉ sensitiwiteit ten opsigte van die tyd- en kultuurgees waarin geskep word te demonstreer;
- ŉ hoë vlak van visuele geletterdheid en estetiese sensitiwiteit ten opsigte van die visuele vormtaalbeginsels te demonstreer;
- die tegniese en konseptuele problematiek van ŉ praktykgerigte illustrasieopdrag te begryp en ŉ toepaslike, oorspronklike oplossing daarvoor te vind;
- om ingeligte en toepaslike keuses uit te oefen ten opsigte van die mees geskikte medium waarin ŉ opdrag uitgevoer moet word;
- ŉ individuele illustrasiestyl te ontwikkel ten opsigte van tegniek en kreatiewe benadering.
- ŉ vermoë toon om die kreatiewe proses effektief te bestuur vanaf die aanvangsfase tot die afhandelingsfase.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFI321	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: Illustrasiekuns: Gevorderde toepassing

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- alle illustrasiemediums met gevorderde behendigheid te beheers en die kreatiewe potensiaal van elke medium te optimaliseer;
- op gevorderde vlak verbeeldingryke en innoverende denke te genereer ten einde ŉ kreatiewe inslag aan ŉ illustrasie te verleen;
- hoë vlak konseptualisering te doen vir die kreatiewe interpretasie en uitbeelding van ŉ gegewe teks of tema;
- die verskillende fases van die kreatiewe proses effektief te kan bestuur vanaf die aanvangsfase van ŉ projek tot die afhandelingsfase daarvan;
- die rekenaar as illustrasiemedium te kan benut en digitale tegnieke behendig te kan manipuleer vir ŉ kreatiewe resultaat;
- ŉ hoë vlak van visuele geletterdheid en estetiese sensitiwiteit ten opsigte van die visuele vormtaalbeginsels te demonstreer;
- kennis van kontemporêre illustrasiestyle, benaderings en tegnieke in illustrasiewerk te kan integreer;
- ŉ werksetiek met betrekking tot die leeromgewing te demonstreer wat stiptelikheid, toewyding, eerlikheid en professionaliteit reflekteer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

Modulekode: GRFI471	Jaarkursus	NKR-vlak: 8

Titel: Professionele praktyk (Illustrasie)

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- illustrasies op ŉ gevorderde vlak kritiese te kan evalueer;

- alle illustrasiemedia met vindingrykheid en oortuiging te kan bemeester om ŉ treffende en oorspronklike produk te kan ontwerp;
- onafhanklik te kan werk en in ŉ individualistiese styl te kan illustreer;
- ontwerpvoorleggings op ŉ afgeronde en professionele wyse te kan aanbied;
- kennis van relevante kuns, illustrasie en ontwerpstyle en vormtaalelemente in ontwerpe te kan integreer;
- binne die konteks van ŉ kleingroep idees te kan genereer en visueel asook verbaal voor te lê;
- vakwetenskaplike teorieë mondeling en skriftelike te kan kommunikeer.
- ŉ praktiese portefeulje van professionele standaard saam te stel.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Paneelevaluasie van semester se werk — gewig 50%

L.8.6 KOMMUNIKASIE

Modulekode: KCOM111	Semester 1	NKR-vlak: 5

Titel: Inleiding tot Massakommunikasie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- ŉ breë begrip van die geskiedenis, aard en omvang van massakommunikasie te toon;
- die transformasie van die massakommunikasiebedryf in Suid-Afrika te kan beskryf;
- ŉ basiese kennis van enkele belangrike teoretiese perspektiewe op die massamedia te demonstreer; en
- krities oor die massamedia te kan reflekteer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 66%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%

Modulekode: KCOM112	Semester 1	NKR-vlak: 5

Titel: Inleiding tot kommunikasiekontekse

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die historiese ontwikkeling van menslike kommunikasie vanaf die vroeë ontwikkeling daarvan tot die hedendaagse inligtingsamelewing en nuwe kommunikasietegnologieë, oorsigtelik te kan beskryf;
- ŉ deeglike begrip van die sleutelkonsepte en teorieë van kommunikasie te demonstreer;
- teoretiese beginsels op verskillende kommunikasiekontekste toe te pas, insluitend intrapersoonlike kommunikasie, interpersoonlike kommunikasie en spraakkommunikasie;
- grondige kennis en insig rakende die verskillende rolle, dinamika van leierskap en konflikbestuur binne die konteks van kleingroepkommunikasie te toon.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 66%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%

Modulekode: KCOM121	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Inleiding tot Joernalistiek

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die konteks en funksies van die joernalistiek met verwysing na die take van ŉ redakteur, verslaggewer en subredakteur en die funksionering van ŉ koerant, tydskrif en radiostasie en die verskillende soorte joernalistieke skryfwerk te beskryf en verduidelik en probleme

op te los binne ŉ joernalistieke konteks;
- basiese kennis oor en vaardighede in fotografie binne die joernalistieke konteks te demonstreer;
- navorsing te doen en die praktiese joernalistieke vaardighede in die gedrukte en radiomedia toe te pas, individueel sowel as in groepswerk, en die bevindings in aanvaarbare formate te kommunikeer met behulp van gepaste IT;
- die normatiewe dimensie van die joernalistiek te identifiseer, te evalueer en toe te pas op voorbeelde uit koerante, tydskrifte en radio-uitsendings.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 66%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%

Modulekode: KCOM122	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Inleiding tot Korporatiewe Kommunikasie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- ŉ basiese kennis en begrip van die belangrikste korporatiewe kommunikasieteorieë te toon, en te kan onderskei tussen skakelwerk en bemarking;
- ŉ grondige kennis en begrip van die basiese teoretiese uitgangspunte van oorredingskommunikasie, soos dit relevant is in ŉ korporatiewe kommunikasiekonteks, te kan demonstreer;
- relevante kennis en begrip van die spesialisvelde in korporatiewe kommunikasie te kan weergee, sowel as die vermoë om oorredingskommunikasie in elk van die velde te kan toepas; en
- oor etiese waardes, met betrekking tot die gebruik van oorredingskommunikasie, skriftelike en mondeling te reflekteer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 66%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%

Modulekode: KCOM211	Semester 1	NKR-vlak: 6

Titel: Publisering (DTP)

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- ŉ breë kennis basis te demonstreer rakende algemene publisering en verskillende soorte publikasies in die media-omgewing vanuit die oogpunt van ŉ mediabeampte;
- bewys te lewer van ŉ grondige begrip van die aard en eienskappe van lessenaar-publisering (DTP) en die koördinering van die publiseringsproses;
- basiese kennis en vaardighede in tipografie en drukprosesse vir bladuitleg te toon;
- uitleg en setwerk van verskillende publikasies met die gebruik van digitale media te kan doen.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 66%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%

Modulekode: KCOM213	Semester 1	NKR-vlak: 6

Titel: Kommunikasiebestuur: Verhoudingsbestuur

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die belangrikste teorieë oor korporatiewe kommunikase met die fokus op verhoudingsbestuur te kan beskryf en te verduidelik;

- die korporatiewe kommunikasie-probleemoplossingsproses binne die konteks van Suid-Afrikaanse interne en eksterne belangegroepe te verduidelik;
- die rol en funksie van korporatiewe kommunikasie as strategiesebestuurs-meganisme te verduidelik en om verskillende benaderings tot verhoudingsbestuur ten opsigte van die verskillende soorte Suid-Afrikaanse organisasies te onderskei en die relevante benadering toe te pas;
- die rol van korporatiewe kommunikasie in die proses van verandering, leierskap, kwessiebestuur, onderhandelinge en kennisbestuur in 'n organisasie te beskryf en te verduidelik;
- oor die etiese kwessies in die korporatiewe kommunikasieveld te reflekteer .

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 66%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%

Modulekode: KCOM218	Semester 1	NKR-vlak: 6

Titel: Kommunikasieteorie

Na die suksesvolle voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om:
· Kommunikasieteorie in 'n metamodel of tipologie van kommunikasie te raam;
· Tussen sewe tradisies van kommunikasieteorie te kan onderskei;
· Geselekteerde kommunikasieteorie as hoofeksponente van sewe geselekteerde tradisies van kommunikasieteorie te bespreek; en
· Metateoretiese vertrekpunte sowel as geselekteerde teoretiese benaderings te gebruik om akademiese diepte te bied tot die studie van kommunikasiefenomene.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 66%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%

Modulekode: KCOM222	Semester 2	NKR-vlak: 6

Titel: Interkulturele kommunikasie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die karaktereienskappe, en die ontwikkeling van die kommunikasie van tradisioneel Westerse (Eurosentriese) en nie-Westerse (Afrosentriese & Oosterse) kulture te kontrasteer;
- interkulturele kompetensie in die breë Suid-Afrikaanse konteks van die media en kommunikasie-industrie te toon;
- kritiese kommentaar te lewer op die rol van identiteit in die post-koloniale konteks van Suid-Afrika;kulturele diversiteit in die hantering van interkulturele interaksie empaties te verduidelik;
- kulturele kodering in aanmerking te neem in die beplanning van kommunikasie-intervensies; en
- internasionale kommunikasiegedrag vanuit 'nmediumteorieperspektief sowel as 'n sisteembenaderingsperspektief te analiseer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig:66%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34**%**

Modulekode: KCOM229	Semester 2	NKR-vlak: 6

Titel: Mediabeleid, -etiek en –reg

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die grondwetlike konteks waarbinne vryheid van spraak in Suid-Afrika beoefen word, deeglik te beskryf;
- ŉ deeglike kennis en begrip van etiese probleme waarmee mediapraktisyns gekonfronteer word en hoe hierdie probleme hanteer kan word deur onder meer gebruik te maak van verskillende etiese kodes, te demonstreer;
- die beperkings wat die statutêre reg op die media geplaas het en steeds plaas deeglik te beskryf en te verduidelik
- die beperkings wat die gemenereg in die verlede op die media geplaas het of steeds plaas deeglik te beskryf en te verduidelik;
- kopieregwette en hoe dit mediapraktisyns se werk beïnvloed deeglik te beskryf en te verduidelik;
- verbruikersregte en hoe mediapraktisyns dit kan ondersteun deeglik te beskryf en te verduidelik;
- te verduidelik hoe etiek en die reg verweef is en gelyklopend deur die mediapraktisyn in ag geneem moet word;
- die regulasies wat deur Okosa gestel word te beskryf en te verduidelik;
- die rol van die MDDA en ander nie-regeringsinisiatiewe op die ontwikkeling en transformasie van die Suid-Afrikaanse media-industrie te verstaan en te verduidelik.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 66%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 34%

Modulekode: KCOM311	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Navorsingsmetodes

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- bewys te lewer van ŉ grondige kennis en kritiese begrip van die basiese verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsontwerpe en die vermoë om die mees gepaste benadering vir spesifieke navorsingscenarios te kan selekteer;
- ŉ sistematiese kennis van die elemente van wetenskaplike kommunikasienavorsing te demonstreer en dit toe te pas (insluitend stappe in die navorsingsproses, beginsels van inligtinginsameling, navorsingsontwerpe, analise van inligting asook verslagdoening);
- die waarde van verskillende navorsingsmetodes krities te kan verduidelik

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 66%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%

Modulekode: KCOM316	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Organisasiemediabestuur: Webontwikkeling

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- bewys te lewer van ŉ omvattende en sistematiese kennisbasis met betrekking tot die agtergrond en ontwikkeling van die internet en nuwe media, insluitend die verskille tussen tradisionele, korporatiewe en nuwe media en ŉ grondige begrip van hoe elkeen deur die internet en globalisering geraak word;
- individueel en in groepe, korporatiewe webruimtes vir uitnemende kommunikasie te kan evalueer volgens hulle doel, funksie, interaktiwiteit en gebruikersmodelle;
- ŉ koherente en kritiese verstaan van die riglyne vir effektiewe webontwerp te demonstreer en hierdie kennis in die skep van webblaaie toe te pas deur gebruik te maak

van beide html and webredigerings-sagteware, grafika en basiese animasie.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 66%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 34%

Modulekode: KCOM317	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel:Tegnologie en visuele estetika

standaard progressies te gebruik tydens die noteer van musiek, asook die improviseer van sinvolle begeleiding vir bestaande melodieë; variasie op bestaande melodieë te sing of speel met gebruik van ornamentasie;

- bestaande opvoedkundige en artistieke materiaal sinvol te assesseer en om nuwe onderrig-leermateriaal te ontwikkel deur die integrasie van kennis en vaardighede wat in al die modules van die program vereis word; om komposisies te analiseer ten einde te bepaal hoe hulle struktuur by bekende musikale vorms aansluit en
- ŉ bewustheid en behoud van beginsels rakende die analisering van musikale komposisies.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 hour — gewig: 40%

Modulekode: MUST329	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: Musiekteorie

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- ŉ afgeronde en sistematiese kennisbasis te demonstreer, asook ŉ korrekte toepassing van gevorderde vaardighede wat nodig is vir die verstaan van ŉ komposisie se struktuur tydens die analise van etlike komposisies;
- die nuwe opvoedkundige materiaal wat in MUST229 en MUST319 ontwikkel is, effektief te integreer en toe te pas;
- die geïntegreerde opvoedkundige materiaal effektief en kreatief aan te pas volgens die kulturele konteks en die ontwikkelingsvlak van die leerders en
- ŉ bewustheid en behoud van die beginsels van die onderrig van musieknotasie en musiekteorie te demonstreer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 hour — gewig: 40%

Modulekode: MUSU177	Jaarmodule	NKR-vlak: 5

Titel: Praktiese Musiek

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- oor ŉ fundamentele en ingeligte begrip van die onderliggende beginsels betreffende die basiese tegniese werk sowel as die basiese repertorium van die gekose instrument te beskik;
- bogenoemde tegnieke kan toepas in die aanbieding van ŉ program bestaande uit die basiese repertorium, en wat verteenwoordigend is van ŉ verskeidenheid genres, tempi en musikale style;
- die vermoë besit om goed gedefinieerde probleme tydens die voorbereiding van ŉ snel- en/of selfstudie te kan oplos en ŉ basiese bladleesoefening op die gekose instrument te kan uitvoer;
- eties verantwoordelike optrede as uitvoerende kunstenaar kan demonstreer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Praktiese werk , toetse en opdragte — gewig: 50%
Semestereksamen 1X2 hour — gewig: 50%

Modulekode: MUSU277	Jaarmodule	NKR-vlak: 6

Titel: Praktiese Musiek

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- oor ŉ grondige kennisbasis en goeie begrip van die onderliggende beginsels betreffende die meer gevorderde tegniese werk sowel as die meer gevorderde repertorium van die gekose instrument beskik;
- ŉ kritiese analise kan maak van die meer gevorderde repertorium wat uitgevoer sal word en wat verteenwoordigend is van ŉ verskeidenheid van genres, tempi en musikale style en ŉ sintese van dié inligting tydens voorbereiding en uitvoering van die repertorium kan maak;
- die vermoë besit om goed gedefinieerde, maar onbekende probleme tydens die voorbereiding van ŉ snel- en/of selfstudie te kan oplos en ŉ meer gevorderde bladleesoefening op die gekose instrument te kan uitvoer;
- wêreldbeskouings met ŉ eie wêreldbeskouing kan vergelyk, gebaseer op ŉ grondige begrip van die meer omvattende verantwoordelikheid van die uitvoerende kunstenaar.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Praktiese werk, toetse en opdragte — gewig: 50%
Semestereksamen 1X2 hour — gewig: 50%

Modulekode: MUSU377	Jaarmodule	NKR-vlak: 7

Titel: Praktiese Musiek

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- oor ŉ afgeronde en sistematiese kennisbasis, sowel as ŉ koherente en kritiese begrip van die onderliggende beginsels betreffende gevorderde tegniese werk en gevorderde repertorium op die gekose instrument beskik;
- ŉ kritiese analise te kan maak van die gevorderde repertorium wat uitgevoer sal word en wat verteenwoordigend is van ŉ verskeidenheid genres, tempi en musikale style en ŉ sintese en evaluering van dié inligting tydens voorbereiding en uitvoering van die repertorium te kan maak;
- die vermoë besit om konkrete en abstrakte probleme tydens die voorbereiding van ŉ snel- en/of selfstudie te kan oplos en ŉ gevorderde bladleesoefening op die gekose instrument te kan uitvoer;
- ŉ eie wêreldbeskouing kan uitdruk tydens die toepassing van ŉ verskeidenheid uitvoeringspraktyke in die hoedanigheid as verantwoordelike uitvoerende kunstenaar.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Praktiese werk, toetse en opdragte — gewig: 50%
Semestereksamen 1X2 hour — gewig: 50%

Modulekode: MUSU179	Jaarmodule	NKR-vlak: 5

Titel: Klawerbord vaardighede

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- ŉ fundamentele kennisbasis van die eienskappe van die klavier te demonstreer: korrekte posisie voor die clavier, die basiese aksies tydens die speel van die klavier (insluitende geïmproviseerde begeleiding van multikulturele liedjies en die onderskeid tussen majeur en mineurtoonsoorte);
- basiese vingertegnieke te ontwikkel en te demonstreer deur vyf-vinger-oefeninge asook bladleesvaardighede en vermoëns;
- kort stukkies (ook duette en ensembles) in eenvoudige tweeslag, drieslag en vierslagmaat met albei hande gelyk te speel terwyl die vyf-vinger handposisie gehandhaaf word;
- as deel van ŉ groep, ŉ komposisie in enige styl te skep en uit te voer tesame met die ander lede van die groep en
- ŉ bewustheid van die diversiteit van styl en komposisies wat in hierdie module geleer is,

te demonstreer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 hour — gewig: 40%

Modulekode: MUSR317	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Koorleiding

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van koorleiding, repertorium, stemklassifikasie, verhoogetiket, finale repetisies en optredes te demonstreer;
- inligting oor die verskeie fasette van koorleiding en koorsang krities te analiseer, sintetiseer, evalueer en voor te dra met gebruik van die toepaslike vaardighede;
- die vermoë demonstreer om konkrete en abstrakte probleme en kwessies op te los in die toepassing van dirigeer vaardighede en kennis tydens groepsbesprekings en koorrepetisies en
- 'n eie wêreldbeskouing uit te druk terwyl verskeie koorleidingassesseringspraktyke en kennis tydens koorrepetisies en konserte toegepas word.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Groepwerk,, voordragte, klasbesprekings, opdragte, kooroefeninge, toetse en uitvoerings. — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 hour — gewig: 40%

Modulekode: MUSR327	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Koorleiding

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van koorleiding, repertorium and terminologie, musikale interpretasie, stemontwikkeling, regskwessies, beoordeling en die geskiedenis van die vroeë Romantiese tydperk te demonstreer;
- inlgiting oor die verskillende fasette van koorleiding en sang krities te analiseer, sintetiseer, evalueer en voor te dra met gebruik van toepaslike vaardighede;
- die vermoë demonstreer om konkrete en abstrakte probleme en kwessies op te los deur die toepassing van koorleidingsvaardighede en kennis tydens groepsbesprekings en koorrepetisies en
- 'n eie wêreldbeskouing uitspreek terwyl verskeie koorleidingassesseringspraktyke en kennis toegepas word tydens koorrepetisies en konserte.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Groepwerk, besprekings,, opdragte en uitvoerings. — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 hour — gewig: 40%

Modulekode: MZSN119	Semester 1	NKR-vlak: 5

Titel: Musieknotasie

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student die volgende kan doen:

- 'n basiese kennis toon van die elemente van musikale klank in konteks en van die simbole wat gebruik word om die elemente van musikale klank uit te beeld;
- 'n basiese kennis hê van die fundamentele ritmiese patrone en melodiese frasering, terwyl die konvensies van musieknotasie in gedagte gehou word;
- 'n basiese kennis toon van al die snaarinstrumente en die houtblaasinstrumente soos dit aangetref word in die simfonieorkes;
- herken, beskryf en bespreek hoe die elemente van musikale klank gerealiseer word in

voorgeskrewe ou Italiaanse arias en in arias van Mozart-operas;
- produseer en reproduseer die elemente van musikale klank in konteks;
- produseer en reproduseer fundamentele ritmiese patrone en melodiese frases;
- toon respek en waardering vir die kompleksiteit van musieknotasie.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZSN129	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Musieknotasie

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student die volgende kan doen:
- ŉ basiese kennis toon van meer gevorderde ritmiese patrone en melodiese frases;
- ŉ basiese kennis toon van basiese harmoniese strukture;
- die klawerbordinstrumente en koperblaasinstrument herken soos dit in die simfonieorkes aangetref word;
- herken, bespreek en beskryf hoe die konvensies van musieknotasie gerealiseer word in voorgeskrewe stukke vir die klawerbord;
- produseer en reproduseer gevorderde ritmiese patrone en melodiese frases;
- produseer en reproduseer fundamentele harmoniese strukture soos dit aangetref word in musikale kontekste;
- toon respek en waardering vir die kompleksiteit van musieknotasie en -uitvoering.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZSO119	Semester 1	NKR-vlak: 5

Titel: Musiekopvoeding

Module-uitkomste:
Afdeling A
Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student ŉ basiese kennis toon van die volgende:
- die verskeie benaderings tot die didaktiek van musiekonderrig;
- die noodsaaklike elemente van ŉ goeie groepmusiekles;
- die toepaslikheid van onderrighulpmiddele en die vermoë om eie onderrig-en-leerhulpmiddele te skep/prakseer/gebruik;
- die belangrikheid van musiekonderrig-en-leer op pre-primêre (grondslagfase-) vlak;
- die waarde van praktiese musiekmaak op pre-primêre (grondslagfase-) vlak.

Afdeling B
Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student die volgende kan doen:
- demonstreer ŉ basiese kennis van die lees van musieknotasie en die vermoë om die klavier op verskeie voorgeskrewe maniere te bespeel;
- toon basiese kennis en begrip van hoe om ŉ repertorium van multikulturele liedere te sing en op die klavier te speel terwyl musieknotasie gelees word op tonika sol-fa, ritme en toonhoogte;
- demonstreer en voer ŉ basiese repertorium van multikulturele voorgeskrewe liedere op die klavier uit terwyl notasieleesvaardighede op tonika sol-fa, lirieke, ritme en toonhoogte gedemonstreer word;
- gee uitdrukking aan sy/haar eie wêreldbeskouing en verworwe onderrigvaardighede deur ŉ konsert in ŉ multikulturele omgewing te skep en aan te bied, gegrond op die basiese kennis en onderrigvaardighede wat in hierdie module verwerf is.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZSO129	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Musiekopvoeding

Module-uitkomste:
Afdeling A
Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student 'n basiese kennis toon van die volgende:

- die gebruik van die internet as 'n mediahulpbron;
- die algemene kenmerke van die vokale ontwikkeling van die voorskoolse leerder;
- die gebruik van bewegingsaktiwiteite wat geskik is op voorskoolse vlak.

Afdeling B
Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student die volgende kan doen:

- demonstreer 'n basiese kennis van die lees van musieknotasie en die vermoë om die klavier op verskeie voorgeskrewe maniere te bespeel;
- toon basiese kennis en begrip hoe om 'n repertorium van multikulturele liedere te sing en op die klavier te speel terwyl musieknotasie gelees word op tonika sol-fa, ritme en toonhoogte;
- demonstreer en voer 'n basiese repertorium van multikulturele voorgeskrewe liedere op die klavier uit terwyl notasieleesvaardighede op tonika sol-fa lirieke, ritme en toonhoogte gedemonstreer word;
- gee uitdrukking aan sy/haar eie wêreldbeskouing en verworwe onderrigvaardighede deur 'n konsert in 'n multikulturele omgewing te skep en aan te bied, gegrond op die basiese kennis en onderrigvaardighede wat in hierdie module verwerf is.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZSO219	Semester 1	NKR-vlak: 5

Titel: Musiekopvoeding

Module-uitkomste:
Afdeling A
Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student 'n deeglike kennis toon van die volgende:

- die natuurlike aantrekkingskrag wat musiek het vir die pre-primêre (grondslagfase-) leerder;
- die algemene en spesifieke doelwitte van musiekopvoeding op voorskoolse vlak;
- die gebruik van Suid-Afrikaanse liedere, speletjies en bewegingsaktiwiteite, kennis van hulpbronne en die gebruik daarvan, en die komponeer van eie liedere vir gebruik in die voorskoolse klaskamer;
- die waarde van musiek om konsepvorming te versterk; sosiale en emosionele ontwikkeling van leerders;
- die rol van die musiekkurrikulum op voorskoolse vlak.

Afdeling B
Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student die volgende kan doen:

- demonstreer 'n deeglike kennis, herkenning en gebruik van verskillende elemente van musiek vir leerders in die pre-primêre (grondslag-) skoolfase;
- demonstreer 'n basiese begrip van uitdagende koorleidingtegnieke en notasieleesvaardighede op tonika sol-fa, lirieke, ritme en toonhoogte in 'n repertorium van multikulturele liedere op die klavier, kitaar en sopraanblokfluit;
- demonstreer verworwe praktiese vaardighede deur uitdagende notasieleesvaardighede

op tonika sol-fa, lirieke, ritme en toonhoogte in ŉ repertorium van multikulturele liedere en stukke op die klavier, kitaar, sopraanblokfluit, en koorleidingtegnieke;

- demonstreer eties verantwoordelike gedrag in die organisering, skep en aanbieding van ŉ konsert in ŉ multikulturele omgewing, gegrond op basiese onderrigkennis en -vaardighede wat in hierdie module verwerf is.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZSO229	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Musiekopvoeding

Module-uitkomste:
Afdeling A
Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student ŉ deeglike kennis toon van die volgende:

- hoe om luisteraktiwiteite te skeduleer en aan te bied;
- hoe om eie instrumente te ontwerp en te maak;
- hoe om die natuurlike spraakritmes te gebruik om ritme-aktiwiteite te prakseer en te demonstreer;
- hoe om verdere liedrepertoriums te skep vir gebruik op voorskoolse vlak.

Afdeling B
Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student die volgende kan doen:

- toon ŉ deeglike kennis en herkenning van, en die demonstreer die verskillende elemente van musiek vir leerders in die junior primêre skoolfase;
- demonstreer ŉ deeglike begrip van meer uitdagende koorleidingtegnieke en van notasieleesvaardighede op tonika sol-fa, lirieke, ritme en toonhoogte in ŉ repertorium van multikulturele liedere op die klavier, kitaar en sopraanblokfluit;
- demonstreer verworwe praktiese vaardighede deur meer uitdagende notasieleesvaardighede te demonstreer op tonika sol-fa, lirieke, ritme en toonhoogte in ŉ repertorium van multikulturele liedere en stukke op die klavier, kitaar, sopraanblokfluit, en koorleiding tegnieke.
- demonstreer eties verantwoordelike gedrag in die organisering, skep en aanbieding van ŉ konsert in ŉ multikulturele omgewing, gegrond op basiese onderrigkennis en -vaardighede wat in hierdie module verwerf is.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes::
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZSO319	Semester 1	NKR Vlak: 7

Titel: Musiekopvoeding

Module-uitkomste:
Afdeling A
Na voltooiing van die module behoort die student ŉ afgeronde en sistematiese kennisbasis van

- die gebruik van tuisgemaakte instrumente as onderrig-leer hulpmiddels te hê;
- die doelwitte en doelstellings van die onderskeie organisasies en verenigings wat voorskoolse musiekopvoeding ondersteun te hê
- die benaderings van Kodály en Orff te hê;
- die aanpassing en toepassing van hierdie benaderings vir gebruik in Suid-Afrikaanse voorskoolse programme te demonstreer.

Afdeling B
Na voltooiing van die module behoort die student

- ʼn afgeronde en sistematiese kennisbasis van die verskillende elemente van musiek te demonstreer soos wat dit vir leerders in die senior fase onderrig kan word;
- ʼn afgeronde en sistematiese begrip van gevorderde koorleidingstegnieke toepas, asook die lees van Tonic Sol-fa notasie en Tonic Sol-fa handgebare, lirieke, ritmes en toonhoogte; ʼn repertorium van multikulturele liedjies op klavier, alt blokfluit en kitaar speel;
- Verworwe vaardighede t edemonstreer en toe te pas deur ʼn repertorium van multikulturele stukke en liedjies op die klavier, kitaar en alt blokfluit te speel, asook om gevorderde koorleidingstegnieke en leesvaardighede van Tonic Sol-fa lirieke, ritme en toonhoogte te demonstreer en
- eties verantwoordelike gedrag te demonstreer deur die organisering, vervaardiging en aanbieding van ʼn konsert in ʼn multikulturele omgewing, gebaseer op fundamentele kennisbasis van onderrigvaardighede wat in hierdie module verwerf is.

Metode van aflewering: voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 60%
Semester eksamen 1X3 hour — gewig: 40%

Modulekode: MZSO329	Semester 2	NKR Vlak: 7

Titel: Musiekopvoeding

Module-uitkomste:
Afdeling A
Na voltooiing van die module behoort die student
- die opvoedkundige gebruik van lied repertorium, insluitend pentatoniese en diatoniese liedere, te demonstreer;
- die rol van begeleidingspatrone vir liedere; instrumentale spel te demonstreer en
- die nuutste neigings in navorsing rakende voorskoolse musiekopvoeding te ken.

Afdeling B
Na voltooiing van die module behoort die student
- ʼn afgeronde en sistematiese kennisbasis van die verskillende elemente van musiek te demonstreer soos wat dit vir leerders in die senior fase onderrig kan word;
- ʼn afgeronde en sistematiese begrip van gevorderde koorleidingstegnieke toepas, asook die lees van Tonic Sol-fa notasie en Tonic Sol-fa handgebare, lirieke, ritmes en toonhoogte; ʼn repertorium van multikulturele liedjies op klavier, alt blokfluit en kitaar speel;
- Verworwe vaardighede t edemonstreer en toe te pas deur ʼn repertorium van multikulturele stukke en liedjies op die klavier, kitaar en alt blokfluit te speel, asook om gevorderde koorleidingstegnieke en leesvaardighede van Tonic Sol-fa lirieke, ritme en toonhoogte te demonstreer en
- eties verantwoordelike gedrag te demonstreer deur die organisering, vervaardiging en aanbieding van ʼn konsert in ʼn multikulturele omgewing, gebaseer op fundamentele kennisbasis van onderrigvaardighede wat in hierdie module verwerf is.

Metode van aflewering: voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 60%
Semester eksamen 1X3 hour — gewig: 40%

Modulekode: MZSS219	Semester 1	NKR-vlak: 5

Titel: Musiek in die die Samelewing

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student die volgende kan doen:
- toon ʼn grondige kennis van die stilistiese kenmerke van die Barok- en Klassieke periodes in die geskiedenis van musiek;
- identifiseer geselekteerde komposisies van die Barok- en Klassieke periodes ouditief;

- trek verbande tussen die geselekteerde komposisies en die stilistiese kenmerke van die Barok- en Klassieke periodes;
- los ŉ gegewe probleem op binne die konteks van die Barok- en Klassieke periodes, hetsy individueel of in ŉ groep, en doen mondeling of skriftelik verslag oor die resultate;
- hanteer inligting op ŉ etiese manier en tree op ŉ eties aanvaarbare manier op teenoor medestudente.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZSS229	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Musiek in die Samelewing

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student die volgende kan doen:

- toon ŉ grondige kennis van die stilistiese kenmerke van die Romantiese en Twintigste-eeuse periodes in die geskiedenis van musiek;
- identifiseer geselekteerde komposisies van die Romantiese en Twintigste-eeuse periodes ouditief;
- trek verbande tussen die geselekteerde komposisies en die stilistiese kenmerke van die Romantiese en Twintigste-eeuse periodes;
- los ŉ gegewe probleem op binne die konteks van die Romantiese en Twintigste-eeuse periodes, hetsy individueel of in ŉ groep, en doen mondeling of skriftelik verslag oor die resultate;
- hanteer inligting op ŉ etiese manier en tree op ŉ eties aanvaarbare manier op teenoor medestudente.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZSS319	Semester 1	NKR Vlak: 6

Titel: Musiek in die Samelewing

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student in staat wees om

- ŉ goed afgeronde en sistematiese kennisbasis sowel as ŉ koherente en kritiese begrip van die sosiale geskiedenis van Afrika-musiek in Suid-Afrika te demonstreer.
- neigings en tendense in huidige navorsing oor die sosiale geskiedenis van Afrika-musiek krities te analiseer, sintetiseer en evalueer;
- ŉ eie wêreldbeskouing oor bogenoemde uit te druk;
- inligting op ŉ etiese manier te kan hanteer en op ŉ eties-aanvaarbare wyse met medestudente te kommunikeer.

Metode van aflewering: voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 60%
Semester eksamen 1X2 hour — gewig: 40%

Modulekode: MZSS329	Semester 2	NKR Vlak: 6

Titel: Musiek in Samelewing

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student in staat wees om:

- goed-ontwikkelde kennis van die oorsprong en ontwikkeling van jazz en populêre musiek te demonstreer, veral met verwysing na sosiale omstandighede en belangrike wêreldgebeure;
- die volgende te demonstreer: goed-ontwikkelde kennis van die opvoedkundige rol van

musiekvideo, die tekortkominge van ouer, filmgebaseerde modelle van musiekvideokritiek, die kontekstuele aard van die kommunikasieproses, die kategorieë van musiekvideo en die rol van musikologiese perspektiewe in musiekvideo-analise;
- logiese verbande te lê tussen musikale en sosiale geleenthede, handelinge en voorwerpe, en om denke te openbaar wat analities, genuanseerd en krities is, en om logiese argumente aan te bied in die oplossing van probleme;
- kennis en vaardighede te kan toepas in die analise van geselekteerde jazz en populêre musiek opnames, sowel as die skepping van eie musikale voorbeelde uit hierdie style;
- kennis en vaardighede te kan toepas in die analise van die aard en funksies van musiekvideo;
- sosiale sensitiwiteit te demonstreer in die analise van musiekvideos uit 'n verskeidenheid kulture.

Metode van aflewering: voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 60%
Semester eksamen 1X2 hour — gewig: 40%

Modulekode: MZST219	Semester 1	NKR-vlak: 5

Titel: Musiekteorie

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student die volgende kan doen:
- toon 'n deeglike kennis van gevorderde ritmiese patrone en melodiese frases;
- herken en bespreek hoe die konvensies van musieknotasie gerealiseer word in voorgeskrewe werke vir instrumentale en vokale ensembles;
- herken die slaginstrumente soos dit aangetref word in die simfonieorkes;
- identifiseer, produseer en reproduseer gevorderde ritmiese patrone en melodiese frases;
- identifiseer, produseer en reproduseer basiese harmoniese strukture soos dit aangetref word in musikale kontekste;
- skep 'n eenvoudige komposisie vir 'n solo-instrument;
- toon respek vir bestaande style van die kreatiewe daad in musiek met die skep van eie komposisies.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZST229	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Musiekteorie

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student die volgende kan doen:
- toon 'n deeglike kennis van gevorderde harmoniese strukture;
- toon 'n deeglike kennis van hoe die konvensies van musieknotasie gerealiseer word in groot ensembles en orkeste;
- identifiseer, produseer en reproduseer gevorderde harmoniese strukture soos dit aangetref word in musikale kontekste;
- identifiseer en beskryf hoe die konvensies van musieknotasie gerealiseer word in voorgeskrewe werke vir groot ensembles en orkeste;
- skep 'n gevorderde komposisie vir twee instrumente;
- toon respek vir bestaande style van die kreatiewe daad in musiek met die skep van eie komposisies.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZST319	Semester 1	NKR Vlak: 7

Titel: Musiekteorie

Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student

- ŉ fundamentele kennisbasis en begrip van die ritmiese patrone, melodiese frases, tonaliteit, harmoniese strukture en instrumente soos merkbaar in Afrikamusiek en jazz te demonstreer;
- ritmiese patrone, melodiese frases, tonaliteit, harmoniese strukture soos wat dit voorkom binne die musikale konteks van Afrikamusiek en jazz te herken, produseer en herproduseer;
- ŉ eenvoudige werk vir instrumentale of vokale ensemble te kan komponeer terwyl daar voldoen word aan die konvensies van musikale style soos dit in Afrikamusiek en jazz voorkom en
- ŉ bewustheid van die basiese beginsels en diversiteit in Afrikamusiek en jazz te kan demonstreer.

Metode van aflewering: voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 60%
Semester eksamen 1X3 hour — gewig: 40%

Modulekode: MZST329	Semester 2	NKR Vlak: 7

Titel: Musiekteorie

Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student

- ŉ afgeronde en sistematiese kennisbasis en begrip van die fundamentele beginsels van teorie metodologie in die grondslagfase (graad 0–3) te demonstreer.
- ŉ afgeronde en sistematiese kennisbasis en begrip van die huidige kurrikulum vir hierdie fase (soos vervat in die Nasionale Kurrikulum vir Kuns en Kultuur) te hê;
- onderrig-leer strategieë, metodes en onderrigmateriaal te kan ontwikkel en ontwerp ten einde musiekteorie binne die konteks van die gronslagfase te kan onderrig.
- die huidige kurrikulum vir die grondslagfase (soos vervat in die Nasionale Kurrikulum vir Kuns en Kultuur) krities te analiseer en evalueer;
- n eenvoudige werk vir instrumentale of vokale ensemble te komponeer wat deur leerders in die gronslagfase (graad 0–3) uitgevoer kan word, asook onderrig strategieë, metodes en leerstrategieë te ontwerp en te ontwikkel wat gebruik kan word om musiekteorie aan leerders in die gronslagfase te leer en
- die verantwoordelikheid en toegewydheid van die opvoeder binne die gemeenskap te verstaan.

Metode van aflewering: voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 60%
Semester eksamen 1X3 hour — gewig: 40%

Modulekode: MZSU177	Jaarmodule	NKR Vlak: 5

Titel: Praktiese Musiek

Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- oor ŉ fundamentele en ingeligte begrip van die onderliggende beginsels betreffende die basiese tegniese werk sowel as die basiese repertorium van die gekose instrument te beskik;
- bogenoemde tegnieke kan toepas in die aanbieding van ŉ program bestaande uit die basiese repertorium, en wat verteenwoordigend is van ŉ verskeidenheid genres, tempi en musikale style;
- die vermoë besit om goed gedefinieerde probleme tydens die voorbereiding van ŉ snel- en/of selfstudie te kan oplos en ŉ basiese bladleesoefening op die gekose instrument te kan uitvoer;
- eties verantwoordelike optrede as uitvoerende kunstenaar kan demonstreer.

Metode van aflewering: voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 50%
Semester eksamen 1X2 hour — gewig: 50%

Modulekode: MZSU179	Jaarmodule	NKR-vlak: 5

Titel: Klawerbordvaardighede

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student die volgende kan doen:

- toon ŉ basiese kennis van en demonstreer die kenmerke van die klavier, korrekte posisionering by die klavier, die basiese aksies van klavierspel, insluitend geïmproviseerde begeleiding van multikulturele liedere, en die verskil tussen majeur- en mineursleutels;
- ontwikkel en demonstreer basiese vingertegniek deur vyf-vingeroefeninge en bladleesvaardighede en -vermoëns;
- voer kort stukke met albei hande gesamentlik uit in enkelvoudige tweeslag-, drieslag- en vierslagtyd, wat die vyf vingerposisies vereis, sowel as eenvoudige duette en ensembles saam met medestudente;
- skep en voer ŉ groepkomposisie (in enige styl) uit van ten minste twee minute vir selfstudie en wat instrumentale komposisie insluit, saam met medestudente;
- toon bewustheid van die diversiteit van styl en komposisies wat in hierdie module geleer is.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZSU277	Jaarmodule	NKR Vlak: 6

Titel: Praktiese Musiek

Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- oor ŉ grondige kennisbasis en goeie begrip van die onderliggende beginsels betreffende die meer gevorderde tegniese werk sowel as die meer gevorderde repertorium van die gekose instrument beskik;
- ŉ kritiese analise kan maak van die meer gevorderde repertorium wat uitgevoer sal word en wat verteenwoordigend is van ŉ verskeidenheid van genres, tempi en musikale style en ŉ sintese van dié inligting tydens voorbereiding en uitvoering van die repertorium kan maak;
- die vermoë besit om goed gedefinieerde, maar onbekende probleme tydens die voorbereiding van ŉ snel- en/of selfstudie te kan oplos en ŉ meer gevorderde bladleesoefening op die gekose instrument te kan uitvoer;
- wêreldbeskouings met ŉ eie wêreldbeskouing kan vergelyk, gebaseer op ŉ grondige begrip van die meer omvattende verantwoordelikheid van die uitvoerende kunstenaar.

Metode van aflewering: voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 50%
Semester eksamen 1X2 hour — gewig: 50%

Modulekode: MZSU279	Jaarmodule	NKR-vlak: 5

Titel: Klawerbordvaardighede

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student die volgende kan doen:

- demonstreer ŉ deeglike kennis en begrip van gevorderde aksies van klavierspel en die vermoë om dit toe te pas, insluitend geïmproviseerde begeleiding van multikulturele liedere, verskillende artikulasiestyle en die verskil tussen majeur- en mineursleutels;
- ontwikkel en demonstreer meer gevorderde vingertegniek deur middel van vyf-

vingeroefeninge, sowel as bladleesvaardighede en -vermoëns;

- voer met albei hande gesamentlik meer gevorderde stukke uit in enkelvoudige en saamgestelde tweeslag-, drieslag- en vierslagtyd en duette en ensembles saam met medestudente;
- skep en voer ŉ groepkomposisie saam met medestudente uit (in enige styl), van ten minste twee minute vir selfstudie en wat instrumentale komposisie insluit;
- toon bewustheid van die beginsels betrokke by die speel van die klavier en die verskillende moontlikhede wat hierdie instrument bied.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZSU377	Jaarmodule	NKR Vlak: 7

Titel: Praktiese Musiek

Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- oor ŉ afgeronde en sistematiese kennisbasis, sowel as ŉ koherente en kritiese begrip van die onderliggende beginsels betreffende gevorderde tegniese werk en gevorderde repertorium op die gekose instrument beskik;
- ŉ kritiese analise kan maak van die gevorderde repertorium wat uitgevoer sal word en wat verteenwoordigend is van ŉ verskeidenheid genres, tempi en musikale style en ŉ sintese en evaluering van dié inligting tydens voorbereiding en uitvoering van die repertorium kan maak;
- die vermoë besit om konkrete en abstrakte probleme tydens die voorbereiding van ŉ snel- en/of selfstudie te kan oplos en ŉ gevorderde bladleesoefening op die gekose instrument te kan uitvoer;
- ŉ eie wêreldbeskouing kan uitdruk tydens die toepassing van ŉ verskeidenheid uitvoeringspraktyke in die hoedanigheid as verantwoordelike uitvoerende kunstenaar.

Metode van aflewering: voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 50%
Semester eksamen 1X2 hour — gewig: 50%

Modulekode: MZSU379	Jaarmodule	NKR Vlak: 6

Titel: Klawerbordvaardighede

Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student

- ŉ afgeronde en sistematiese kennisbasis en begrip van musiek te hê met betrekking vorm, struktuur, frasering en keuses van tempi, toonsoorte, modulasies en dinamiek, asook die basiese reëls van vingersettings;
- bladlees vaardighede met gevorderde en uitdagende stukke te demonstreer;
- gevorderde en uitdagende stukke (insluitend duette en ensembles) in enkelvoudige en saamgestelde twee-, drie- en vierslagmaat, met albei hande tesame te speel;
- ŉ selfstudie (wat die student onafhanlik instudeer) en ŉ snelstudie (wat die student 24 uur voor die eksamen ontvang, akkuraat uit te voer en
- bewus te wees van die diversiteit van al die genres wat in hierdie module gespeel word.

Metode van aflewering: voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 60%
Semester eksamen 1X2 hour — gewig: 40%

Modulekode: MZSY219	Semester 1	NKR-vlak: 5

Titel: Afrikamusiek

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student ŉ basiese begrip kan demonstreer van die volgende:

- die beduidendheid van Afrikamusiek binne die konteks van wêreldmusiek;

- die konsepte ‘Afrikamusiek’; ‘historiese bewaring van Afrikamusiek’ en ‘die praktyk van Afrikamusiekuitvoering’;
- die basiese strukturele kenmerke van Afrikamusiek;
- die sleutelelemente van die rol van Afrikamusiek in die Afrika-samelewing;
- die rol van deelname aan uitvoerende groepe en die kriteria vir die werwing en opleiding van musikante.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZSY229	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Afrikamusiek

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student ’n begrip demonstreer van die volgende:

- die rol van musiek in Tswana- en Sotho-kulture;
- die gebruik van die uhadi-boog in musikale ensembles;
- metodes wat gebruik word om die uhadi-boog te maak;
- die basiese vaardighede vir die speel van die uhadi-boog;
- die gebruik van die tonale-verskuiwingsbeginsel in Nguni-, Tswana- en Vendamusiek.

Metode van aanbieding: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en take – gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 ure – gewig: 40%

Modulekode: MZSY319	Semester 1	NKR Vlak: 6

Titel: Afrikamusiek

Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student

- ’n afgeronde en sistematiese kennisbasis en begrip van die rol van dans in Afrikamusiek te hê en
- inligting oor die koordans en liedere van die Xhosa, die Sotho-Tswana, die Zulu en die Venda gemeenskappe krities te analiseer, sintetiseer, evalueer en integreer.

Metode van aflewering: voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 60%
Semester eksamen 1X2 hour — gewig: 40%

Modulekode: MZSY329	Semester 2	NKR Vlak: 6

Titel: Afrikamusiek

Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die student

- ’n afgeronde en sistematiese kennisbasis van Afrika poliritmiese strukture, asook die rol van transkripsie as ’n navorsingsvaardigheid in die bewaring van Afrikamusiek te hê;
- die rol van musiek in verskeie Suid-Afrikaanse kulture krities te analiseer, sintetiseer, evalueer en integreer;
- in staat te wees om die essensiële prosedures, prosees en tegnieke wat in die uitvoering van Afrikamusiek gebruik word vir die werwing en opleiding van musici toe te pas.

Metode van aflewering: voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en opdragte — gewig: 60%
Semester eksamen 1X2 hour — gewig: 40%

L.8.10 MUSIEK [VIR BA MET MUSIEKVAKKE EN BMUS]

Modulekode: MUSA221	Semester 2	NKR-vlak: 6

Titel: Afrikamusiek
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om die volgende te kan uitvoer: • perkussie-musiek; • verskeidenheid van vokale groepsliedere.
Metode van aflewering: Voltyds
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSA311	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Afrikamusiek		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om die volgende te kan beskryf: • die algemene sosiale rol van Afrikamusiek; • die basiese strukturele eienskappe van Afrikamusiek.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		

Modulekode: MUSA321	Semester 2	NKR-vlak: 7
Titel: Afrikamusiek		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om die beginsels van veldwerknavorsing, transkripsie en notasie in haar/sy eie navorsing te kan aanwend.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		

Modulekode: MUSA411	Semester 1	NKR-vlak: 8
Titel: Afrikamusiek		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • tendense in Afrikamusieknavorsing te kan bespreek en evalueer; • die aanwending van virtuele databasisse in navorsing te kan bespreek en demonstreer; • die effektiewe gebruik van oudio-visuele toerusting in navorsing te kan demonstreer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		

Modulekode: MUSA421	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Afrikamusiek		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • gevorderde transkripsie van Afrikamusiek te kan doen; • omvattende kennis te kan demonstreer van die manier waarop Afrikafilosofie verband hou met musikale kreatiwiteit en estetika; • deeglike insig te kan demonstreer in ŉ uitgebreide werkstuk van enige toepaslike aspek van Afrikamusiek soos deur die dosent goedgekeur.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		

Modulekode: MUSB312	Semester 1	NKR-vlak: 7
Titel: Kunstebestuur		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om die basiese beginsels van kunstebestuur te begryp en in die beplanning van ŉ artifisiële kunste-gebeurtenis toe te pas.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: MUSB322	**Semester 2**	**NKR-vlak: 7**
Titel: Kunstebestuur		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om gevorderde prosedures ten opsigte van kunstebestuur (insluitend fondswerwing) in die gemeenskap toe te pas.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: MUSC311	**Semester 1**	**NKR-vlak: 7**
Titel: Musiektegnologie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • die Finale en Sibelius musieknotasieprogramme effektief te kan gebruik, en die beginsels van musieknotasie te kan toepas in die voorbereiding en druk van ŉ volledige partituur; • musiektegnologie in onderrigstituasies sinvol kan aanwend en die rol van musieknotasie in musiekopvoeding kan bespreek deur middel van ŉ verskeidenheid media; • die belangrikste teoretiese beginsels van die MIDI-spesifikasie en digitale musiekprosessering te begryp en toe te pas.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%		
Modulekode: MUSC321	**Semester 2**	**NKR-vlak: 7**
Titel: Musiektegnologie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • die estetiese kwessies rondom die aanwending van musiektegnologie in musiekuitvoerings en komposisie in aanmerking te neem tydens die beplanning en aanbieding van ŉ verskeidenheid musikale aktiwiteite; • ŉ multimedia voorstelling oor ŉ spesifieke aspek van hierdie onderwerpe kan produseer en aanbied; • ŉ klankopname van beperkte omvang deur middel van digitale musiekprosessering te produseer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%		
Modulekode: MUSC411	**Semester 1**	**NKR-vlak: 8**
Titel: Musiektegnologie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om meer gevorderde beginsels van digitale musiekprosessering te begryp en prakties toe te pas.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes:		

Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSC421	Semester 2	NKR-vlak: 8

Titel: Musiektegnologie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om komplekse klankopnames deur middel van digitale musiekprosessering te produseer. Die klankopnames sal die student se eie skeppende werk insluit.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSE211	Semester 1	NKR-vlak: 6

Titel: Metodiek van hoofinstrument

Module-uitkomste:

Klavier
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- ŉ sinvolle oefenprogram te beskryf en in die praktyk toe te pas;
- die grondbeginsels van ŉ goeie klaviertegniek sistematies uiteen te sit;
- repertorium uit alle stylperiodes vir die beginner voor te skryf;
- ŉ grondige begrip van die UNISA Gr 1 en 2 sillabus vir klaviereksamens te illustreer.

Sang
Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om fundamentele kennis van
- die meganisme van die larinks weer te gee tydens mondelinge en skriftelike assesseringsgeleenthede;
- asemhalingsmetodes in sang en die verband tussen asemhaling, postuur en fonering weer te gee deur ŉ referaat oor die onderwerp te skryf;
- die algemeenste terme in sang weer te gee deur ŉ lys met definisies saam te stel;
- effektiewe oefenmetodes in sang te demonstreer tydens mondelinge en skriftelike assesseringsgeleenthede;
- die uitspraak van Duits te demonstreer tydens die voorlees van Duitse librettos;
- voorgeskrewe Arie Antiches, Vaccai Vocalises en Brahms volksliedere te demonstreer deur die werke tydens ŉ luistertoets te identifiseer.

Fluit
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- ŉ sinvolle oefenprogram te beskryf en in die praktyk toe te pas;
- die grondbeginsels van ŉ goeie fluittegniek sistematies uiteen te sit;
- repertorium uit alle stylperiodes vir die beginner voor te skryf;
- ŉ grondige begrip van die UNISA Gr 3 en 4 sillabus vir fluiteksamens te illustreer.

Viool
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- uitkomste planmatig te formuleer;
- insig te hê in beginsels van tegniek van vioolspel;
- beginsels van tegniek van vioolspel prakties aan te wend;
- spesifieke meesterwerke vir viool te kan identifiseer;
- beginsels van leer toe te pas wanneer jy oefen;
- spesifieke oefenmetodes aan te wend wanneer jy oefen ;
- te oordeel oor standaarde van vioolspel.

Orrel
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die basiese beginsels van orrelbou te kan verduidelik;
- die term "register" te kan definieer en 'n oorsig te kan gee oor die indeling van die registers en dit toe te lig met voorbeelde;
- klankproduksie by labiale en linguale pype te kan beskryf;
- die aksie van 'n sleeplaai-meganiek te kan beskryf;
- die ontstaan en ontwikkeling van die orrel tot en met die Barok te kan bespreek;
- vertroud te wees met die repertorium vir die orrelbeginner tot en met Graad IV (Unisa-sillabus).

Fagot
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die antieke dubbelrietinstrumente en dié buite Europa te ken en hulle eienskappe te bespreek;
- die dubbelrietinstrumente van die Middeleeue en Renaissance te ken en hulle eienskappe te verduidelik;
- die vroeë ontwikkeling van die fagot to 1800 te verduidelik;
- die eienskappe van die vroeë fagotriet te bespreek;
- die ontwikkeling van die moderne fagot te verduidelik;
- die fagotte van verskillende groottes te noem en hulle hoofeienskappe te verduidelik;
- die kontrafagot se bou-, speel- en klankeienskappe te verduidelik;
- die hoofeienskappe van ander instrumente wat aan die fagot verwant is, te bespreek.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSE221	Semester 2	NKR-vlak: 6

Titel: Metodiek van hoofinstrument

Module-uitkomste:

Klavier
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die geskiedenis, reëls en metodiek van vingersetting in klavierspel te beskryf en toe te pas;
- die rol van memorisering in klaviermusiek, asook die wyses waarop klaviermusiek gememoriseer kan word, te verduidelik;
- gewoontes wat swak bladlees tot gevolg het, te isoleer;
- wenke ter verbetering van bladlees voor te stel en werke geskik vir bladlees te gradeer;
- die werking van die pedaal te verduidelik, funksionele pedaalgebruik te bespreek en die verskillende tegnieke van pedaalgebruik te definieer en te demonstreer;
- frasering en artikulasie in klavierspel te definieer en die verskil tussen beide te verduidelik;
- repertorium van voorgeskrewe komponiste vanaf noot- en luistervoorbeelde te herken;
- 'n grondige begrip van die UNISA Gr. 3 en 4 sillabus vir klaviereksamens te illustreer.

Sang
Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- gevorderde kennis van die belangrikheid en toepassing van diksie en artikulasie by sang weer te gee tydens mondelinge en skriftelike assesseringsgeleenthede;
- geprojekteerde spraak as 'n pedagogiese hulpmiddel vir sang te kan navors en in 'n

referaat te kan beskryf;
- stemregisters en stemresonansie, asook hoe om stembreuke te minimaliseer en te remedieer, deeglik te kan bespreek en prakties te kan demonstreer;
- grondige kennis van die uitspraak van Italiaans te demonstreer in die voorlees van Italiaanse librettos;
- gevorderde kennis van voorgeskrewe resitatiewe en arias uit geselekteerde oratoriums van Handel, operas van Mozart en kunsliedere van Schubert, Schumann en Brahms te demonstreer deur die werke tydens ŉ luistertoets te identifiseer.

Fluit
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die verskillende aspekte van fluitonderrig as professie te kan ontgun en erken;
- met vertroue so ŉ beroep te volg;
- die beginsels van ŉ goeie fluittegniek sistematies uiteen te sit en toe te pas;
- repertorium uit die voorgeskrewe stylperiodes te kan voorskryf;
- ŉ grondige begrip van die UNISA Gr. 4 en Gr.5 sillabus vir fluiteksamens te illustreer.

Viool
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- beginsels van onderrig te verduidelik;
- metodes van vioolonderrig vir beginners oorsigtelik te beskryf;
- skole van vioolspel en –onderrig te onderskei;
- bepaalde oefenmetodes toe te pas;
- spesifieke meesterwerke vir viool te kan identifiseer;
- standaarde van vioolspel te evalueer.

Orrel
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- ŉ deeglike kennis te hê van die Romantiese orrelbou, klankkonsepte en negentiende-eeuse bouers;
- ŉ oorsig te kan gee oor die orrelbou van die twintigste eeu;
- ŉ oorsig te kan gee oor orrelbou in Suid-Afrika;
- vertroud te wees met die repertorium vir die orrelbeginner tot en met Graad V (Unisa sillabus).

Fagot
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- met goeie motivering te verduidelik waaruit die eerste fagotlesse vir ŉ beginner behoort te bestaan;
- opvoedkundig voldoende kennis te hê om die beginner met deernis en entoesiasme te lei tot die nuwe ontdekkings met betrekking tot fagotspel;
- te verduidelik en te motiveer watter aspekte in welke les tydens die eerste lesreeks van die beginner aan die orde kom;
- goeie optimale asemhaling met betrekking tot fagotspel te verduidelik en te demonstreer, en om sinvolle oefeninge vir die ontwikkeling daarvan aan te beveel;
- die spiergebruik tydens fagotspel te verduidelik, te demonstreer en te assesseer;
- die embouchure waarmee die Duitse fagotklank geproduseer word, te verduidelik en te demonstreer, en om foute met betrekking tot embouchure op te spoor;
- tongslag tydens die fagotspel te verduidelik en te demonstreer, en om foute ten opsigte van tongslag op te spoor
- verskillende tongslag- en artikulasietipes te demonstreer en te onderrig;
- verskillende doelgerigte oefeninge ten opsigte van tongslag- en artikulasietipes aan te beveel;

- aanbiedingmetodes van kennis, sinvolle suggesties, metafore en ander didaktiese metodes ten opsigte van die aanleer en verbetering van die tegniese aspekte van fagotspel te ken en te assesseer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSE311	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Metodiek van hoofinstrument

Module-uitkomste:

Klavier
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die noodsaaklikheid van kritiese luistervaardighede in klavieronderrig te motiveer;
- ŉ oorsig te gee oor die klavierpedagogiese denkskole van die negentiende en twintigste eeu;
- die onderrigmetodiek van die belangrikste klavierpedagoë krities te bespreek;
- die geskiedenis en ontwikkeling van die klavier omvattend te beskryf;
- musikale inisiatief te toon in die redigering van ongeredigeerde klavierwerke;
- klavierpedagogiese probleme/vrae van algemene en spesifieke aard met duidelike begrip op te los/geartikuleerd te beantwoord;
- klavierrepertorium uit die Romantiek vanaf noot- en/of luistervoorbeelde te herken.

Sang
Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- gevorderde kennis van die aard van die jong stem en die wyse waarop stemvorming by ŉ beginner kan plaasvind te demonstreer in skriftelike en mondelinge assesseringsgeleenthede;
- gevorderde kennis van die algemene beginsels van sangonderrig en die onderrig-leerstrategieë wat in sang toegepas kan word te demonstreer deur ŉ referaat oor die onderwerp te skryf en ook tydens praktiese kontaksessies;
- grondige kennis van oudisies te demonstreer deur leerling vir ŉ oudisie te neem.
- grondige kennis van die algemeenste stemfoute by die beginnerleerling en die remediëring daarvan te demonstreer in die skryf van ŉ referaat en praktiese lesse;
- grondige kennis van voorgeskrewe kunsliedere van Strauss, Mahler en Wolf te demonstreer deur die werke tydens ŉ luistertoets te identifiseer.

Fluit
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die sentrale tema vir dié jaar nl. " Beluistering en Uitvoering van Barok – Fluitmusiek " met insig te bespreek en in fluitspel en –onderrig kan toepas;
- die geskiedenis van fluitpedagogie asook die spesifieke denkskole van Galway, De Bost, Hotteterre, Quantz e.a. duidelik uiteen te sit en te verduidelik ;
- die toepassing van ŉ wetenskaplike metode in fluitonderrig omvattend te bespreek;
- die eienskappe, take en onderrigmetode van die moderne fluitonderwyser te beskryf en te bespreek;
- die geskiedenis en ontwikkeling van die fluit te beskryf asook die bou, eienskappe en meganiek van die Traverso asook ander fluite te bespreek;
- ŉ prosedure vir musiekredaksie met insig toe te pas;
- probleme by sy/haar proefleerling met vertroue te diagnoseer en te remedieer;
- die fluitrepertorium uit die Barok te herken vanaf luister- en/of nootvoorbeelde.

Viool

Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die Meta-model te verduidelik en toe te pas;
- spesifieke meesterwerke vir viool uit te ken;
- oefenmetodes te verduidelik en te demonstreer;
- beginsels van musikale afronding te kan verduidelik en toe te pas;
- standaarde van vioolspel te kan evaluee;
- meta-programme te kan verduidelik en toe te pas.

Orrel

Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die basiese beginsels van orreltegniek te kan verduidelik en toepas in die proeflesse;
- die algemene beginsels vir vinger- en voetsettings te kan beskryf;
- verskillende oefenmetodes te kan bespreek;
- die algemene registrasiebeginsels te beskryf;
- die voorgeskrewe stukke vir die Graad VI orreleksamens soos vervat in die sillabus van Unisa te kan bespreek;
- die repertorium vir beginners te kan beskryf;
- die belangrikste orrelmetodes te kan bespreek en evalueer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSE321	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: Metodiek van hoofinstrument

Module-uitkomste:

Klavier

Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die ontwikkeling van luistervaardighede en die ontginning van ŉ fyn onderskeidingsvermoë in klavierspel duidelik toe te lig;
- ŉ oorsig te gee oor die beginsels wat geld om ŉ wetenskaplike metode in klavieronderrig sinvol te maak;
- die probleme en vereistes van beginnersonderrig m.b.t. klavier in al sy fasette omvattend te bespreek;
- die belangrike aspekte van tyd, ritme, tempo en rubato in klavierspel en -onderrig te beredeneer;
- die noodsaaklikheid van ontspanning in klavierspel met insig te begrond;
- klavierpedagogiese probleme/vrae van algemene en spesifieke aard met duidelike begrip op te los/geartikuleerd te beantwoord;
- klavierconcerti uit alle styltydperke vanaf noot- en/of luistervoorbeelde te herken.

Sang

Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- gevorderde kennis van die teorieë van stemklassifikasie, asook die rol wat timbre en omvang daarin speel, weer te gee in skriftelike en mondelinge assesseringsgeleenthede;
- gevorderde kennis van die bel canto en die verismo style, asook van die konsep fach te demonstreer in die skryf van ŉ referaat;
- ŉ program vir ŉ kandidaat saam te stel uit UNISA en Royal Schools se kurrikulums vir praktiese sangeksamens;
- ŉ studenteleerling te onderrig met die toepassing van onderrigleerbeginsels en metodologie wat tot dusver bemeester is;
- ŉ grondige kennis van die liriese uitspraak van Frans, soos gebruik in sang, te

demonstreer deur die lees van Franse librettos;
- grondige kennis te hê van voorgeskrewe kunsliedere van Fauré, Debussy, Duparc, Gounod, Chabrier, Bizet, Franck en Hahn deur die werke tydens 'n luistertoets te identifiseer.

Fluit
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die sentrale tema vir dié tweede semester nl. " Beluistering en Uitvoering van Romantiese en Moderne – Fluitmusiek " met insig te bespreek en in fluitspel en – onderrig kan toepas;
- die geskiedenis van fluitpedagogie asook die spesifieke denkskole van Galway, De Bost, Moyse, Wye e.a. duidelik uiteen te sit en te verduidelik ;
- die toepassing van 'n wetenskaplike metode in fluitonderrig omvattend te bespreek;
- die eienskappe, take en onderrigmetode van die moderne fluitonderwyser te beskryf en te bespreek;
- die geskiedenis en ontwikkeling van die fluit te beskryf asook die bou, eienskappe en meganiek van die moderne dwarsfluit asook ander fluite te bespreek;
- 'n prosedure vir musiekredaksie met insig toe te pas;
- probleme by sy/haar proefleerling met vertroue te diagnoseer en te remedieer;
- die fluitrepertorium uit die Romantiese en Moderne tydperk te herken vanaf luister- en/of nootvoorbeelde.

Viool
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die basiese onderrig startegie van meester vioolonderwyser Dorothy DeLay te kan verduidelik en toe te pas;
- voorveronderstellings soos uiteengesit in die Milton Model te kan identifiseer en aan te wend;
- waardestelsels soos deur Clare Graves beskryf te kan identifiseer en verduidelik, en jou interaksie met mense daarvolgens te kan struktureer;
- spesifieke meesterwerke vir viool uit te ken;
- standaarde van vioolspel te kan evalueer.

Orrel
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- 'n grondige kennis te hê van die praktyke van orrelregistrasie;
- 'n volledige oorsig te kan gee oor die orrelwerke van J S Bach;
- vertroud te wees met die repertorium vir Graad VII (Unisa sillabus).

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSE411	Semester 1	NKR-vlak: 8

Titel: Metodiek van hoofinstrument

Module-uitkomste:

Klavier
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die kuns van uitvoering, konsertvoorbereiding en die hantering van verhoogangs grondig te bespreek;
- L. McKinnon se Music Secrets na 'n kritiese beskouing as 'n wetenskaplike metode in klavieronderrig te herformuleer;
- Joseph en Rosina Lhevinne en Vera K. Smith se onderrigmetode te interpreteer en in die oefenkamer/lessituasie toe te pas;

- toonkleur m.b.t. klavierspel met insig te beredeneer;
- die uitvoeringspraktyk van klavierwerke uit die Barok- en Klassieke styltydperke omvattend te bespreek;
- die begrippe 'body mapping' en kinestesie by die pianis te verduidelik;
- probleme by 'n proefleerling met vertroue te diagnoseer en te remedieer;
- klavierrepertorium van GF Händel en JS Bach vanaf noot- en/of luistervoorbeelde te herken.

Sang
Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- 'n referaat te skryf waarin 'n selfstandige vergelyking getref word tussen die bel canto, verismo en zarzuela style.
- selfstandige kennis van die styl en interpetasie van die Duitse en die Franse kunslied te demonstreer in die skryf van 'n referaat;
- selfstandige kennis van die fisiese gesondheid van die sanger, met inbegrip van laringeo-pharyngineal-reflux, algemene fiksheid, medikasie en die stille mishandeling van die stemvoue te demonstreer in die skryf van 'n referaat;
- 'n studenteleerling te onderrig met die toepassing van onderrigleerbeginsels en metodologie wat tot dusver bemeester is;
- grondige kennis van die metodes om Engels vir nie-Engelssprekende sangers aan te leer tydens praktiese lesse;
- grondige kennis van voorgeskrewe werke uit operas van Donizetti, Puccini en Verdi te demonstreer deur die werke tydens 'n luistertoets te identifiseer.

Fluit
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die sentrale tema vir dié eerste semester nl. "Onderrig en Gevorderde Fluittegniek " met insig te bespreek, en in fluitspel en onderrig te kan toepas;
- die geskiedenis van fluitpedagogie asook die spesifieke denkskole van Hotteterre, Quantz, Galway, De Bost, Moyse, Wye e.a. duidelik uiteen te sit en te verduidelik ;
- die toepassing van 'n wetenskaplike metode in fluitonderrig omvattend te bespreek;
- die eienskappe, take en onderrigmetode van die moderne fluitonderwyser te beskryf en te bespreek;
- probleme by sy/haar proefleerling met vertroue te diagnoseer en te remedieer;
- die fluitrepertorium uit die alle tydperke te herken vanaf luister- en/of nootvoorbeelde.

Viool
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die Milton Model te gebruik met leerlinge;
- 'sleight of mouth' taalpatrone te gebruik met leerlinge;
- gevorderde oefenmetodes aan te wend wanneer jy oefen;
- spesifieke meesterwerke vir viool te kan identifiseer;
- te oordeel oor standaarde van vioolspel.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSE421	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Metodiek van hoofinstrument		
Module-uitkomste:		

Klavier
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- Joseph Hofmann se onderrigmetode te interpreteer en in die oefenkamer/ lessituasie toe te pas;
- ŉ oorsig te gee oor die opvoedkunde se belangrikste leerteorieë;
- die begrip 'interpretasie' geartikuleerd toe te lig en vervolgens te beredeneer of daar wetmatighede in die uitvoeringspraktyk van musiek bestaan;
- die uitvoeringspraktyk van Debussy en Ravel se klaviermusiek te bespreek;
- probleme by ŉ proefleerling met vertroue te diagnoseer en te remedieer;
- klavierrepertorium van CA Debussy en M Ravel asook van die toonaangewende komponiste van die twintigste eeu vanaf noot- en/of luistervoorbeelde te herken.

Sang
Na suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- ŉ program saam te stel vir ŉ konsert van 60 minute wat verteenwoordigend van verskillende genres en style is;
- ŉ program saam te stel vir repertorium wat geskik is vir kunstefeeste/ kunswedstryde, asook assesseringskriteria vir ŉ beoordelaar te bepaal;
- grondige kennis van die beginsels van ensemble en koorwerk te toon tydens praktiese kontaksessies en deur ŉ referaat oor die onderwerp te skryf;
- ŉ studenteleerling te onderrig met die toepassing van onderrigleerbeginsels en metodologie wat tot dusver bemeester is;
- ŉ grondige kennis van voorgeskrewe werke uit operas van Bizet en Massenet te demonstreer deur die werke tydens ŉ luistertoets te identifiseer.

Fluit
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- die sentrale tema vir die tweede semester nl. "Analise en Interpretasie" met insig te bespreek, en in fluitspel en onderrig te kan toepas;
- die sienings van fluitpedagoë asook die spesifieke denkskole van Hotteterre, Quantz, Galway, De Bost, Moyse, Wye, e.a. duidelik uiteen te sit en te verduidelik m.b.t. die analise en interpretasie van verskeie fluitwerke;
- die toepassing van ŉ wetenskaplike metode in analise en interpretasie omvattend te bespreek;
- die eienskappe en onderrigmetode van gevorderde fluittegniek aan die moderne fluitis te beskryf en te bespreek;
- probleme by u proefleerling met vertroue te diagnoseer en te remedieer;
- fluitrepertorium uit alle tydperke te herken vanaf luister- en/of nootvoorbeelde.

Viool
Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- "sleight of mouth"-taalpatrone met gemak te gebruik met leerlinge;
- die Meta-model, Milton-model en "sleight of mouth"-taalpatrone geïntegreerd te gebruik;
- konsepte vir gevorderde oefenmetodes te verstaan;
- gevorderde oefenmetodes aan te wend;
- proeflesse te gee wat u ontwikkeling as onderwyser weerspieël;
- spesifieke meesterwerke vir viool te kan identifiseer;
- te oordeel oor standaarde van vioolspel.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSH171	Jaarkursus	NKR-vlak: 5
Titel: Gehooropleiding		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • eenvoudige ritmiese en eenstemmige melodiese frases te kan noteer en intervalle, modi en ander toonreekse te kan herken; • toontrefoefeninge, toonreekse, intervalle en bladsangoefeninge op solfa te kan sing; • onvolledige, volledige en uitgebreide kadense in enige majeur- en mineurtoonsoort met gebruikmaking van die dominant vierklank aan die klavier te kan realiseer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: MUSH271	**Jaarkursus**	**NKR-vlak: 6**
Titel: Gehooropleiding		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • moeiliker ritmes, een- en tweestemmige melodiese frases te kan noteer en intervalle, toonreekse en drieklanke te kan herken; • toonreekse, intervalle, drieklanke en bladsangoefeninge op solfa te kan sing; • harmonisasie van majeur- en mineurtoonlere, gebruik van tussendominante, harmonisering van kadense in enige majeur- en mineurtoonsoort, asook eenvoudige koraalmelodieë aan die klavier te kan realiseer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: MUSH371	**Jaarkursus**	**NKR-vlak: 7**
Titel: Gehooropleiding		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • gevorderde ritmes, een-, twee- en driestemmige melodiese frases (diatonies, modaal en chromaties) te kan noteer en intervalle, toonreekse en drie- en vierklanke te kan herken; • toonreekse, vierklanke, intervalle, en bladsangoefeninge in verskillende sleutels met verskeie modulasies, improvisasie en voltooing van gegewe voorsinne op solfa te kan sing; • harmonisasie en voltooiing (ook met modulasie) van voorsinne en die besyferdebaspraktyk aan die klavier te kan realiseer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: MUSK311	**Semester 1**	**NKR-vlak: 7**
Titel: Komposisie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om ŉ verskeidenheid algemene komposisietegnieke op ŉ inleidende vlak individueel en in groepsverband te kan toepas.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 40% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 60%		
Modulekode: MUSK321	**Semester 2**	**NKR-vlak: 7**
Titel: Komposisie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		

algemene komposisietegnieke in ŉ komposisieportefeulje van beperkte omvang te kan toepas.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 40% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 60%		
Modulekode: MUSK411	**Semester 1**	**NKR-vlak: 8**
Titel: Komposisie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om gevorderde komposisie- en orkestrasie tegnieke te kan toepas.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 40% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 60%		
Modulekode: MUSK421	**Semester 2**	**NKR-vlak: 8**
Titel: Komposisie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om gevorderde komposisie- en orkestrasietegnieke in ŉ portefeulje van komposisies te kan toepas. ŉ Gedeelte van die komposisies vervat in die portefeulje moet tydens ŉ openbare konsert uitgevoer word.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 40% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 60%		
Modulekode: MUSM411	**Semester 1**	**NKR-vlak: 8**
Titel: Navorsingsmetodologie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om die beginsels van navorsing te kan toepas in die skryf van ŉ navorsingsvoorstel.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 40% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 60%		
Modulekode: MUSO111	**Semester 1**	**NKR-vlak: 5**
Titel: Musiekopvoeding		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • die basiese beginsels, doelstellings en doelwitte van musiekopvoedkunde te begryp; • die elemente en aktiwiteite van musiekopvoedkunde in die junior en senior primêre fase te begryp en praktiese te demonstreer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: MUSO211	**Semester 1**	**NKR-vlak: 6**
Titel: Musiekopvoeding		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • die musikale groei en ontwikkeling van die kind te begryp aan die hand van leer- en ontwikkelingsteorieë; • die huidige graad 8-sillabus t.o.v. musiek krities te evalueer; • onderwysstrategieë, metodes en vaardighede te ontwikkel sodat Instrumentale Musiek suksesvol aan ŉ sekondêre skool onderrig kan word; • liedere en notasie-oefeninge op solfa, solfahandtekens en ritmename te sing, herhaal, inoefen en hanteer in klasverband of individueel; werke uit die sopraan		

blokfluitrepertorium voor te dra; liedere op die klavier, Orff instrumentarium, kitaar of klawerbord te sing en te begelei; en werke uit die koorrepertorium te dirigeer;
- in 'n multikulturele omgewing aktief deel te neem aan die opvoedkundige gemeenskapsprojek en 'n konsert aan die einde van die semester te beplan en aan te bied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSO221	Semester 2	NKRvlak: 6

Titel: Musiekopvoeding

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die basiese beginsels van groepmusiekonderrig in die pre-primêre fase, graad 0 en graad 1 te begryp en prakties te demonstreer;
- die huidige graad 9-sillabus t.o.v. musiek krities te evalueer;
- onderwysstrategieë, metodes en vaardighede te ontwikkel sodat Instrumentale Musiek suksesvol aan 'n sekondêre skool onderrig kan word;
- liedere en notasie-oefeninge op solfa, solfahandtekens en ritmename te sing, herhaal, inoefen en hanteer in klasverband of individueel; werke uit die sopraan blokfluitrepertorium voor te dra; liedere op die klavier, Orff instrumentarium, kitaar of klawerbord te sing en te begelei; en werke uit die koorrepertorium te dirigeer;
- in 'n multikulturele omgewing aktief deel te neem aan die opvoedkundige gemeenskapsprojek en 'n konsert aan die einde van die semester te beplan en aan te bied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSO311	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Musiekopvoeding

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- teoretiese beginsels van musiekopvoeding toe te pas deur bestudering en analise van aktuele onderwerpe en situasies; en
- die huidige graad 10- tot 11-sillabus t.o.v. musiek krities te evalueer;
- gevorderde onderwysstrategieë, metodes en vaardighede te ontwikkel sodat Instrumentale Musiek suksesvol aan 'n sekondêre skool onderrig kan word;
- liedere en notasie-oefeninge op solfa, solfahandtekens en ritmename te sing, herhaal, inoefen en hanteer in klasverband of individueel; werke uit die sopraan- en altblokfluitrepertorium voor te dra; liedere op die klavier, Orff instrumentarium, kitaar of klawerbord te sing en te begelei; en werke uit die koorrepertorium te dirigeer;
- in 'n multikulturele omgewing aktief deel te neem aan die opvoedkundige gemeenskapsprojek en 'n konsert aan die einde van die semester te beplan en aan te bied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSO321	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: Musiekopvoeding

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- sinvol te kommunikeer oor kontemporêre teorieë in musiekopvoeding;
- die huidige graad 12-sillabus t.o.v. musiek krities te evalueer;
- gevorderde onderwysstrategieë, metodes en vaardighede te ontwikkel sodat Instrumentale Musiek suksesvol aan ŉ sekondêre skool onderrig kan word;
- liedere en notasie-oefeninge op solfa, solfahandtekens en ritmename te sing, herhaal, inoefen en hanteer in klasverband of individueel; werke uit die sopraan- en altblokfluitrepertorium voor te dra; liedere op die klavier, Orff instrumentarium, kitaar of klawerbord te sing en te begelei; en werke uit die koorrepertorium te dirigeer;
- in ŉ multikulturele omgewing aktief deel te neem aan die opvoedkundige gemeenskapsprojek en ŉ konsert aan die einde van die semester te beplan en aan te bied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSO411	Semester 1	NKR-vlak: 8

Titel: Musiekopvoeding

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- tendense t.o.v. groepsmusiek in die twintigste eeu te begryp en ŉ persoonlike filosofie te formuleer;
- onderwerpe in lesbeplanning en onderrigsituasies toe te pas;
- liedere en notasie-oefeninge op solfa, solfahandtekens en ritmename te sing, herhaal, inoefen en hanteer in klasverband of individueel; werke uit die sopraan-, alt- en sopraninoblokfluitrepertorium voor te dra; liedere op die klavier, Orff instrumentarium, kitaar of klawerbord te sing en te begelei; en werke uit die koorrepertorium te dirigeer;
- in ŉ multikulturele omgewing aktief deel te neem aan die opvoedkundige gemeenskapsprojek en ŉ konsert aan die einde van die semester te beplan en aan te bied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSO421	Semester 2	NKR-vlak: 8

Titel: Musiekopvoeding

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- geselekteerde onderwerpe in musiekopvoeding te begryp en sinvol daaroor te kommunikeer;
- huidige sillabusse krities te evalueer
- liedere en notasie-oefeninge op solfa, solfahandtekens en ritmename te sing, herhaal, inoefen en hanteer in klasverband of individueel; werke uit die sopraan-, alt- en sopraninoblokfluitrepertorium voor te dra; liedere op die klavier, Orff instrumentarium, kitaar of klawerbord te sing en te begelei; en werke uit die koorrepertorium te dirigeer;
- in ŉ multikulturele omgewing aktief deel te neem aan die opvoedkundige gemeenskapsprojek en ŉ konsert aan die einde van die semester te beplan en aan te bied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSR319	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Koorleiding

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

die basiese dirigeertegnieke te demonstreer en prakties voor 'n koor toe te pas.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 40% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 60%		
Modulekode: MUSR329	**Semester 2**	**NKR-vlak: 7**
Titel: Koorleiding		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om elementêre koorrepertorium met 'n koor in te studeer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 40% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 60%		
Modulekode: MUST111	**Semester 1**	**NKR-vlak: 5**
Titel: Musiekteorie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • deur analise van komposisies uit die Barokperiode insig te verkry in die wyse waarop komponiste te werk gegaan het; • basiese vaardighede wat noodsaaklik is vir begrip van die struktuur van 'n komposisie toe te pas in die ontleding van eenvoudige komposisies; • harmoniese en kontrapuntale prosedures uit die Barokperiode te kan toepas.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%		
Modulekode: MUST121	**Semester 2**	**NKR-vlak: 5**
Titel: Musiekteorie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • deur analise van komposisies uit die Barokperiode en ander tydperke insig te verkry in die wyse waarop komponiste te werk gegaan het; • die harmoniese en kontrapuntale prosedures self te kan toepas in "pastiche"-werk; • vaardighede wat noodsaaklik is vir begrip van die struktuur van 'n komposisie toe te pas in die ontleding van komposisies.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%		
Modulekode: MUST211	**Semester 1**	**NKR-vlak: 6**
Titel: Musiekteorie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • deur analise van komposisies insig te verkry in die wyse waarop komponiste van die Klassieke en Barok tydperk te werk gegaan het; • die harmoniese en kontrapuntale prosedure uit hierdie tydperke te kan toepas; • die struktuur van komposisies in verskeie vorme te ontleed.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%		
Modulekode: MUST221	**Semester 2**	**NKR-vlak: 6**
Titel: Musiekteorie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om		

- deur analise van komposisies insig te verkry in die wyse waarop komponiste van die Klassieke en Barok tydperke te werk gegaan het;
- hierdie prosedures self te kan toepas in “pastiche”-werk;
- die struktuur van komposisies in verskeie vorme te ontleed;
- die tradisionele beskouing van vormleer te begryp en te kan evalueer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUST311	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Musiekteorie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- deur analise van komposisies uit die Romantiese tydperk asook polifone werke uit die sestiende en agtiende eeu insig te verkry in die wyse waarop komponiste te werk gegaan het en in die prosesse binne musikale strukture;
- harmoniese en kontrapuntale prosedures te kan toepas;
- tyd, timbre, register en tekstuur as aspekte van musikale strukture te bespreek.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUST321	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: Musiekteorie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- deur analise van komposisies uit die Romantiese tydperk en die fugas van die agtiende eeu insig te verkry in die wyse waarop komponiste te werk gegaan het en in die prosesse binne musikale strukture;
- hierdie prosedures te kan toepas in “pastiche”-werk;
- die musikale strukture van verskillende tydperke met mekaar te vergelyk.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUST411	Semester 1	NKR-vlak: 8

Titel: Musiekteorie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- deur analise van komposisies uit die twintigste eeu insig te verkry in ŉ aantal wyses waarop musiektekstures geskep en ontleed word;
- deur kennismaking met die terminologie en teorieë oor “neo-tonale” en nie-tonale musiek op geartikuleerde wyse oor die musiek te kan kommunikeer;
- tot ŉ beperkte mate tegnieke op kreatiewe wyses te kan toepas.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUST421	Semester 2	NKR-vlak: 8

Titel: Musiekteorie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- deur analises en besprekings van komposisies uit die twintigste eeu insig te vertoon in die wyses waarop musikale strukture uit nie-tonale teksture geskep en ontleed kan word;
- op ŉ geartikuleerde wyse en met begrip van terminologie en teorieë oor twintigste-eeuse

musiek te kan kommunikeer;
- op selfstandige wyse twintigste-eeuse komposisies te kan ontleed en musiek-teoretiese beskouings oor die komposisies weer te gee.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSU174	Jaarkursus	NKR-vlak: 5

Titel: Musiekuitvoering

Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module sal studente kan demonstreer dat hulle:
- oor 'n fundamentele en ingeligte begrip van die onderliggende beginsels betreffende die basiese tegniese werk sowel as die basiese repertorium van die gekose instrument beskik;
- bogenoemde tegnieke kan toepas in die aanbieding van 'n program bestaande uit die basiese repertorium, en wat verteenwoordigend is van 'n verskeidenheid genres, tempi en musikale style;
- oor die vermoë beskik om goed gedefinieerde probleme tydens die voorbereiding van 'n snel- en/of selfstudie kan oplos en 'n basiese bladleesoefening op die gekose instrument kan uitvoer;
- eties verantwoordelik kan optree as uitvoerende kunstenaar.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSU175	Jaarkursus	NKR-vlak: 5

Titel: Musiekuitvoering (B)

Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module sal studente kan demonstreer dat hulle:
- oor 'n fundamentele en ingeligte begrip van die onderliggende beginsels betreffende die basiese tegniese werk sowel as die basiese repertorium van die gekose instrument beskik;
- bogenoemde tegnieke kan toepas in die aanbieding van 'n program bestaande uit die basiese repertorium, en wat verteenwoordigend is van 'n verskeidenheid genres, tempi en musikale style;
- oor die vermoë beskik om goed gedefinieerde probleme tydens die voorbereiding van 'n snel- en/of selfstudie kan oplos en 'n basiese bladleesoefening op die gekose instrument kan uitvoer;
- eties verantwoordelik kan optree as uitvoerende kunstenaar.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSU274	Jaarkursus	NKR-vlak: 6

Titel: Musiekuitvoering

Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module sal studente kan demonstreer dat hulle:
- oor 'n grondige kennisbasis en goeie begrip van die onderliggende beginsels betreffende die meer gevorderde tegniese werk sowel as die meer gevorderde repertorium van die gekose instrument beskik;
- 'n kritiese analise kan maak van die meer gevorderde repertorium wat uitgevoer sal word en wat verteenwoordigend is van 'n verskeidenheid van genres, tempi en musikale style en 'n sintese van dié inligting tydens voorbereiding en uitvoering van die repertorium kan maak;
- die vermoë besit om goed gedefinieerde, maar onbekende probleme tydens die

voorbereiding van ŉ snel- en/of selfstudie kan oplos en ŉ meer gevorderde bladleesoefening op die gekose instrument te uitvoer;
- wêreldbeskouings met ŉ eie wêreldbeskouing kan vergelyk, gebaseer op ŉ grondige begrip van die meer omvattende verantwoordelikheid van die uitvoerende kunstenaar.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSU275	Jaarkursus	NKR-vlak: 6

Titel: Musiekuitvoering (B)

Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module sal studente kan demonstreer dat hulle:
- oor ŉ grondige kennisbasis en goeie begrip van die onderliggende beginsels betreffende die meer gevorderde tegniese werk sowel as die meer gevorderde repertorium van die gekose instrument beskik;
- ŉ kritiese analise kan maak van die meer gevorderde repertorium wat uitgevoer sal word en wat verteenwoordigend is van ŉ verskeidenheid van genres, tempi en musikale style en ŉ sintese van dié inligting tydens voorbereiding en uitvoering van die repertorium kan maak;
- die vermoë besit om goed gedefinieerde, maar onbekende probleme tydens die voorbereiding van ŉ snel- en/of selfstudie kan oplos en ŉ meer gevorderde bladleesoefening op die gekose instrument te uitvoer;
- wêreldbeskouings met ŉ eie wêreldbeskouing kan vergelyk, gebaseer op ŉ grondige begrip van die meer omvattende verantwoordelikheid van die uitvoerende kunstenaar.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSU374	Jaarkursus	NKR-vlak: 7

Titel: Musiekuitvoering

Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module sal studente kan demonstreer dat hulle:
- oor ŉ afgeronde en sistematiese kennisbasis, sowel as ŉ koherente en kritiese begrip van die onderliggende beginsels betreffende gevorderde tegniese werk en gevorderde repertorium op die gekose instrument beskik;
- ŉ kritiese analise kan maak van die gevorderde repertorium wat uitgevoer sal word en wat verteenwoordigend is van ŉ verskeidenheid genres, tempi en musikale style en ŉ sintese en evaluering van dié inligting tydens voorbereiding en uitvoering van die repertorium kan maak;
- die vermoë besit om konkrete en abstrakte probleme tydens die voorbereiding van ŉ snel- en/of selfstudie kan oplos en ŉ gevorderde bladleesoefening op die gekose instrument kan uitvoer;
- ŉ eie wêreldbeskouing kan uitdruk tydens die toepassing van ŉ verskeidenheid uitvoeringspraktyke in die hoedanigheid as verantwoordelike uitvoerende kunstenaar.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSU375	Jaarkursus	NKR-vlak: 7

Titel: Musiekuitvoering (B)

Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module sal studente kan demonstreer dat hulle:
- oor ŉ afgeronde en sistematiese kennisbasis, sowel as ŉ koherente en kritiese begrip van die onderliggende beginsels betreffende gevorderde tegniese werk en gevorderde repertorium op die gekose instrument beskik;

- ŉ kritiese analise kan maak van die gevorderde repertorium wat uitgevoer sal word en wat verteenwoordigend is van ŉ verskeidenheid genres, tempi en musikale style en ŉ sintese en evaluering van dié inligting tydens voorbereiding en uitvoering van die repertorium kan maak;
- die vermoë besit om konkrete en abstrakte probleme tydens die voorbereiding van ŉ snel- en/of selfstudie kan oplos en ŉ gevorderde bladleesoefening op die gekose instrument kan uitvoer;
- ŉ eie wêreldbeskouing kan uitdruk tydens die toepassing van ŉ verskeidenheid uitvoeringspraktyke in die hoedanigheid as verantwoordelike uitvoerende kunstenaar.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSU376	Jaarkursus	NKR-vlak: 7

Titel: Musiekuitvoering (S)

Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module sal studente kan demonstreer dat hulle:

- oor ŉ afgeronde en sistematiese kennisbasis, sowel as ŉ koherente en kritiese begrip van die onderliggende beginsels betreffende gevorderde tegniese werk en gevorderde repertorium op die gekose instrument beskik;
- ŉ kritiese analise kan maak van die gevorderde repertorium wat uitgevoer sal word en wat verteenwoordigend is van ŉ verskeidenheid genres, tempi en musikale style en ŉ sintese en evaluering van dié inligting tydens voorbereiding en uitvoering van die repertorium kan maak;
- die vermoë besit om konkrete en abstrakte probleme tydens die voorbereiding van ŉ snel- en/of selfstudie kan oplos en ŉ gevorderde bladleesoefening op die gekose instrument kan uitvoer;
- ŉ eie wêreldbeskouing kan uitdruk tydens die toepassing van ŉ verskeidenheid uitvoeringspraktyke in die hoedanigheid as verantwoordelike uitvoerende kunstenaar.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSU474	Jaarkursus	NKR-vlak: 8

Titel: Musiekuitvoering

Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module sal studente kan demonstreer dat hulle:

- oor ŉ omvattende en sistematiese kennisbasis, sowel as ŉ koherente en kritiese begrip van die onderliggende beginsels betreffende gevorderde tegniese werk en gevorderde repertorium op die gekose instrument beskik;
- selfregulerend kan oefen en ŉ onafhanklike evaluering van hul eie voorbereiding en uitvoering van konsertprogramme, bestaande uit gevorderde repertorium en wat verteenwoordigend is van ŉ verskeidenheid genres, tempi en musikale style, kan maak;
- oor ŉ vermoë beskik om te identifiseer, te analiseer en te handel met komplekse en/of lewenswerklike probleme tydens ŉ publieke uitvoering;
- opinies vanuit ŉ eie goed gefundeerde wêreldbeskouing kan evalueer en bewus is van die sosiale en etiese implikasies van ŉ verantwoordelike uitvoerende kunstenaar se professionele optrede.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSU475	Jaarkursus	NKR-vlak: 8

Titel: Musiekuitvoering (B)

Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module sal studente kan demonstreer dat hulle:

- oor ŉ omvattende en sistematiese kennisbasis, sowel as ŉ koherente en kritiese begrip van die onderliggende beginsels betreffende gevorderde tegniese werk en gevorderde repertorium op die gekose instrument beskik;
- selfregulerend kan oefen en ŉ onafhanklike evaluering van hul eie voorbereiding en uitvoering van konsertprogramme, bestaande uit gevorderde repertorium en wat verteenwoordigend is van ŉ verskeidenheid genres, tempi en musikale style, kan maak;
- oor ŉ vermoë beskik om te identifiseer, te analiseer en te handel met komplekse en/of lewenswerklike probleme tydens ŉ publieke uitvoering;
- opinies vanuit ŉ eie goed gefundeerde wêreldbeskouing kan evalueer en bewus is van die sosiale en etiese implikasies van ŉ verantwoordelike uitvoerende kunstenaar se professionele optrede.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSU476	Jaarkursus	NKR-vlak: 8

Titel: Musiekuitvoering

Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module sal studente kan demonstreer dat hulle:

- oor ŉ omvattende en sistematiese kennisbasis, sowel as ŉ koherente en kritiese begrip van die onderliggende beginsels betreffende gevorderde tegniese werk en gevorderde repertorium op die gekose instrument beskik;
- selfregulerend kan oefen en ŉ onafhanklike evaluering van hul eie voorbereiding en uitvoering van konsertprogramme, bestaande uit gevorderde repertorium en wat verteenwoordigend is van ŉ verskeidenheid genres, tempi en musikale style, kan maak;
- oor ŉ vermoë beskik om te identifiseer, te analiseer en te handel met komplekse en/of lewenswerklike probleme tydens ŉ publieke uitvoering;
- opinies vanuit ŉ eie goed gefundeerde wêreldbeskouing kan evalueer en bewus is van die sosiale en etiese implikasies van ŉ verantwoordelike uitvoerende kunstenaar se professionele optrede.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSV311	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Musiekterapie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om die beginsels van musiekterapie te begryp.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSV321	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: Musiekterapie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om die beginsels van musiekterapie te begryp.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSW411	Semester 1	NKR-vlak: 8

Titel: Werkstuk

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om'n vakwetenskaplike probleem te identifiseer en formuleer, en data in te samel ter ondersteuning van 'n studie daaroor.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 40%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 60%

Modulekode: MUSW421	Semester 2	NKR-vlak: 8

Titel: Werkstuk

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om data te verwerk en aan te bied in 'n logiese struktuur, en gevolgtrekkings te maak, en dit skriftelik te rapporteer in 'n tegnies-afgeronde vakkundige dokument.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 40%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 60%

Modulekode: MUSX111	Semester 1	NKR-vlak: 5

Titel: Musiekwetenskap

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student in staat wees om:

- basiese kennis van die volgende te demonstreer: musiek, filosofie, musiekfilosofie, wetenskap, die sosiale wetenskappe, musiekwetenskap en algemene wetenskaplike navorsing, insluitend die wetenskaplike proses;
- die basiese aspekte van verwysingstegniek te bemeester;
- 'n historiese oorsig van musiekwetenskap te gee, met spesifieke verwysing na produk- en prosesgesentreerde benaderings, asook proses-produk-sensitiewe benaderings;
- sensitiwiteit te openbaar ten opsigte van verskillende standpunte binne musiekfilosofie en -wetenskap.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: MUSX121	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Musiekwetenskap

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student in staat wees om:

- fundamentele en ingeligte begrip van die musiek van geselekteerde wêreldkulture te demonstreer;
- neigings in die musiek van geselekteerde wêreldkulture te herken;
Module-uitkomste: By voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om • afgeronde kennis en begrip oor die fonologie as taalwetenskaplike dissipline te toon; • afgeronde kennis en begrip oor die oorsaak van klankveranderings wat in Setswana voorkom, die omstandighede waarin dit voorkom, die raamwerk waarbinne dit plaasvind en die aspekte betrokke by die proses van klankverandering te toon; • afgeronde kennis en begrip oor die fonetiese prosesse wat plaasvind t.o.v. Setswanavokale en -konsonante te toon; • kennis en begrip oor Setswanawoorde waarin klankveranderings plaasvind te toon; • afgeronde kennis en begrip oor Setswanakortverhale en eenbedrywe vanuit ŉ kulturele oogpunt te toon; • effektiewe Setswana kommunikatiewe vaardighede individueel en in groepe te toon • effektiewe Setswana-taalvaardigheid te toon in die skryf van Setswana-stelwerk • vaardigheid t.o.v. die vertaling van geselekteerde Setswana-tekste te toon.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 2X2 uur — gewig: 40%		

L.8.15 SKRYFKUNS

Modulekode: SKRK111	**Semester 1**	**NKR-vlak: 5**
Titel: Inleiding tot die skryfkuns		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in te staat wees • om kennis van die inleidende teorie van die Skryfkuns weer te gee binne die konteks van die woordkuns. • om beter kreatief te skryf en om eie werk te evalueer en te redigeer; • om binne groepverband iemand anders se kreatiewe skryfwerk skryfmatig te evalueer		

eneffektief daaroor te kommunikeer;
- om die teorie en praktyk van skryf te versoen;
- om op verantwoordelike en etiese wyse 'n woordkunswerk te skep.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: SKRK121	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Skryfkuns: Die skryf van prosa

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in te staat wees
- om kennis van die inleidende teorie van die skryf van prosa weer te gee binne die konteks van die woordkuns;
- om kortverhale te skryf wat daarvan getuig dat dit eie, oorspronklike werk is en om eie werk te evalueer en te redigeer;
- om binne groepverband iemand anders se verhaal skryfmatig te evalueer en effektief daaroor te kommunikeer
- om die teorie en praktyk van skryf te versoen;
- om op verantwoordelike en etiese wyse 'n woordkunswerk te skep.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Kreatiewe skryfstuk en semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: SKRK211	Semester 1	NKR-vlak: 6

Titel: Skryfkuns: Die skryf van poësie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in te staat wees
- om grondige kennis van die teorie van die skryf van poësie weer te gee binne die konteks van die woordkuns;
- om verskillende soorte poësie te skryf wat daarvan getuig dat dit eie, oorspronklike werk is, en om eie werk krities te evalueer en te redigeer;
- om binne groepverband iemand anders se gedigte skryfmatig te evalueer en effektief daaroor te kommunikeer en om ander te leer om te skryf;
- om 'n basiese begrip van teoretiese navorsing en navorsing deur praktyk te demonstreer, teoretiese en praktiese insigte te versoen en dit effektief en betroubaar te kommunikeer;
- om op verantwoordelike en etiese wyse 'n woordkunswerk te skep.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Kreatiewe skryfstuk en semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: SKRK221	Semester 2	NKR-vlak: 6

Titel: Skryfkuns: Die skryf van kinder- en jeugliteratuur

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in te staat wees
- om grondige kennis van die teorie van die skryf van kinder- en jeugliteratuur weer te gee binne die konteks van die woordkuns;
- om verskillende tekstipes vir jong lesers van verskillende ouderdomme te skryf, en om eie werk krities te evalueer en te redigeer;
- om binne groepverband iemand anders se tekste skryfmatig te evalueer en effektief daaroor te kommunikeer en om ander te leer om te skryf;
- om 'n basiese begrip van teoretiese navorsing en navorsing deur praktyk te demonstreer, teoretiese en praktiese insigte te versoen en effektief en betroubaar te kommunikeer;

- om op verantwoordelike en etiese wyse 'n woordkunswerk te skep.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Kreatiewe skryfstuk en semestereksamen 1X2 uur — gewig: 40%

Modulekode: SKRK311	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Skryfkuns: Die skryf van drama

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in te staat wees

- om grondige kennis van die teorie van die skryf van ten minste twee verskillende soorte dramatekste, byvoorbeeld verhoog, radio, TV en film te weer te gee binne die konteks van die woordkuns;
- om 'n verskeidenheid dramatekste vir verskillende gehore te skryf en om eie werk krities te evalueer en te redigeer;
- om binne groepverband iemand anders se tekste skryfmatig te evalueer en effektief daaroor te kommunikeer en om ander te leer om te skryf;
- om 'n grondige begrip van navorsingsmetodes in Skryfkuns te illustreer deur die seleksie en effektiewe toepassing daarvan, teoretiese en praktiese insigte te versoen en effektief en betroubaar te kommunikeer;
- om op verantwoordelike en etiese wyse 'n woordkunswerk te skep.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Kreatiewe skryfstuk & semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: SKRK321	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: Skryfkuns in toepassing

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees

- om afgeronde en sistematiese kennis van Skryfkuns te kan weergee;
- om tekste individueel en ook binne groepsverband te skryf, ontwikkel, publiseer en bemark met inagneming van die konteks en publikasiesisteem insluitende marknavorsing, konsepontwikkeling, skryfpraktyk, manuskripontwikkeling, projek-fasilitering, publikasie-teorie en -praktyk, bemarking en resepsieteorie;
- om ander se tekste en projekte skryfmatig te evalueer;
- om 'n klas in Skryfkuns te kan gee;
- om 'n grondige begrip van navorsingsmetodes in Skryfkuns te illustreer deur die seleksie en effektiewe toepassing daarvan, teoretiese en praktiese insigte te versoen en effektief en betroubaar te kommunikeer;
- om op verantwoordelike en etiese wyse 'n woordkunswerk te skep.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 30%
Kreatiewe skryfprojek & semestereksamen 1X3 uur — gewig: 70%

L.8.16 SOSIALE ANTROPOLOGIE

Modulekode: SANL112	Semester 1	NKR-vlak: 5

Titel: Inleiding tot sleutelbegrippe van Sosiale Antropologie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat wees om

- 'n basiese kennis en ingeligte begrip te hê van sleutelbegrippe in Sosiale Antropologie; en
- basiese vaardighede in kwalitatiewe navorsing te kan demonstreer om die ingewikkeldheid rakende navorsingsvrae in Sosiale Antropologie te kan uitwys, ontleed

en verantwoordbaar te kommunikeer in ooreenstemming met die akademiese konvensies wat in die vakgebied geld.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: SANL122	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Inleiding tot temas in Sosiaal-antropologiese navorsing

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat wees om

- 'n basiese kennis en ingeligte insig te toon van die temas in Sosiale Antropologiese navorsing;
- basiese vaardighede in kwalitatiewe navorsing te demonstreer om die ingewikkeldheid rakende navorsingsvrae in Sosiale Antropologie te kan uitwys, ontleed en betroubaar kan kommunikeer in ooreenstemming met die akademiese konvensies van die vakgebied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: SANL213	Semester 1	NKR-vlak: 6

Titel: Mediese Antropologie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat wees om

- 'n grondige kennis en omvattende begrip toon van sleutelbegrippe en basiese temas in Mediese Antropologie;
- doeltreffende vaardighede in kwalitatiewe navorsing te kan toepas om die verwikkelde en verweefde aard van navorsingsvrae in die vakgebied te kan ontleed, evalueer en sintetiseer, en daarna die gegewens betroubaar kan kommunikeer in ooreenstemming met die akademiese konvensies van die vakgebied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: SANL223	Semester 2	NKR-vlak: 6

Titel: Die Antropologie van film en die media

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat wees om

- 'n grondige kennis en omvattende begrip te toon van sleutelbegrippe en basiese temas in die antropologie van film en media; en
- doeltreffende vaardighede in kwalitatiewe navorsing te kan toepas om die verwikkelde en verweefde aard van navorsingsvrae op die gebied van die film en media te kan ontleed, evalueer en sintetiseer, en daarna die gegewens betroubaar kan kommunikeer in ooreenstemming met die akademiese konvensies van die vakgebied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: SANL225	Semester 2	NKR-vlak: 6

Titel: Stedelike Anthropologie.

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat wees om

- 'n basiese kennis en omvattende begrip te toon rakende sleutelbegrippe in Stedelike

Antropologie;

- doeltreffende vaardighede in kwalitatiewe navorsing kan toepas om die verwikkelde en verweefde aard van navorsingsvrae wat verband hou met stedelike kontekste en stedelike sosiale fenomene kan ontleed, evalueer en sintetiseer, en daarna die gegewens betroubaar kan kommunikeer in ooreenstemming met die akademiese konvensies van die vakgebied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: SANL313	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Teorie en representasie in Antropologie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat wees om

- 'n afgeronde en sistematiese kennis en omvattende, kritiese begrip te toon van kern teoretiese benaderings en wendings in die geskiedenis van Antropologie;
- deeglik ontwikkelde vaardighede in kwalitatiewe navorsing te kan demonstreer om die verwikkelde en verweefde aard van politieke, analitiese en uitbeeldingsprobleme in Antropologie se teoretiese kanon krities te kan ontleed, evalueer en sintetiseer en daarna die gegewens betroubaar kan kommunikeer in ooreenstemming met die akademiese konvensies van die vakgebied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: SANL314	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Navorsing en skryfwerk in Antropologie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat wees om

- 'n afgeronde en sistematiese kennis asook omvattende, kritiese begrip te toon van kern navorsingsmetodes in Sosiale Antropologie;
- goed ontwikkelde vaardighede in kwalitatiewe navorsing te kan demonstreer om die beskikbare navorsingsmetodes in Sosiale Antropologie krities te kan ontleed, evalueer en sintetiseer en daarna die gegewens betroubaar kan kommunikeer in ooreenstemming met die akademiese konvensies van die vakgebied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: SANL323	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: Globalisering en die magsdinamiek van uitruiling en behoort

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat wees om

- 'n afgeronde en sistematiese kennis en omvattende, kritiese begrip te toon van hedendaagse globale onderwerpe wat vir Sosiale Antropologie van belang is;
- deeglik ontwikkelde vaardighede in kwalitatiewe navorsing te kan demonstreer om die verwikkelde en verweefde aard van hedendaagse globale onderwerpe wat vir Sosiale Antropologie van belang is krities te kan ontleed, evalueer en sintetiseer en daarna die gegewens betroubaar kan kommunikeer in ooreenstemming met die akademiese konvensies van die vakgebied.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

Toetse en werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

L.8.17 SOSIOLOGIE

Modulekode: SOCL111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot Sosiologie – basiese begrippe en temas		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om • ŉ basiese kennis te demonstreer van sosiologiese begrippe en temas asook ŉ ingeligte begrip van sleutelkonsepte en beginsels van sosiologiese navorsingsmetodologie; • teoretiese perspektiewe op verskillende sosiologiese temas toe te pas en bekende probleme in die lig daarvan te beredeneer; • inligting te versamel en basiese ontleding, sintese en evaluering te doen en daarby die resultate volgens akademies konvensies te kommunikeer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: SOCL121	**Semester 2**	**NKR-vlak: 5**
Titel: Inleiding tot Sosiologie – instellings en die Suid-Afrikaanse omgewing		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om • basiese kennis te demonstreer van verskillende sosiale instellings in die samelewing; • teoretiese perspektiewe op verskillende sosiale instellings toe te pas en bekende probleme in die lig daarvan te beredeneer; • inligting te versamel en basiese ontleding, sintese en evaluering te doen en daarby die resultate volgens akademies konvensies te kommunikeer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: SOCL211	**Semester 1**	**NKR-vlak: 6**
Titel: Sosiologie van ontwikkeling en sosiale probleme		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om • grondige kennis en ŉ ingeligte begrip van ontwikkeling en sosiale probleme onafhanklik en afhanklik te toon; • in hierdie opsig ingewikkelde en toepaslike probleme te identifiseer, vergelykings te tref, oplossings voor te stel en individueel of in groepverband volgens akademiese konvensies te kommunikeer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: SOCL221	**Semester 2**	**NKR-vlak: 6**
Titel: Gesinsosiologie en groepdinamika		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om • grondige kennis te demonstreer van begrippe en temas wat verband hou met gesinsosiologie en groepdinamika en dit binne verskillende sosiologiese perspektiewe krities te beredeneer en ontleed;		

- analitiese denke te demonstreer deur goed gedefinieerde, onbekende probleme individueel of binne groep- verband volgens akademiese konvensies op te los.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: SOCL222	Semester 2	NKR-vlak: 6

Titel: Mediese Sosiologie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- grondige kennis te toon van verskillende sosiologiese perspektiewe op gesondheid, siekte en die mediese professie;
- analitiese denke te demonstreer deur goed gedefinieerde, onbekende probleme individueel of binne groep- verband volgens akademiese konvensies op te los.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: SOCL224	Semester 2	NKR-vlak: 6

Titel: Sosiologie van werk

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- grondige kennis te demonstreer van begrippe, temas en sosiologiese teorieë wat met die sosiologie van werk verband hou;
- inligting oor sosiologiese perspektiewe in te samel om sodoende bekende en goed gedefinieerde onbekende praktykgerigte probleme op te los en volgens akademiese konvensies te kommunikeer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: SOCL311	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Sosiale Teorie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- ŉ afgeronde en sistematiese kennis van Sosiologieteorie te toon wat kan insluit klassieke en moderne Sosiologieteorie;
- onbekende en dikwels komplekse probleme in bekende asook onbekende kontekste individueel en/of binne groepverband te analiseer, evalueer, sintetiseer en eties aanvaarbaar op te los, deur gebruik te maak van sosiale teorie.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

Modulekode: SOCL312	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Sosiale navorsingsmetodologie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- afgeronde kennis te demonstreer van begrippe, temas en metodes wat met sosiale navorsingsmetodologie verband hou;
- navorsingsmetodes eties aanneemlik en in komplekse individuele en groep- projekte toe te pas.

Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: SOCL324	**Semester 2**	**NKR-vlak: 7**
Titel: Kliniese Sosiologie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om • bewys te lewer van afgeronde kennis oor die wyse waarop sosiologie gebruik word in toegepaste en kliniese instellings. • tegnieke te ontwikkel vir die toepassing van sosiologie in 'n mens se professionele werksaamhede en dit krities te beredeneer, sowel as die maniere waarop kliniese sosiologie met spesiale verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks toegepas kan word; • oplossings van probleme en standpunte oor debatte wat gesentreer is op Kliniese sosiologie in 'n eties-aanvaarbare wyse deur middel van individuele en / of groepbesprekings oor te dra.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: SOCL327	**Semester 2**	**NKR-vlak: 7**
Titel: Politieke Sosiologie		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om • bewys te lewer van afgeronde kennis van teorieë en temas in die politieke sosiologie en dit krities te beredeneer; • met gevorderde ondersoekvaardighede inligting te versamel en te ontleed, te sintetiseer en te evalueer en oplossings en teoriegedrewe argumente volgens akademiese gebruike aan te bied.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		
Modulekode: SOCL328	**Semester 2**	**NKR-vlak: 7**
Titel: Gender en Seksualiteit		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om • ŉ afgeronde teoretiese kennis te demonstreer van die temas gender, geslag en seksuele oriëntasie; • onbekende en dikwels komplekse probleme rakende gender en seksualiteit in bekende asook onbekende kontekste individueel en/of binne groepverband te analiseer, evalueer, sintetiseer en eties aanvaarbaar op te los.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke – gewig: 50% Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%		

L.8.18 SA GEBARETAAL

Modulekode: SASL111	**Semester 1**	**NKR-vlak: 5**
Titel: Suid-Afrikaanse Gebaretaal en kultuurstudie vir dowes 1		
Module-uitkomste: Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te		

wees

- om ŉ basiese kennis te kan weergee van die SA Gebaretaal-woordeskat, insluitende vingerspelling
- om die korrekte SA Gebaretaal-sinskonstruksies te gebruik met betrekking tot basiese gespreksvoering
- om met dowe persone om te gaan vanuit die raamwerk van ŉ sosiaal-kulturele model van gestremdheid, soos aanbeveel deur die Regering se beleid op mense met gestremdhede.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke - gewig: 70 %
Semestereksamen 1x2 uur - gewig: 30%

Modulekode: SASL121	Semester 2	NKR-vlak: 5

Titel: Suid-Afrikaanse Gebaretaal en kultuurstudie vir dowes 2

Module-uitkomste: Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees

- om ŉ basiese gesprek met ŉ dowe persoon te kan voer, insluitende gepaste gesprekstrategieë
- om begrip te toon van basiese kultuurreëls en naamgewing in die dowe gemeenskap
- om ŉ basiese begrip te hê van die verskille en ooreenkomste tussen gebaretale en gesproke tale.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke - gewig: 70 %
Semestereksamen 1x3 uur - gewig: 30%

Modulekode: SASL211	Semester 1	NKR-vlak: 6

Titel: Suid-Afrikaanse Gebaretaal en kultuurstudie vir Dowes 2 **–** Intermediêre vlak 1

Module-uitkomste: Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees

- om die konsep ‘gemeenskap’ krities te beskou en dit van toepassing te maak op die Dowe gemeenskap in Suid-Afrika
- om die geskiedenis van die opleiding van Dowe leerders in Suid-Afrika te ondersoek, asook in ander lande en om die impak van hierdie agtergrond op die geskiedenis van SA Gebaretaal te bepaal
- om die basiese beginsels van die linguistiek van SA Gebaretaal te demonstreer, met besondere klem op fonetiek, morfologie en sintaksis
- om die implikasies van taalbeplanning en -politiek op die onderskeie komponente van die SA gemeenskap te bespreek asook om aan te dui wat die impak hiervan is op die opleiding en alledaagse lewe van dowe Suid-Afrikaners.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke - gewig: 70%
Semestereksamen 1x 3 uur - gewig: 30%

Modulekode: SASL221	Semester 2	NKR-vlak: 6

Titel: Suid-Afrikaanse Gebaretaal en kultuurstudie vir Dowes 2 **–** Intermediêre vlak 2

Module-uitkomste: Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees

- om gebruiks- en ontvangsvaardighede in SA Gebaretaal te demonstreer en om die

gesprekke te voer waarin abstrakte konsepte en linguistiese terminologie voorkom

- om begrip te toon van meer gevorderde woordeskat en om dit te gebruik, en om binne verskeie sosiale kontekste begrip te toon van die komplekse taalfunksies van SA Gebaretaal
- om die belangrikheid te verduidelik van niegebare-eienskappe ten opsigte van sinskonstruksie en om 'n wye begrip te hê van die klassifiseringstelsel in SA Gebaretaal
- om taalgebruik en linguistiese verskynsels krities te bespreek
- om beleid en wetgewing met betrekking tot bemagtiging, sosiale beregtiging en gelykheid te bespreek wat op Suid-Afrikaanse Dowes ’n impak het
- om begrip van taalbeplanning en -beleid te demonstreer en om die rol te begryp wat dit in die beskerming van taal- en kulturele minderheidsgroepe in Suid-Afrika speel.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke - gewig: 70 %
Semestereksamen 1x 3 ure - gewig: 30%

Modulekode: SASL311	**Semester 1**	**NKR-vlak: 7**

Titel: Taalkunde van Suid-Afrikaanse Gebaretaal en gevorderde gebruik van SA Gebaretaal

Module-uitkomste: Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees

- om die kernkomponente van taalkundige ondersoek te bespreek en te verduidelik – fonologie, morfologie, sintaksis en semantiek
- om 'n kritieke begrip van visuele materiaal te demonstreer wat hierdie konsepte illustreer en om die teoretiese komponent op navorsingsresultate toe te pas
- om begrip van die struktuur van SA Gebaretaal tot op diskoers- en pragmatiese vlak te demonstreer en om SA Gebaretaal op 'n gevorderde vlak te begryp en self te gebruik
- om sosiolinguistiese variasie, insluitende streeks- en sosiale registers, te hanteer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke - gewig: 70%
Semestereksamen 1x 3 uur - gewig: 30%

Modulekode: SASL321	**Semester 1**	**NKR-vlak: 7**

Titel: Sosiolinguistiek, leksikografie van SA Gebaretaal, poësie en diskoersanalise

Module-uitkomste: Ná die suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees

- om SA Gebaretaal met ander gebaretale, natuurlik en kunsmatig, te vergelyk op grond van die linguistiese stelsel wat reeds gedek is
- om gebaretaal en gesproke tale te vergelyk, insluitend historiese en tipologiese verhoudings tussen SA Gebaretaal en ander tale
- om voortgesette verwerwing van gevorderde woordeskat en grammatika, insluitend kruiskulturele kommunikasie tussen verskeie segmente van die gemeenskap, te demonstreer
- om norme wat in die Suid-Afrikaanse Dowe gemeenskap geld, krities te bespreek en toe

te pas ten einde die taal op geskikte en oorredende wyse binne 'n bepaalde situasie (d.w.s. registervariasie) te kan gebruik
Metode van aflewering: Voltyds
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke - gewig: 70% Semestereksamen 1x 3 uur - gewig: 30%

L.8.19 TAALTEGNOLOGIE

Modulekode: TTEG121	Semester 2	NKR-vlak: 5
Titel: Taaltegnologie: Inleidend		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om • 'n oorsig te gee van die terrein van die Taaltegnologie; • 'n oorsig te gee van die belangrikste taaltegnologiese toepassings; • die belangrikheid van Taaltegnologie vir 'n multitalige Suid-Afrika te bespreek; • die mens-rekenaar-verhouding te bespreek; • basiese geformaliseerde analises van morfologiese en sintaktiese voorbeelde te kan doen; • formele analises van data omskakel na annotasies; • annotasieskemas te kan ontwikkel en selekteer in terme van eksplisiete kriteria.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 50% Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 50%		
Modulekode: TTEG211	**Semester 1**	**NKR-vlak: 6**
Titel: Taaltegnologie: Gevorderd		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om • tekste foneties te transkribeer; • klankseine akoesties te analiseer; • 'n korpus te kan saamstel in geskikte, masjienleesbare formaat; • eenvoudige teksmanipulasie en -ontleding, soos van toepassing op daaglikse take van 'n rekenaarlinguis, in Perl te programmeer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X5 uur — gewig: 40%		
Modulekode: TTEG221	**Semester 2**	**NKR-vlak: 6**
Titel: Sagteware-ontwikkelingspraktyk vir taaltegnologietoepasssings		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om • 'n oorsig te kan gee van die terrein en doel van sagteware-ingenieurswese; • te weet waarom die objek-gerigte benadering tot sagteware-ontwikkeling beter is as die klassieke benadering; • verskillende sagteware-lewenssiklusmodelle te beskryf; • die oorhoofse sagteware-ontwikkelingsproses te verstaan; • verskillende spanorganiseringsmetodes vir sagteware-ontwikkeling te beskryf; • die belangrikste hulpbronne vir sagteware-ontwikkeling te bespreek; • die belangrikheid van goeie sagteware-evalueringstegnieke te verstaan en te weet hoe om dit toe te pas; • die grondbeginsels van objek-gerigte programmering toe te pas;		

- die belangrikheid van herbruikbaarheid en verplaasbaarheid te verstaan;
- tegnieke vir beplanning en vooruitskatting toe te pas;
- die behoeftestellingswerkvloei uit te voer;
- klassieke en objekgerigte analiseringsmetodes te vergelyk en toe te pas.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: TTEG311	Semester 1	NKR-vlak: 7

Titel: Natuurliketaalprosessering: Inleidend

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- die basisbeginsels van Natuurliketaalprosessering te kan toepas;
- probleme en moontlike oplossings vir meerduidigheid te kan toepas;
- ŉ verskeidenheid natuurliketaalverwerkingstegnieke te kan toepas;
- tussen verskillende natuurliketaalverwerkingstegnieke te onderskei;
- gepaste seleksies van natuurliketaalverwerkingstegnieke maak om die taaldata vir ŉ bepaalde toepassing gepas te modelleer;
- gevorderde teksmanipulasie en -ontleding in Perl te programmeer, met implementasie in grafiese koppelvlakke.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X5 uur — gewig: 40%

Modulekode: TTEG321	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: Taaltegnologie: Toepassings

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- probleme en oplossings met betrekking tot spraakherkenning en -sintese te kan verduidelik;
- probleme en oplossings met betrekking tot teksherkenning en -produksie te kan verduidelik;
- die vereistes en argitektuur van ŉ taalgereedskapstel te verduidelik;
- eenvoudige taaltegnologietoepassings te kan ontwikkel;
- die grondbeginsels van objek-gerigte programmering toe te pas;
- die belangrikheid van herbruikbaarheid en verplaasbaarheid te verstaan;
- tegnieke vir beplanning en vooruitskatting toe te pas;
- die behoeftestellingswerkvloei uit te voer;
- klassieke en objekgerigte analiseringsmetodes te vergelyk en toe te pas.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

Modulekode: TTEG411	Semester 1	NKR-vlak: 8

Titel: Taaltegnologie: Internskap

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om
- in spanverband te kan werk aan die ontwikkeling van taaltegnologiese toepassings;
- taaltegnologiese probleme te identifiseer en oplossings ontwerp.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 100%

Modulekode: TTEG421	Semester 2	NKR-vlak: 8

Titel: Natuurliketaalprosessering: Gevorderd

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • gevorderde beginsels van Natuurliketaalprosessering te kan toepas; • gevorderde woord- en sinsontleding met behulp van die rekenaar te kan doen; • 'n verskeidenheid van grammatikas te kan skryf en gebruik; • insig te hê in inligtingsonttrekking en tekskategorisering.
Metode van aflewering: Voltyds
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 60% Semestereksamen 1X6 uur — gewig: 40%

Modulekode: TTEG422	Semester 2	NKR-vlak: 8
Titel: Taaltegnologie: Projek		
Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om • 'n taaltegnologiese toepassing te kan ontwikkel en uitvoer; • gepaste metrieke vir die evaluering van toepassings te kan ontwikkel en toepas; • 'n projek selfstandig te bestuur; • 'n tegniese verslag oor 'n projek te kan skryf.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Toetse en werkstukke — gewig: 100%		

L.8.20 VERTAAL- EN TOLKSTUDIE

Modulekode: LPRA111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Titel: Inleiding tot die taalpraktyk		
Module-uitkomste: By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om • 'n basiese begrip van kernterminologie, -konsepte, -beginsels en basiese teorieë van vertaling te demonstreer; • begrip van die rol van vertaling as dissipline en professie binne die Suid-Afrikaanse en wêreldwye gemeenskap te demonstreer; • belangrike beginsels, prosedures en tegnieke van vertaling toe te pas deur aanvaarbare vertalings van geselekteerde tekste te lewer; • goed gedefinieerde bekende en onbekende vertaalprobleme binne 'n bekende konteks op te los deur toepaslike hulpmiddels vir taalpraktyk te gebruik, en die sukses van oplossings te assesseer; • inligting oor vertaalteorie en -praktyk te versamel, analiseer en sintetiseer; • teoretiese en praktiese kwessies met betrekking tot vertaalprobleme effektief, samehangend en toepaslik te kommunikeer.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: • praktiese vertaling met annotasies • klasaanbiedinge • opstelle • korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkkaarte) • toetse en 'n eksamen		
Modulekode: LPRA121	**Semester 2**	**NKR-vlak: 5**
Titel: Taalpraktyk en teks		
Module-uitkomste: By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om • 'n basiese begrip van kernterminologie, -konsepte, -beginsels en basiese teorieë van vertaling en redigering te demonstreer; • begrip van die rol van vertaling as dissipline en professie binne die Suid-Afrikaanse en wêreldwye gemeenskap te demonstreer;		

- belangrike beginsels, prosedures en tegnieke van vertaling toe te pas deur aanvaarbare vertalings en redigerings van geselekteerde tekste te lewer;
- goed gedefinieerde bekende en onbekende vertaal- en redigeerprobleme binne 'n bekende konteks op te los deur toepaslike hulpmiddels vir taalpraktyk te gebruik, en die sukses van oplossings te assesseer;
- inligting oor vertaalteorie en -praktyk en redigeerteorie en -praktyk te versamel, analiseer en sintetiseer;
- teoretiese en praktiese kwessies met betrekking tot linguistiese vertaalteorieë en -probleme effektief, samehangend en toepaslik te kommunikeer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

- praktiese vertaling en vertaal-hersiening met annotasies
- klasaanbiedinge
- opstelle
- korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkkaarte)
- een kort projekbestuuropdrag
- toetse en ’n eksamen

Modulekode: LPRA211	Semester 1	NKR-vlak: 6

Titel: Teoretiese perspektiewe op vertaalpraktyk I

Module-uitkomste: By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om

- 'n deeglike begrip van kernterminologie, -konsepte en -beginsels in linguistiese vertaal-teorieë te demonstreer;
- linguistiese beginsels en vertaalteorieë, sowel as algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures te selekteer en toe te pas om aanvaarbare vertalings van geselekteerde tekste te lewer;
- goed gedefinieerde vertaalprobleme op te los deur toepaslike hulpmiddels vir taalpraktyk te gebruik, en om die sukses van oplossings te assesseer;
- inligting oor linguistiese vertaalteorie en vertaalpraktyk te versamel, analiseer en sintetiseer;
- teoretiese en praktiese oorwegings met betrekking tot vertaalteorieë en -probleme doeltreffend te kommunikeer deur die toepaslike gebruik van tegnologie.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

- praktiese vertaling met annotasies
- klasaanbiedinge
- opstelle
- korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkkaarte)
- toetse en ’n eksamen.

Modulekode: LPRA222	Semester 2	NQF level: 6

Titel: Inleiding tot tolking

Module-uitkomste: By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om kennis van en/of vaardigheid in die gebruik van die volgende te demonstreer:

- tolkterminologie;
- tolk- en vertaalkommunikasiemodelle;
- die ooreenkomste en verskille tussen vertaling en tolking;
- Gile se opeenvolgingsmodel van vertaling;
- modusse en tipes (met die klem op onderwystolking);
- die profiel van ’n professionele tolk;
- faktore wat bydra daartoe om simultane tolking te bemoeilik;
- tolketiek; en
- tolktoerusting.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 60%
Semestereksamen 1X2 uur – gewig: 40%

Modulekode: LPRA311	**Semester 1**	**NKR-vlak: 7**

Titel: Teoretiese perspektiewe op vertaalpraktyk 2

Module-uitkomste: By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat wees om

- 'n gesofistikeerde en sistematiese begrip van kernterminologie, -konsepte en –beginsels van kulturele, ideologiese en filosofiese vertaalteorieë te demonstreer;
- kulturele, ideologiese en filosofiese beginsels en teorieë van vertaling, sowel as algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures te selekteer en toe te pas ten einde aanvaarbare vertalings van geselekteerde tekste te lewer;
- onbekende konkrete en abstrakte vertaalprobleme op te los deur geskikte hulpmiddels vir taalpraktyk, tesame met gesofistikeerde teoretiese besinning aan te wend, en om die sukses van oplossings te assesseer;
- kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor kulturele, ideologiese en filosofiese vertaalteorie en -praktyk te versamel, analiseer en sintetiseer;
- teoretiese en praktiese oorwegings met betrekking tot kulturele, ideologiese en filosofiese vertaalteorieë en -probleme effektief en genuanseerd, en deur die toepaslike gebruik van tegnologie, te kommunikeer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:

- praktiese vertaling met annotasies
- opstelle
- korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkkaarte)
- toetse en ’n eksamen.

Modulekode: LPRA 312	**Semester 1**	**NKR-vlak: 7**

Titel: Gevorderde tegnologiese toepassings I: Masjienvertaling en vertaalgeheue

Module-uitkomste: By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om:

- gesofistikeerde en sistematiese begrip te toon van die sleutelterme, -begrippe en -konsepte in masjienvertaling en vertaalgeheue;
- begrip te toon ten opsigte van die rol van rekenaar-geasseseerde vertaling (ook bekend as CAT) in die Suid-Afrikaanse en die wêreldgemeenskap;
- CAT-hulpmiddels, sowel as algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures, te selekteer en toe te pas ten einde aanvaarbare vertalings van gespesialiseerde tekste te produseer;
- oplossings te vind vir konkrete en abstrakte vertaalprobleme deur die gebruik van CAT- en taalpraktyk-hulpmiddels, tesame met gesofistikeerde teoretiese besinnin**g, en om die geslaagdheid van hierdie oplossings te evalueer;**
- kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting by wyse van CAT te versamel, analiseer en sintetiseer; en
- teoretiese en praktiese oorwegings wat betrekking het op CAT doeltreffend en belese oor te dra, en deur die tegnologie toepaslik te gebruik.

Metode van aflewering: Kontak, voltyds

Assesseringsmetodes:

- praktiese vertaling met behulp van CAT-sagteware (bv. SDL-Trados)
- klasaanbiedinge
- opstelle
- korter geskrewe opdragte (bv. opsommings, notas, denkkaarte)
- toetse en ’n CAT-projek-eksamen.

Modulekode: LPRA323	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: **Internskap: Tolking of Vertaling**

Module-uitkomste:

Vertaalopsie:

By afhandeling van hierdie module moet die student in staat wees om:

- gesofistikeerde en sistematiese begrip te toon van die sleutelterme, -begrippe en –beginsels van vertaling;
- selekteer en pas vertaalhulpmiddelle en –tegnieke toe deur professionele en aanvaarbare produkte vir die praktyk te lewer;
- los onbekende konkrete asook abstrakte vertaalprobleme op deur die geskikte hulpbronne vir taalpraktyk, asook gesofistikeerde teoretiese besinning te gebruik, en om die geslaagdheid van hierdie oplossings te evalueer;
- versamel, analiseer en sintetiseer kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor vertaling; en
- kommunikeer teoretiese en praktiese konsepte ten opsigte van die vertaalindustrie op `n effektiewe en belese wyse deur middel van die geskikte tegnologie.

Tolkopsie:

By afhandeling van hierdie module moet die student in staat wees om:

- `n doelteks gedurende tolktake te produseer wat die bronteks se bedoeling effektief en akkuraat oordrag deur gebruik van woordeskat, terminologie en register wat geskik is vir die onderwerp en wat ook grammatikaal en idiomaties korrek en eg is;
- demonstreer korrekte tolktegniek tydens tolktake ten opsigte van vloeibaarheid, gepaste stemgehalte vir die toerusting wat gebruik word en korrekte gebruik van toerusting; en
- demonstreer die korrekte toepassing van etiese beginsels van tolking gedurende tolktake.

Metode van aflewering: Kontak, voltyds

Assesseringsmetodes:

Vertaalopsie:

- klasaanbiedinge
- opstelle
- korter, geskrewe opdragte (b.v. opsommings, notas en denkkaarte)
- toetse en eksamen – gewig: 100% (deelnamepunte = modulepunt)

Tolkopsie:

Toetse, take, praktiese assessering – gewig: 100% (deelnamepunt = modulepunt)

Modulekode: LPRA324	Semester 2	NKR-vlak: 7

Titel: **Gevorderde teorie en navorsing: Tolking of masjienvertaling**

Module-uitkomste

By afhandeling van hierdie module moet die student in staat wees om:

- gesofistikeerde en sistematiese begrip te toon van die sleutelterme, -begrippe en –beginsels in die skep van masjienvertaling;
- begrip te toon ten opsigte van die rol van masjienvertaling in die Suid-Afrikaanse en die wêreldgemeenskap;
- vertaalhulpmiddels en tegnieke, asook algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures te selekteer en toe te pas ten einde professionele en aanvaarbare oudiovisuele materiaal met onderskrifte te skep en basiese tolking te doen;
- oplossings te vind vir konkrete en abstrakte vertaalprobleme deur die gebruik van geskikte apparatuur, sagteware en hulpmiddels vir taalpraktyk, tesame met gesofistikeerde teoretiese besinning, en om die geslaagdheid van hierdie oplossings te evalueer;

• kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor vertaling te versamel, analiseer en sintetiseer; en • teoretiese en praktiese oorwegings wat betrekking het op masjienvertaling doeltreffend en belese oor te dra, en deur die tegnologie toepaslik te gebruik.
Metode van aflewering: Kontak, voltyds
Assesseringsmetodes: • klasvoorleggings • opstelle • korter geskrewe opdragte (b.v. opsommings, referate)

Oorspronklike gegewens: 12331368

2014-11-11

Lêerverwysing: 7P/7.2.5/P-FA